

**DIE INVLOED VAN 'N HISTORIESE ONTWIKKELINGSPATROON OP
HEDENDAAGSE WETGEWING EN GRONDHERVORMING: DIE WET
OP LANDELIKE GEBIEDE (WET 9 VAN 1987) EN SY HISTORIESE
PROBLEME**

IGOR BOONZAIER

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister
in Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.



Studieleier: Prof. PH Kapp

Desember 2001

Verklaring:

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

OPSOMMING

Niemand kan die behoefte aan toegang tot grond ontken wat onder swart Suid-Afrikaners heers nie. Nes elders, speel die grondkwessie in Suid-Afrika 'n ewe belangrike rol as ekonomiese en politieke kwessies. Die grondkwessie is egter baie meer emosioneel, met die potensiaal om kragte los te laat wat nadelig op die ekonomie en politiek kan inwerk.

Gedagtig hieraan het die ANC-regering na bewindsaanvaarding in 1994 grondhervorming op die nasionale agenda geplaas deur 'n grondhervormingsprogram van stapel te stuur. Binne die breë raamwerk van die program is onder andere ruimte geskep vir die verlening van toegang tot landbougrond aan voorheen benadeeldes. Dié klem op “nuwe toetreders” tot landbou trek egter 'n mens se aandag af van die feit dat daar ander persone en groeperinge bestaan wat ook deur apartheid benadeel is, maar wat wel 'n mate van toegang tot grond gehad het.

Hiedie studie fokus op die 23 sogenaamde Landelike Gebiede wat oor vier provinsies (Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap en Vrystaat) van die land versprei is, en wat ingevolge die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987, geadministreer word. Weens die oorsigtelike aard van die studie word slegs 'n sinopsis gegee van bydraende faktore wat relevant is tot die spesifieke ontstaansgeskiedenis van elk van die gebiede. Veral van belang hier is die rol wat sendinggenootskappe en andere gespeel het in die totstandkoming van gemeenskappe.

Daar word in hoofsaak gekyk na die manier waarop die Landelike Gebiede met verloop van tyd geadministreer is. Hier word verwys na die relevante wetgewing sedert 1909, met spesifieke verwysing na Wet 9 van 1987. Die belang hiervan lê in

die feit dat die voortbestaan en voortgesette toepassing van die Wet bepaalde grondwetlike implikasies inhou. Daarmee saam die feit dat die Minister van Grondsake, wat verantwoordelik is vir die implementering van die grondhervormingsprogram, die (onwillige) trustee is van die Landelike Gebiede. Benewens die feit dat trusteeskap sterk herinner aan die paternalisme van die verlede, het die nuwe Suid-Afrikaanse werklikheid vereis dat herbesin word oor die voortbestaan van Wet 9.

Die res van die studie bespreek die konsultasieproses van die departement van Grondsake met die betrokke gemeenskappe, en die skryf van wetgewing om Wet 9 te vervang. Die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998 sal Wet 9 vervang wanneer aan sekere vereistes voldoen word. Die Wet het ten doel om trusteeskap te beëindig en te verseker dat die betrokke gemeenskappe seggenskap oor hul grond verkry. Sodoende sal nader beweeg word aan die ideaal van die grondhervormingsproses, naamlik die verskaffing van vrye toegang tot grond aan alle inwoners van die land.

ABSTRACT

Nobody can deny the need which prevails among black South Africans of gaining access to land. In South Africa, just like elsewhere, the land issue plays an equally important role to economic and political issues. However, the land issue is much more emotional, and has the potential to unleash forces which could impact negatively on the economy and the political situation.

Bearing this in mind, the ANC-government placed the issue of land reform on the national agenda after assuming power in 1994. Within the broad framework of the program provision is made for previously disadvantaged people to be given access to agricultural land. However, the focus on new entrants to the agricultural sector diverts the attention somewhat from the fact that there are people and groupings who were also disadvantaged under apartheid, but who have had a degree of access to land.

This study focuses on the 23 so-called Rural Areas which are scattered over four provinces (Western Cape, Northern Cape, Eastern Cape and the Free State) and which are administered in terms of the Rural Areas Act, Act 9 of 1987. Since the study is no more than an overview, a synopsis is given of contributing factors which relate to the origins of each of the areas. Of importance is the role which was played by missionary societies and others in establishing these communities.

The main focus of the study is the manner in which the Rural Areas were administered. Reference is made to relevant legislation since 1909, and specifically to Act 9 of 1987. The importance thereof lies in the fact that the existence and continued application of the Act has particular constitutional implications. Furthermore, the Minister of Land Affairs, who is responsible for the implementation of the land reform program, is the (unwilling) trustee of these

areas. Apart from the fact that trusteeship recalls paternalism of years gone by, the South African reality also necessitated reflection on the existence of Act 9.

The rest of the study discusses the consultation process undertaken by the department of Land Affairs with the communities concerned, and the writing of legislation to replace Act 9. The Transformation of Certain Rural Areas Act, Act 94 of 1998, will replace Act 9 when certain conditions mentioned therein, have been met. The Act will end trusteeship and ensure that the communities receive ownership of their land. This will be a movement towards the ideal of the land reform process of giving access to land to all inhabitants of the country.

VOORWOORD

Onder die woord “landelik” identifiseer die meeste van ons met die definisie wat in die **Verklarende Afrikaanse Woordeboek** verskyn, nl. “dit wat tot die platteland behoort”. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie definisie onvoldoende omdat dit nie ten volle verduidelik wat met landelike gebiede bedoel word nie.

Wanneer in hierdie stuk na die landelike gebiede verwys word, word bedoel die 23 dorpie, elk met ‘n plattelandse karakter, maar wat deur spesifieke wetgewing gereguleer word, en daardeur anders is as gewone plattelandse dorpe. In die skripsie word sporadies verwys na Wupperthal, Elim, Clarkson, Goedverwacht, Wittewater, Tesselaarsdal en die Buys-gronde, maar dié nedersettings maak nie deel uit van die fokus van die studie nie omdat hulle nooit ingevolge die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987, geadministreer was nie.

Hierdie studie van die landelike gebiede was bedoel om heel anders te wees. Trouens, die leeswerk wat ek aanvanklik onderneem het, het ten doel gehad om my te help om my dagtaak beter uit te voer. As onder andere koördineerder van die Departement van Grondsake se poging om transformasie van die landelike gebiede in die Wes-Kaap teweeg te bring, moes ek myself vergewis van die kwelvrae rondom dié dorpie. Dit het gaandeweg uitgebrei tot ‘n intense belangstelling in die onderliggende spanning wat in elke landelike gebied aanwesig is. Die besluit om dit as onderwerp vir die skripsie te gebruik, spruit uit ‘n bewuswording dat die veranderinge in die landelike gebiede maar ‘n onderdeel is van die breër transformasieproses wat in Suid-Afrika aan die gang is.

Ek stel hierdie studie nie voor as die alfa en die omega van die diskoers oor die landelike gebiede nie - dit sou gewoon belaglik wees. Ek wil dit egter voorhou as ‘n eerlike poging om te fokus op die landelike gebiede se omgang met die reg, en die manier(e) waarop die verskillende regerings daarin geslaag het om hul wense op die inwoners van die gebiede af te dwing.

Dit was dus nodig om terug te keer na die vroegste tye, en om stelselmatig na die hede terug te werk. Ek het probeer om oor sekere aspekte slegs die nodigste inligting te verstrek. Vir die

onigeligte leser kan sommige verwysings dus vaag en onvoldoende voorkom. Daar is egter deurgaans gepoog om nie in onbenullighede verstrengel te raak nie. Ek hoop ek was ten minste daarmee suksesvol.

Omdat so baie aspekte inmekaar verweef is (veral na die totstandkoming van die driekamerparlement), was dit nie moontlik om altyd 'n streng chronologie te volg nie. Ek glo egter dat binne die konteks van die studie die belangrikste en mees relevante momente in die geskiedenis van die landelike gebiede iewers in die teks neerslag gevind het.

Baie mense het daartoe bygedra dat ek uiteindelik die skripsie voltooi het - sommige met so min as 'n sydelingse opmerking van ondersteuning. 'n Paar verdien egter spesiale vermelding:

- Michelle, vir haar grenslose ondersteuning, veral toe die afhandeling hiervan erg by my gespoek het.
- My ouers, vir volgehoue aanmoediging en ondersteuning, al was dit soms in die vorm van "...wanneer maak jy nou 'n slag klaar?..."
- My studieleier, prof. Pieter Kapp, vir sy geduld en leiding, wat gehelp het om aan 'n vormlose gebrabbel struktuur te gee.
- Ben Schoeman, vir die "misbruik" van sy dokumente en geskrifte oor die landelike gebiede.

Die CSD het in die eerste jaar van studie vir hierdie graad 'n beurs beskikbaar gestel. Die organisasie kan egter geensins verantwoordelik gehou word vir opinies en gevolgtrekkings wat in die skripsie verwoord word nie. Enige feitefoute en/of foutiewe afleidings wat in die teks verskyn is my eie maaksel, en ek aanvaar volle verantwoordelikheid daarvoor.

INHOUD

BLADSY

Opsomming	i
Voorwoord	v

HOOFTUK 1: DIE ONTSTAAN VAN DIE KLEURLING LANDELIKE GEBIEDE

1.1	Ligging	1
1.2	Landbou en klimaat	1
1.2.1	Droë streek	2
1.2.2	Vogtige streek	2
1.2.3	Mediterreens	2
1.2.4	Klein Karoo	3
1.2.5	Sommerreënvalstreek	3
1.3	Die koms van die sendelinge, en die vestiging van sendingstasies en reservate	3
1.4	Onderweg na vryheid	14
1.5	Die sending en grondverkryging	20
1.6	Landelike gebiede wat nie as gevolg van sendingaktiwiteite tot stand gekom het nie	22

INHOUD

BLADSY

**HOOFSTUK 2: ONTWIKKELINGE MET BETREKKING TOT
GRONDBESIT**

2.1	Die geskiedenis van grondbesit in die landelike gebiede	23
2.2	Administrasie en wetlike onderbou	29
2.2.1	Die Wet op Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 29 van 1909	29
2.2.2	Die Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 24 van 1963	31
2.2.3	Die Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 1 van 1979	35
2.2.4	Die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987	35

HOOFSTUK 3: POLITIEKE REGTE TOT 1984

3.1	Agtergrond	38
3.1.1	Die Driekamerparlement	42

**HOOFSTUK 4: DIE BESTUUR VAN DIE LANDELIKE GEBIEDE INGEVOLGE
WET 9 VAN 1987**

4.1	Agtergrond tot die aanvaarding van Wet 9 van 1987	44
4.1.1	Die Raad van Verteenwoordigers se benadering tot landbou in die landelike gebiede	47

INHOUD	BLADSY
4.1.2 Die Raad van Verteenwoordigers se benadering tot bestuur in die landelike gebiede	49
4.2 Die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987 as beleidstuk	52
4.3 Die Wet op Landelike Gebiede in die praktyk: die verskil tussen die formele-en informele situasie	55
HOOFSTUK 5: IMPLIKASIES VAN DIE NUWE POLITIEKE BEDELING NA 27 APRIL 1994 TEN OPSIGTE VAN GRONDBESIT	
5.1 Die landelike gebiede en grondhervorming	58
5.2 Transformasie van die landelike gebiede	60
5.3 Die implikasies van die nuwe regeringstelsel vir Wet 9 van 1987	66
5.4 Moontlikhede en probleme van die nuwe grondbesitbeleid vir die landelike kleurlinggebiede	72
5.4.1 Van Oorgangsrade na Munisipaliteite	74
5.4.2 Grondeise	75
5.4.3 Huurkontrakte	75
SLOT	77
BRONNELYS	80

INHOUD

BLADSY

AANHANGSELS

Aanhangsel 1: Opsomming van die Landelike Gebiede	86
Aanhangsel 2: 1995 Plaaslike Verkiesings	87
Aanhangsel 3: Landelike Gebiede Grond: Noord-Kaap	88
Aanhangsel 4: Landelike Gebiede Grond: Wes-Kaap	95
Aanhangsel 5: Landelike Gebiede Grond: Oos-Kaap	98
Aanhangsel 6: Landelike Gebiede Grond: Vrystaat	99

Hoofstuk 1: Die ontstaan van die Kleurling landelike gebiede

1.1 Ligging

Die landelike gebiede bestaan uit 23 dorpieë regoor die land en is versprei oor die provinsies Wes-Kaap, Noord-Kaap, Oos-Kaap en die Vrystaat.¹ Gegewe dat hulle ook bekend gestaan het as die Kleurlingreservate, is dit dus vanselfsprekend dat die inwoners Kleurlinge is. So, ten spyte daarvan dat die 23 dorpieë deel uitmaak van die groter Suid-Afrika, gaan dit gepaard met eksklusiwiteit ten opsigte van wie daar mag woon en op regte aanspraak mag maak. Sien meegaande kaart vir 'n visuele voorstelling van die Landelike Gebiede.



1.2 Landbou en Klimaat

Gegewe die ligging van die landelike gebiede, en daarmee saam ook hul ontstaansgeskiedenis, is dit nie verbasend dat landbou so 'n integrale deel van die inwoners se bestaan uitmaak nie.

Alle landelike gebiede het 'n geskiedenis van veeboerdery, wat sover terug strek as die tydperk toe die Namas die Wes-Kaap bewandel en bewei het. Die Namas was trekboere wat semi-nomadies geleef het, met geen vaste of permanente verblyf nie. Die koms van die sendelinge het egter tot gevolg gehad dat die magte van die stamhoofde mettertyd oorgegaan het na die sendelinge. Dit het die effek gehad dat die Namas al meer aan die kerk en tot 'n bepaalde gebied, die sendingstasie, verbind is. In die 20ste eeu het die boerderypraktyke op die sendingstasies sodanig omvorm dat dit begin lei het tot die afkamping van wegebied. Dit was die voorloper van huidige patrone waar landbougrond in eenhede of kampe verdeel is. 'n Ander tendens wat eintlik net voortgesit is, was die bepaling dat slegs manlike lede van die bevolking

¹ **Wes-Kaap:** Pniël, Saron, Ebenhaeser, Rietpoort, Friemersheim, Slangrivier, Kranshoek, Suurbraak, Mamre, Haarlem, Zoar en Genadendal. **Noord-Kaap:** Mier, Pella, Richtersveld, Steinkopf, Concordia, Komaggas, Leliefontein en Eksteenskuil. **Oos-Kaap:** Enon. **Vrystaat:** Thaba Patchoa en Oppermansgronde.

'Rural Areas' in South Afr



weiregte kon bekom.² Sodoende is die eeue-oue stereotipering bekragtig dat vroue geen rol te speel het in landbou-aangeleenthede nie.

Die feit dat die landelike gebiede verspreid oor die land voorkom, veroorsaak dat hulle in verskillende reënvalstreke val, wat weer beduidende implikasies vir die tipe landbou-aktiwiteite inhou wat daar bedryf kan word. Weens ligging en reënval word die gebiede gekategoriseer as droog, vogtig, mediterreens, Klein-Karoo en somer reënvalstreke.³

1.2.1 Droë streek

Met 'n oppervlak van 1.64 miljoen hektaar, maak dié streek die grootste deel van die landelike gebiede uit. Tien van die landelike gebiede, naamlik Mier, Richtersveld, Steinkopf, Concordia, Komaggas, Pella, Leliefontein, Rietpoort, Eksteenskuil en Ebenhaeser val binne hierdie streek, en is, met die uitsondering van Ebenhaeser en Rietpoort wat in die Wes-Kaap geleë is, almal in die Noord-Kaap.⁴ Met 'n baie lae gemiddelde jaarlikse reënval is die vernaamste landbou-aktiwiteit wat hier voorkom dus veeboerdery.

1.2.2 Vogtige streek

Vyf landelike gebiede (Suurbraak, Slangrivier, Friemersheim, Kranshoek en Enon) val binne dié streek. Hiervan is Enon in die Oos-Kaap geleë. Veeboerdery vind in hierdie gebiede plaas, maar is ondergeskik aan die verbouing van groente, vrugte en graan.⁵

1.2.3 Mediterreens

Die gebiede Pniel, Genadendal, Mamre en Saron val binne hierdie kategorie. Gemengde boerdery kom voor, maar veeboerdery is ondergeskik aan die verbouing

² Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: David Catling: The Rural Areas, pp.45-46.

³ Ibid., p.30.

⁴ Ibid.

⁵ Ibid., p.52.

van sagtevrugte en groente. Landbou-aktiwiteit in hierdie gebiede het skynbaar in so 'n mate agteruitgegaan dat swak graanproduksie aan die orde van die dag is. Dit hang ten nouste saam met die feit dat sommige huurders hul grond aan blanke boere onderverhuur. In Pniel, waar geen meentgrond meer bestaan nie, vind die verbouing van groente hoofsaaklik in inwoners se tuine plaas.⁶

1.2.4 Klein Karoo

Die gebiede Zoar en Haarlem is in dié streek geleë. Alhoewel gemengde boerdery ook hier voorkom, is die streek by uitstek geskik vir die aanhou van skape en volstruise, sowel as die verbouing van sagtevrugte, lusern en graan. Varke en pluimvee word ook in klein getalle aangehou.⁷

1.2.5 Somerreëvalstreek

Die Oppermansgronde en Thaba Patchoa in die Vrystaat val binne dié streek, en is die enigste twee wat die afgelope dertig jaar geen noemenswaardige agteruitgang getoon het nie. Bees- en skaapboerdery, tesame met die verbouing van mielies, sonneblomme, sorghum en koring, word hier effektief beoefen.⁸

1.3 Die koms van die sendelinge, en die vestiging van sendingstasies/reservate

Die Landelike Gebiede soos dit vandag bekend is, sit met 'n geskiedenis wat diep gewortel is in die kerkgenootskappe wat oor die jare sendingwerk onder die inheemse bevolking kom doen het. Dat die Kerk (sewe verskillende genootskappe) 'n groot bydrae gelewer het tot die ordening van 'n samelewing, en die verskaffing van struktuur blyk duidelik uit die feit dat 17 van die 23 landelike gebiede hul beslag gekry het deur die werksaamhede van sendelinge.

⁶ Ibid.

⁷ Ibid., p. 53.

⁸ Ibid.

Om tot groter insig te kom ten opsigte van die landelike gebiede is dit van belang om kortliks na die rol van sendelinge te verwys. Daar sal gepoog word om aan te toon hoedat die sendelinge 'n tweeledige funksie probeer vervul het, naamlik evangelisasie en opleiding. Behalwe hierdie funksies het sommige sendelinge ook bekendheid verwerf vir die lewering van sosiale kommentaar op regerings- en samelewingspraktyke.

Die eerste sendingaksie aan die Kaap is deur niemand anders nie as Jan van Riebeeck onderneem. Omdat een van die doelstellings met die vestiging van 'n verversingspos die verkondiging van die Evangelie onder die heidense volke was, het hy in 1658 probeer om die evangelie te verkondig onder die slawe aan die Kaap. Hierdie bekeringsideaal is nooit werklik verwesenlik nie, en was die somtotaal van nie-blankes se blootstelling aan God's Woord, die onderrig wat slawe in die slawelosie ontvang het. Die verflouing van bogenoemde ideaal het baie te doen gehad met die opvatting onder baie koloniste dat bekeerde, gedoopte slawe vrygestel sou moes word. Grootse skakel slawevrystelling sou die werkverrigting aan die Kaap knou, omdat dit tot 'n tekort aan gewillige arbeid(ers) kon lei. Ook is die verkondiging van die Woord aan Khoikhoi nooit ernstig deur die Kompanjie oorweeg nie omdat die predikante aan die Kaap, wat die Evangelie aan koloniste en slawe bedien het, van mening was dat die Khoikhoi nie vatbaar was daarvoor nie. Dié veronderstelling het dus gelei tot 'n gebrek aan belangstelling in die geestelike bearbeiding van die inheemse bevolking.⁹

Dit was egter die Morawiese Sendinggenootskap wat ten tyde van 'n wêreldwye opbloeï in sendingaktiwiteit 'n omwenteling gebring het in die manier waarop daar met die slawe en Khoikhoi aan die Kaap omgegaan is. Die koms van Georg Schmidt in 1737 het die sendingfokus vir die eerste keer wyer as die grense van die Kaapse Skiereiland verplaas, met die vestiging van 'n sendingstasie by Baviaanskloof (huidige Genadendal).¹⁰

Aanvanklik het die sendelinge (Morawiërs) die steun van die Kaapse owerhede geniet, en het die plaaslike veldkornet as beskermheer oor hulle opgetree. Die goeie werk wat

⁹ H.J. van Aswegen: *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, p. 157.

¹⁰ J. du Plessis: *A History of Christian Missions in South Africa*, pp. 52-59.

deur die sendelinge gedoen is, het spoedig daartoe gelei dat die inboorlinge, waarvan baie grondloos was, by die sendingstasie 'n heenkome kom soek het. Die sendelinge het egter teenkating van die plaaslike boerebevolking gekry omdat die boere bang was dat die sendelinge hul arbeidsbron van hulle sou vervreem. Volgens Marais was 'n ander bron van onmin tussen die boere en die sendelinge die feit dat die sendelinge onderrig oor 'n wye spektrum verskaf het aan slawe en ander inheemse persone, terwyl hul (die boere) eie kinders grotendeels ongeletterd was. Omdat die inwoners van die sendingstasies heel dikwels tot die Christendom bekeer is, was hulle ook op daardie vlak die boere se gelyke. Aangesien die persepsie bestaan het dat Christene blank was, was die bekering van nie-blankes vir die plaaslike boeregemeenskap 'n steen des aanstoots. 'n Sterk anti-sendelinggevoel het derhalwe mettertyd in die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet opgebou, wat gedreig het om oor te kook - in so 'n mate dat die boere gedreig het om die sendingstasie te sluit.¹¹

Schmidt het uiteindelik die kolonie verlaat nadat onmin tussen hom en die gereformeerde Kaapse predikante ontstaan het oor die doop van die inheemse bevolking - hy was nie 'n geordende predikant nie en mog dus nie die sakramente bedien nie. Ten spyte daarvan dat hy met die toestemming van die VOC sendingwerk gedoen het, het bogenoemde predikante te velde getrek teen die feit dat die VOC bereid was om een van sy eie wette te verontagsaam. Dié wet het naamlik bepaal dat die Gereformeerde Kerk die enigste erkende kerk in die kolonie was.

Schmidt het in 1743 na Nederland vertrek om die kritiek teen sy werksaamhede voor die Here XVII te beantwoord. Alhoewel hy vasbeslote was om terug te keer, is hy deur die Here XVII verbied. Sodoende is die sendingaksie aan die Kaap tydelik beëindig en sou dit eers bykans 50 jaar later hervat word.¹²

Die oorgangstydperk vanaf Hollandse na Britse bewind is gekenmerk deur die begin van groter sendelingbetrokkenheid aan die Kaap. Die groter sendingaksie het saamgegaan met die opbloei in sendingywer regoor Europa, wat in reaksie was op die bloedige oorloë wat regoor die kontinent plaasgevind het. Dit het daartoe gelei dat

¹¹ J.S. Marais: *The Cape Coloured People*, pp. 137-139.

¹² *Ibid.*, p.135. Sien ook Isaac Balie: *Die Geskiedenis van Genadendal 1738-1938*, pp.19-21.

heelparty Christelike organisasies ontstaan het met 'n bepaalde sendingbeskouing.¹³ So is die Londense Sendinggenootskap op 4 November 1794 gestig wat gerig was op die wêreldwye evangelisasie van die heidene. 'n Uitvloeisel hiervan was die stigting van die Nederlandse Sendinggenootskap deur dr Van der Kemp.¹⁴

In 1795 het sendingaktiwiteite bestaan uit die pas herstigte Morawiese nedersetting te Baviaanskloof en die verkondiging van die Woord deur sekere koloniste aan slawe en diensknegte. In die daaropvolgende twee dekades is sendingbedrywighede aan die Kaap aansienlik uitgebrei, met eers die Londense Sendinggenootskap (LSG) wat in 1799 met sy werksaamhede in Afrika begin het. In 1803 is sy eerste permanente nedersetting te Bethelsdorp aan die Oosgrens gestig, wat onder leiding van dr Van der Kemp as brandpunt gedien het van sendingprotes teen die regeringsbeleid teenoor die Khoikhoi en die Xhosa. Ander sendelinge van die LSG - Britte, Duitsers en Hollanders - het oorkant die Noordgrens gearbei en ook nedersettings in die kolonie gestig te Zuurbraak (1812), Hoogekraal (1813) en Theopolis (1814).

Die effek van die hernieude sendingywer het Kaapse koloniste angevuur om met behulp van Van der Kemp en J.J. Kicherer op 22 April 1799 die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap te stig. As gevolg van afskeidings het afsonderlike sendinggenootskappe later te Stellenbosch en Paarl tot stand gekom. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap 'n wye reeks sendingaktiwiteite ondersteun het binne die koloniale grense, het dit nooit enige nedersettings gevestig nie.¹⁵

Onder die Morawiese sendelinge het Baviaanskloof (in 1805 tot Genadendal herdoop) tot die grootste sendinginrigting in die kolonie gegroei. Die werk wat by Genadendal verrig is, het so 'n indruk op die koloniale owerheid gemaak dat dié sy ongekwalifiseerde steun geniet het - in so 'n mate dat goewerneur Caledon die Morawiërs genooi het om in 1808 nog 'n sendingstasie te vestig. Vir hierdie doel is die

¹³ J. van der Merwe: **Missionary Attitudes**, p. 73. ; Sien ook Richard Lovett: **History of the London Missionary Society 1795-1895**, p.3.

¹⁴ Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 19-20.

¹⁵ William M. Freund: Die Kaap onder tussentydse regering, 1795-1814, in Hermann Gilliomee en Richard Elphick (red.), **'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820**, p.241.

staatsplase Groene Kloof, Cruywagens Kraal en Louws Kloof aan die sendelinge gegee. roene Kloof (hedendaags Mamre), wat ten tyde van sy oorname deur die sendelinge nog 'n militêre pos was, is hierna tot sendingstasie omvorm. Dit dien vermeld te word dat 'n bykomende rede vir die uitnodiging om 'n sendingstasie by Groene Kloof te vestig, te make het met die snelle verspreiding van die Islam geloof - goewerneur Caledon het gehoop om deur die vestiging van die sendingstasie die gety van Islamitisering te keer.¹⁶

Dit is opgevolg met soortgelyke nedersettings te Elim, Enon en Goedverwacht. Teen 1815 was daar meer as 2 500 Khoikhoi en ander volgelingen op die sendingstasies woonagtig, terwyl duisende diensknegte en slawe wat nie daar gebly het nie, ook met die sendelinge en hul volgelingen in aanraking gekom het.¹⁷

Die patroon wat in Genadendal ontstaan het, sou die rigtingwyser wees vir menige ander sendingstasies. So het elke huis sy eie tuin gehad, terwyl daar ook 'n aansienlike stuk landbougrond eenkant gehou is vir gemeenskaplike gebruik. Die klem het by die Morawiërs nie soseer op die verkondiging van die Evangelie geval nie. Inteendeel, die sendelinge (soos Georg Schmidt) het heel dikwels nie die tradisionele teologiese agtergrond gehad nie, en was eerder mense met meer praktiese ingesteldhede wat aan die inheemse bevolkings sekere vaardighede kon oordra. Daarbenewens het hulle ook die rolle van beskermers en raadgewers vervul.¹⁸

In soverre hulle nuwe gemeenskappe geskep het, was die sendelinge vir die koloniale werkgewers 'n bedreiging, aangesien hul arbeiders na die stasie kon wegloop en in die sendelinge pleitbesorgers vir hul griewe kon vind. Ondanks die algemene siening, dat Christene hulle moes beywer vir die bekering van die heidene, was daar baie teëstand onder die boere teen die sendingstasies. Bowendien het ook die regering, in sy toenemende begeerte om die steun van die boere te wen, met die sendelinge gebots. Aan die ander kant het die regering, sowel as die boere, besef dat dit voordelig vir die

¹⁶ J.S. Marais: **The Cape Coloured People**, p.140 en pp.172-173.

¹⁷ **Ibid.**, p.140.; A.B. Nichol: *The Physical, Administrative and Socio-Economic Development of Mamre*, p.9.

¹⁸ D. Japha (red.): **Mission Settlements in South Africa**, p.16.; Sien ook P.S. de Jongh: *Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh*, pp.14-15.

kolonie sou wees indien die sendingstasies kon bydra tot die stabiliteit van die sosiale orde. As gevolg van hierdie dubbelslagtige houding is periodes van samewerking tussen regering en sendelinge met periodes van botsing afgewissel.

Die sendinggenootskappe het onderling verskil in hul politieke opvattinge en die manier waarop hul beskouing van die sosiale orde aan die regering van die dag oorgedra is. Die Morawiërs was nie ongevoelig teenoor die probleme van die Khoikhoi nie en het hulle groot gramskap van die plaaslike boere op die hals gehaal gedurende die eerste dekade van hul werksaamhede nadat hulle in 1792 na die Kaap teruggekeer het. Hulle het egter 'n tradisie van berusting teenoor die sekulêre mag en 'n outoritêre, paternalistiese houding teenoor hul gekleurde volgelinge gehad wat dit vir hulle moontlik gemaak het om hulle met die begrensing van die Kaapse samelewing en regeringsbeleid te vereenselwig. H.R. van Lier, die Kaapse predikant wat die plaaslike sendingbeweging geïnspireer het, en sy invloedryke kollega M.C. Vos, het van die standpunt uitgegaan dat die sendelinge se betrokkenheid beperk was tot net die geestelike lewe en dat hulle nie moes inmeng in die sosiale omstandighede van die slawe vir wie hulle gepreek het nie.¹⁹ Selfs onder die sendelinge van die LSG was die meeste, soos J.J. Kicherer of die Brit William Anderson, nie mense wat die sosiale orde gekritiseer het nie.²⁰

In teenstelling hiermee het Van der Kemp en Read erg beswaar gemaak daarteen dat hul volgelinge opgeroep word vir openbare dienste soos onbetaalde werk op paaie. Hulle het die reg voorbehou om te preek vir wie hul wou en hulle verset teen die opdwing van kontraktuele verpligtinge onder dwang of valse voorwendsels. Van der Kemp het die saak van die Khoikhoi aan die Oosgrens bepleit en slawerny sterk teëgestaan. Van der Kemp se teëstand teen die arbeidstelsel van die Kaap is verder gevoer deur dr. Phillip. Dit het 'n tradisie van kritiek geskep wat tot in die twintigste eeu sou bly voortleef.

¹⁹ Elizabeth Ludlow is fel in haar kritiek wanneer sy sê dat die Morawiese sendelinge ten alle koste die Staat tevrede wou stel uit vrees dat hulle hul grond kon verloor, al was dit ook ten koste van die inheemse bevolking. Sien E. Ludlow: *Missions and Emancipation in the South Western Cape*, p.22.

²⁰ Wiliam M. Freund: *Die Kaap onder tussentydse regering, 1795-1814*, in Hermann Gilliomee en Richard Elphick (red.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820*, p. 242.

Aanvanklik was die amptenare van die eerste Britse besetting ten gunste van die sendelinge in die hoop dat hulle as doeltreffende tussengangers tussen die blankes, die Xhosa en die opstandige Khoikhoi sou dien. Dit het inderdaad gebeur: Van der Kemp het 'n groot rol in hierdie verband gespeel. Hoewel geen werklike konfrontasie tussen hom en die owerhede voor 1803 plaasgevind het nie, het steun aan Van der Kemp teen die einde van die periode afgeneem omdat hy meer vyandiggesind geword het teenoor die arbeidstelsel in die oostelike distrikte. Terselfdertyd het die netjiese Morawiese nedersetting Genadendal, wat groter samewerking met die owerhede getoon het, amptelike goedkeuring verkry.²¹

Die Bataviërs het soortgelyke verwagtinge gehad dat die sendelinge hulle sou steun in hul pogings om stabiliteit te bewerkstellig. Hulle het kort na hul aankoms Bethelsdorp aan Van der Kemp geskenk, maar het spoedig teen die sendelinge gedraai. Deels was dit vanweë hul wantroue in die LSG se bande met Brittanje, en deels vanweë die vyandigheid van die gevestigde Gereformeerde predikante teen die opwekkingsprediking van die sendelinge. Die belangrikste rede was egter dat hulle ontevrede was oor die sendelinge se weerstand teen hul arbeidsbeleid. Van der Kemp is gedwing om Bethelsdorp te verlaat en in 1805 het goewerneur Jansens gehoop om alle sendingaktiwiteite - ook dié van die koloniste - geheel en al te ondergrawe. Die Morawiërs het egter nie in onguns by die regering gekom nie.²² Die spanning tussen die Britse bewindhebbers en die sendingstasies het na 1806 voortgeduur. Die vyandige verhouding tussen kol. Jacob Glen Cuyler, die Landdros van Uitenhage, en Van der Kemp het daartoe gelei dat die sendelinge van Bethelsdorp oor die hoof van die Kaapse regering gegaan het en hulle tot invloedryke persone in Brittanje gewend het om hulp in hul poging om regverdiger behandeling vir hul volgelinge te bekom. 'n Uitvloeisel van hul veldtog was dat die Kaapse regering die Rondgaande Howe ingestel het; die sogenaamde Swart Omgang van 1812 het baie van die aangeklaagde koloniste vrygespreek, maar die gebeure was ook 'n bewys van die potensiële invloed van die sendelinge op koloniale aangeleenthede. Die Swart Omgang het geensins die

²¹ *Ibid.*

²² *Ibid.*

betrekkinge tussen die sendelinge en die regering verbeter nie - inteeendeel, dit het baie gedoen om die boere verder van sendelinge te vervreem.²³

Betrekkinge het ook versleg omdat die regering gedurende die tweede Britse besetting die sendelinge daarvan verdink het dat hulle gedroste slawe en diensknegte gehuisves het. Dan was Cradock en lord Somerset ook teen die Groene Kloofsending gekant omdat hulle dit self as 'n plattelandse woning wou hê.²⁴

Te midde van die gespanne verhouding het Britse regeringsamptenare al hoe meer die waarde van die sendingstasies as gevestigde nedersettings ingesien waarvandaan die Khoikhoi kon uitgaan om vir die boere te werk. Hulle het ook hul waarde besef as plekke waar gegriefde diensknegte hul harte kon gaan uitstort en gepaai kon word, en was bereid om dit toe te laat solank die sendelinge nie openlik die regering uitgedaag het nie. Regeringsprioriteite het algaande 'n bepalende faktor by die beplanning van nuwe sendingstasies geword. Groene Kloof is in 1808 deur die Morawiërs gestig op die uitnodiging van graaf Caledon ten spyte van die teëstand van Hans Klamputs, 'n onafhanklike kaptein en veteraan van die Hottentot-korps op wie se kraalgrond die stasie opgerig is. Zuurbraak en Hoogekraal is ook gestig op die persele van sommige van die laaste oorblywende onafhanklike krale in die kolonie. Ver al met Hoogekraal was die regering se bedoeling dat dit as 'n arbeidsbron vir boere in 'n armoedige streek moes dien. Theopolis is naby die Oosgrens gestig om die kolonie te beveilig op 'n strategiese punt waar blanke boere voorheen te bang was om hulle te vestig. Teen 1815 het die sendingstasies egter nog die aanvalle op hulle oorleef. In weerwil van 'n mate van onderlinge spanning, het hulle en die koloniale regering met mekaar versoen geraak.²⁵

Die sendingstasies en die sendingbeweging het 'n diepgaande invloed op die Khoikhoi-samelewing gehad. Tussen 1795 en 1815 het duisende Christene geword. In dié tydperk het die bekeerlinge te Bethelsdorp van 'n klein begin talryk geword, terwyl die meeste inwoners van Genadendal, die oudste sendingstasie, teen 1815 reeds

²³ *Ibid.*, p.243.

²⁴ J.S. Marais: *The Cape Coloured People 1652-1937*, p.140.

²⁵ *Ibid.*

gedoop was. Daarbenewens het die sending ook gepoog om die Khoikhoi te verwesters. Diegene wat hulle tot die Christendom bekeer het, was te onderskei van die heidene ten opsigte van kleredrag en gebruike. Dit sou beteken dat inwoners van die nedersettings hul tradisionele gebruike moes afleer en die Westerse manier van doen aanleer. Iemand wat “suksesvol” die Westerse beskawing aangeneem het, sou ten opsigte van kleredrag, geloof en gebruike verskil van diegene wat nog meer tradisioneel van aard was. Die belang hiervan kan gesien word in die feit dat die sendelinge selfs onderskeid getref het tussen die boustyle van wonings van gelowige en ongelowige inwoners. Selfs die boustyle van wonings van Christene het verskil van dié van heidene.²⁶

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat bekering ook geïmpliseer het dat die tradisionele kultuur van die Khoikhoi afgelê moes word - in so ‘n mate dat dit mettertyd verdwyn het. William Burchell se reisbeskrywing, wat in die 1820's gepubliseer is, beskryf bekeerde Khoikhoi wat geweier het om sebravleis te eet. Hy was oortuig daarvan dat hulle hierin deur Europeërs beïnvloed was. Sommige van die bekeerlinge het op die “Hottentotte” neergesien. Burchell het ook volwasse Khoikhoi (nie Basters nie) in die Graaff-Reinet-distrik opgemerk wat geen ander taal as Hollands kon praat nie. Hierdie nuwe klas, wat neergesien het op sy “Hottentot”-oorsprong, sou later as Kaapse Kleurlinge bekend staan. Namate die laaste Khoikhoi-krale deur sendingstasies vervang of opgebreek is, het die oorblyfsels van die Khoikhoi se politieke en kulturele onafhanklikheid verdwyn.²⁷

Die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (SAG) het in die eerste plek onder slawe en vryswartes gewerk. Hulle werk het floreer, maar op ‘n kleiner skaal as die sendingnedersettings. Die regering het die SAG ondersteun deels uit vrees vir die uitbreiding van die Islam. Al meer slawe en vryswartes is in die Gereformeerde en Lutherse kerke gedoop en hul bekering het die aanvaarding van die dominante Europese kultuur van die kolonie vergemaklik.

²⁶ D. Japha (red.): *Mission Settlements in South Africa*, p.26.

²⁷ *Ibid.*

Die bekering van die slawe en die diensknegte tot die Europeërs se godsdienst en lewenswyse het nie aan hulle 'n hoër status besorg nie. Die pogings van Van der Kemp en Read om mishandeling van arbeiders te bekamp, was nie baie effektief nie. Nie een van die sendingstasies in die kolonie was groot genoeg of produktief genoeg om die inwoners veel van 'n bestaan te besorg nie. Genadendal was redelik vrugbaar, maar klein. Die Morawiërs het gemeenskapsarbeid onder toesig van die sendelinge verkies, wat enige inisiatief van die bewoners ontmoedig het. Die grond was ook nie geskik vir veeboerdery nie. Bethelsdorp was nog armer:beeste en skape kon net in goeie jare floreer, terwyl akkerbou onmoontlik was. Gewoonlik moes die volwasse manlike bevolking van die sendingstasies hulle en hul gesinne onderhou deur by die koloniale boere in diens te tree. Die sensus van 1 April 1813 meld dat net 94 uit die 608 inwoners te Bethelsdorp volwasse mans was. Die vernaamste alternatief was geleë in die beoefening van ambagte of 'n ander soort onderneming. Op Genadendal het die Khoikhoi messe van uitstekende gehalte gemaak wat oral in die kolonie gebruik is, maar hierdie onderneming was geheel en al onder sendingtoesig. Bethelsdorp, sy minder aantreklike voorkoms ten spyte, was 'n baie meer aktiewe sentrum van ambagsmanne en transportryers, veral na die vestiging van 'n groot garnisoen in die nabygeleë Fort Frederick.²⁸

Wat nuut was in die sendingbeweging was dat dit as spoorslag van Khoisan-assimilasie gedien het. Veral Van der Kemp het verdere uitdrukking aan geartikuleerde protes deur die Khoikhoi gegee. Terselfdertyd het sendingwerk ook proteste gedemp. Die sendelinge was nie in staat om die aard van arbeidsverhoudings aan die Kaap te verander nie, maar het voorkom dat ontevredenheid in opstand oorgaan deurdat hulle die bitter pil van sosiale onderhorigheid vir die Khoikhoi versoet het. Beskut teen die harde werklikheid kon die Khoikhoi op die stasies in huislike vrede lewe, terwyl hulle terselfdertyd, die kultuurgoedere van die heersende Europees gedomineerde samelewing verwerf het.²⁹

²⁸ William M. Freund: Die Kaap onder tussentydse regering, 1795-1814, in Hermann Gilliomee en Richard Elphick, **'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820**, pp.241-245.

²⁹ **Ibid.** Freund huldig 'n interessante mening, nl. "...Op klein en kru skaal was die Khoikhoi van die sendingstasies besig om die "tuisland"-bestaan van miljoene swartes in die geïndustrialiseerde Suid-Afrika van die toekoms vooruit te loop..." Die stelling is egter 'n oorvereenvoudiging van 'n meer komplekse vraagstuk.

Omdat die sendinggenootskappe in wese soveel verskil het ten opsigte van werkwyse, is dit goed om kortliks te kyk na die breë vestigingswerk wat deur hulle onderneem is. In die voorafgaande is hoofsaaklik gekyk na die werk wat deur die Morawiese sendelinge gedoen is - derhalwe word nie nou weer daarna verwys nie.

i. Die Londense Sendinggenootskap (LSG): Die genootskap (die eerste Britse Sendinggenootskap in Suid-Afrika) het in 1799 sy werksaamhede in Suid-Afrika begin. Nadat samewerking met die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap verkry is, het die vestiging van sendingstasies onder andere by Komaggas, Pella en Steinkopf (al drie in Namakwaland), sowel as Suurbraak en Zoar (Suid-Kaap) begin. Die LSG het, anders as die Morawiërs, geen ag geslaan op die vestiging van modelgemeenskappe nie, maar het eerder gefokus op die bekering van hul teikengroep.³⁰

ii. Wesleyaanse Sendinggenootskap: Die Metodistekerk is gedurende die sendingoplewing in Europa gestig. Weens die erns waarmee hulle hul sendinggroeping opgeneem het, is die **Wesleyaanse Sendinggenootskap** gestig. Die eerste sendingekspedisie buite die grense van die Kaapse Skiereiland het gelei tot die vestiging van die Leliefontein sendingstasie in 1816 deur Barnabas Shaw. In 1854 is die sogenaamde "Tickets of Occupation" aan hulle toegeken, nadat hulle by die owerhede gekla het dat die trekboere hul grond periodiek bewei.³¹

iii. Die Rooms-Katolieke Kerk: Die Rooms-Katolieke Kerk het alreeds in 1820 met sy sendingaksie in Suid-Afrika begin, maar het in vergelyking met die ander Kerkgenootskappe relatief laat aktief beheer van 'n nedersetting oorgeneem. So is Pella eers in 1869 deur die Rooms-Katolieke by die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem. In 1913 het die Katolieke die sendingstasie Rietpoort begin.³²

iv. Die Rynse Sendinggenootskap: Dié genootskap het met sy toetrede tot die Suid-Afrikaanse terrein in 1829 die werkwyse van die Morawiërs gevolg. Aanvanklik was die teikengroep dié wat in Wes-en Noordwes-Kaap woonagtig was. Later (in 1840) het

³⁰ D. Japha (red.): **Mission Settlements in South Africa**, p.16.

³¹ **Ibid.**

³² Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: D. Catling: **The Rural Areas**, pp.8-9.

die fokus ook na Namakwaland uitgebrei. Hulle het naamlik sendingstasies in die Richtersveld, Concordia, Ebenhaeser en Saron gestig. Later is Steinkopf, Komaggas en Pella by die Londense Sendinggenootskap oorgeneem. Ook Mier (wat in 1885 tot stand gekom het) is deur die Rynse Sendinggenootskap gestig.

v. Die Berlyse Sendinggenootskap: Dié genootskap se rol tot die vestiging van landelike gebiede was die nedersetting Haarlem (voorheen bekend as Anhalt-Schmidtdorp), en ook die oornam van Zoar (by die Londense Sendinggenootskap).

vi. Die Nederduits-Gereformeerde Kerk: Die Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk se bydrae tot die bediening van die evangelie aan die inheemse bevolking was weens die streng beheer wat deur die owerhede in Holland en die Kaap toegepas is, tot 1847 baie beperk. In 1847 is staatsbeheer oor die kerk beëindig, wat tot gevolg gehad het dat sendingaksies baie meer uitgebreid geword het. Die Sinodebesluit van 1857 het voorsiening gemaak vir die stigting van 'n NG Kerk vir nie-blankes. Die stigting van die Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk in 1881 het gelei tot 'n oplewing van sendingwerk binne die NGKerk. Die Sendingkerk het nou begin funksioneer hoofsaaklik in gebiede waar ander kerkgenootskappe alreeds hul werk beëindig het. So is 14 gemeentes by die Rynse Sendinggenootskap oorgeneem, waaronder Concordia, Ebenhaeser, Komaggas, Saron en Steinkopf. In 1889 het die Sendingkerk 'n sendingstasie by Friemersheim gestig.³³

1.4 Onderweg na vryheid

Die onderskeid tussen sendingstasies en sendingnedersettings is belangrik. Sendingstasies het 'n evangelisasie-aksie in die platteland veronderstel waar nie noodwendig permanente verblyf verskaf word nie. Aan die ander kant het 'n sendingnedersetting geïmpliseer dat langtermynverblyf en die gepaardgaande handhawing en uitbouing van 'n gemeenskap daar gestel word. Sendingnedersettings het weens sy wyer aard 'n verskeidenheid van sosiale dienste verskaf wat gewissel het van opvoeding en opleiding tot gesondheidsorg en sosiale organisasie. Die sendinggenootskappe het vir die verskaffing van sodanige dienste ingestaan.

³³ Ibid.

Sendingnedersettings het gepoog om twee dinge te bereik, naamlik om meer mense daarheen te lok en om ekonomies onafhanklik te wees. Ekonomiese aktiwiteite was dus belangrik en weens die landelike ligging was landbou die vernaamste ekonomiese aktiwiteit.³⁴

Die mate waarin dié nedersettings kon groei, het dikwels afgehang van die mate van koloniale uitbreiding wat al plaasgevind het. In die periode 1795-1806 het verskeie veranderinge plaasgevind wat daarop gemik was om die Khoikhoi al meer onder direkte koloniale beheer te plaas. Een van die probleemareas vir beide Khoikhoi en die boere was ten opsigte van die arbeidsituasie. Alhoewel die Kaapse owerheid die Khoikhoi as vry beskou het en hul grondaansprake as eerste inwoners erken het, het die arbeidsituasie dikwels die Khoikhoi se verlaagde status gereflekteer. Weens die feit dat arbeidsooreenkomste mondeling geskied het, het dit ruimte gelaat vir misverstande en uitbuiting. Die gedurige beweging (trek) van mense binne en buite die grense van die Kaap het die afdwing van mondelinge kontrakte verder bemoeilik. Om struwelinge wat as gevolg hiervan periodiek tussen werker (Khoikhoi) en werkgewer (boer) voorgekom het, uit te skakel, het die owerheid weer tot die arbeidsarena toegetree. Daar is dus bepaal dat arbeidskontrakte vanaf 1 Mei 1803 formele, geskrewe ooreenkomste moes wees. As derde party sou die owerheid toesien dat beide partye tot die kontrak hul woord gestand doen. Nie alleen was dit 'n direkte inmenging in die arbeidsituasie nie, maar dit het 'n bepaalde verantwoordelikheid op die owerheid geplaas om die bepalinge van die kontrakte, waartoe regeringsamptenare getuies was, ten uitvoer te bring. Omdat die owerheid nie die implikasies hiervan voorsien het nie, was hy nie in staat om dit in die praktyk te laat slaag nie. Daarvoor was die gebied wat hy moes administreer te groot en die vyandiggesindheid van die boere oor die wetgewing het glad nie gehelp om die administratiewe laste te verminder nie. Daarmee saam was die wesenlike probleem van die afdwing van geskrewe kontrakte op die grootliks ongeletterde Khoikhoi, wat die regsimplikasies daarvan sekerlik nie begryp het nie. Die feit dat veldkornette beide regeringsamptenare en boere was, het 'n (potensiële) botsing van belange geskep omdat hulle kon nalaat om die Khoikhoi aangaande hul regte te lig. Die owerheid se goedbedoelde poging het dus misluk

³⁴ D. Japha (red.): *Mission Settlements in South Africa*, p.35.

omdat hy nie kennis geneem het van die spesifieke behoefte(s) en beperkinge van die hoofpartye (werker en werkgewer) nie, en nog minder van sy eie vermoë om die verpligting wat hy oor homself gebring het, na te kom.

Met die Khoikhoi wat alreeds grotendeels grondloos was, en met blanke uitbreiding wat gedreig het om hulle van hul laaste grond te ontnem, het die koloniale owerheid besef dat die beperkte Khoikhoi-grond beskerm moes word. Derhalwe is aan die landdroste en veldkornette opdrag gegee om nie meer leningsplase aan blanke boere toe te ken in die gebiede waar Khoikhoi-nedersettings was nie. In 1805 het die owerheid so ver gegaan om 'n opname te maak van sulke nedersettings in 'n poging om te keer dat verdere onteienings plaasvind. Dit het egter min of geen effek gehad nie en die gronde van dié groep het steeds kleiner geword. Dit het natuurlik die probleem van loslopery en misdaad vererger, alhoewel dit ook die arbeiderspoel waaruit boere kon kies, aansienlik vergroot het. Van Aswegen meld dat sporadiese konflik tussen Khoikhoi-groepe en blanke trekboere in die noordweste van die Kaapkolonie voorgekom het as resultaat van die skynbaar onblusbare uitbreidingsdrang van die trekboere.³⁵

Teen 1806 was die Khoikhoi egter steeds vry en nie aan koloniale wette onderhewig nie. Voorts het hulle geen belasting betaal nie en kon hulle vryelik deur die kolonie beweeg. Gegewe bogenoemde situasie het hulle óf geswerf, óf op plase vir blanke boere gewerk. Ander het op sendingnedersettings gewoon. Die nedersettings het 'n verdere toeloop van mense ondervind met die uitvaardiging van die Hottentot-proklamasie van 1809. Dié proklamasie, wat in November 1809 uitgevaardig is, was 'n poging van die Britse koloniale owerheid om die Khoikhoi se verhouding met en posisie binne die Kaapse samelewing te definieer. Die wet het drie oogmerke gehad: om die Khoikhoi koloniale onderdane te maak, om hulle te verplig om by blankes op plase te werk en om deur die dienskontrakstelsel hul regte as arbeiders te vestig.³⁶ Om 'n vaste adres te bekom, het Khoikhoi hulle dikwels tot sendingstasies gewend waar hulle op die guns van die sendelinge kon staatmaak.

³⁵ H.J. van Aswegen: **Die Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854**, pp.172-173. Sien ook Hermann Giliomee: *Die Oosgrens, 1770-1812*, in Hermann Giliomee en Richard Elphick (red.), **'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820**, pp.338-341.

³⁶ *Ibid.*, pp.208-209.

Die wet het implikasies vir beide die Khoikhoi en die blankes ingehou. Ten eerste is die Khoikhoi nou finaal ingeperk deurdat hulle onderhewig gemaak is aan koloniale wette. Aan die ander kant het hulle ook sekere regte ontvang as koloniale burgers en onderdane. Die wet het ook 'n mate van gelykheid voor die reg gebring, omdat die arbeider en sy werkgewer sekere gedefinieerde regte en verantwoordelikhede bekom het wat hulle in die oë van die gereg gelyk gestel het. Van belang was egter die feit dat die Khoikhoi nie eiendom kon besit nie. Vir die boere is die arbeidsprobleem deur die Hottentotte-wet opgelos, alhoewel hulle ongelukkig was oor die beginsel van gelykstelling voor die reg.³⁷

'n Verdere belangrike verwikkeling was die aanvaarding van Ordonnansie 49 in 1828. Hiervolgens is swartmense toegelaat om vryelik die kolonie binne te kom om daar werk te soek. Dit is gedoen in 'n poging om die onbeheerste, onwettige invloed van swartes te beëindig. Swartes is nou toegelaat om hulle in (slegs) sekere distrikte as arbeiders te vestig en het passe ontvang as bewys van hul "wettige status". Diegene wat nie deur boere in diens geneem is nie en dus geen passe gehad het nie (die sogenaamde rondlopers), is uit die Kaap gedeporteer omdat geglo is dat hul teenwoordigheid misdaad aangewakker het. Persone wat wel oor die nodige dokumentasie beskik het, het ook die keuse gehad om hulle by sendingstasies te vestig. Die uiteinde was dat groot getalle swartmense die Kaap binnegekom het, wat weer sy eie kwota administratiewe probleme veroorsaak het. Die boere het egter nie veel gekla nie omdat die arbeiderspoel waaruit hulle kon kies nou veel groter was as voorheen.³⁸ Die misdaad wat voortgespruit het uit die groot getalle swartmense wat die gebied binnegestroom het, was egter 'n groot probleem.

In dieselfde jaar is ook Ordonnansie 50 aanvaar wat die status van die Khoikhoi verander het. Waar die Hottentotproklamasie van 1809 die Khoikhoi wetlik verplig het om 'n vaste werk en adres te hê, is daar nou heeltemal met dié vereiste weggedoen. Hulle was nou vry om sonder enige beperkings binne die kolonie te beweeg en kon besluit óf en waar hulle wou werk. Oor die kwessie van Hottentot-grondbesit was die

³⁷ *Ibid.*, p.210.

³⁸ *Ibid.*, p.216.

Ordonnansie baie spesifiek. Dit het bepaal dat hulle en ander vry gekleurdes grond mag besit en selfonderhoudend kon wees. Diegene wat egter verkies het om vir blanke boere te werk, het steeds beskerming geniet ingevolge die 1809-wetgewing.

Alhoewel Hottentotte deur die Ordonnansie die reg tot grondbesit verkry het, was dit in die praktyk nie so eenvoudig nie en was daar 'n hele paar struikelblokke in hul pad. Volgens J.C. Visagie kon 'n voornemende grondeienaar op drie maniere grond bekom, naamlik deur dit te erf, te koop, of deur dit as skenking van 'n persoon of die regering te ontvang. Om grond van die regering te bekom, moes 'n persoon aansoek doen om 'n spesifieke stuk kroongrond. Dit het veronderstel dat hy moes weet watter kroongrond nog onbeset was. Omdat Hottentotte voor 1828 nie bewegingsvryheid geniet het nie, was dit vir hulle moeilik (tot op die punt van onmoontlik) om skielik grond aan te dui waarin hulle belanggestel het. Die ander probleem waarmee hulle te kampe gehad het, was die feit dat kroongrond slegs toegeken is aan diegene wat oor die finansiële en landboukundige middele beskik het om dit winsgewend te bewerk. Daarmee saam het die regering in 1829 besluit dat grondaansoekers 'n bedrag geld vir die inspeksie en opmeet van die grond vooruit moes betaal. Slegs enkeles kon egter dié geld bymekaarskraap, wat beteken het dat die meeste Hottentotte grondloos gebly het.³⁹

Hierdie nuutgevonde vryheid het dus min beteken vir diegene wat nie vir blankes wou werk nie. Grondloos, werkloos, en met geen vooruitsig om 'n ordentlike, onafhanklike bestaan te voer nie, het baie van hulle swerwers geword wat hulleself deur diefstal aan die lewe gehou het. Ander het die kolonie verlaat, óf hulle tot sendingstasies gewend.⁴⁰

In 'n poging om die stygende misdadigheid aan bande te lê, het die regering in 1829 grond beskikbaar gestel (die sogenaamde Katrivier-nedersetting) waar vrygestelde Khoikhoi en ander gekleurdes kon gaan woon en as kleinboere 'n bestaan kon probeer maak. Aanvanklik het 250 gesinne hulle daar gevestig, maar die getalle het teen 1849 tot omtrent 6000 siele verhoog.⁴¹

³⁹ J.C. Visagie: *Die Katrivier-nedersetting 1829-1839*, pp.27-30.

⁴⁰ H.J. van Aswegen: *Die Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854*, pp.211-212.

⁴¹ M.Wilson & L. Thompson: *A History of South Africa to 1870*, p.248. Hulle verskil van J.C. Visagie, wat op p.75 van sy proefskrif beraam dat die aanvanklike aantal gesinne 243 was. Sien voetnoot 38.

Die vrystelling van slawe in 1834 het veroorsaak dat daar skielik 'n menigte Kleurlinge was wat nie noodwendig op enige plek tuis gehoor het nie, maar wat êrens geakkommodeer moes word. Met die verloop van tyd het sommige hulle by die Katriviernedersetting gevestig, terwyl ander in die Griekwaland-Oos-area gaan boer het, of sommer net op staatsgrond geplak het. Sowat 1600 vrygestelde slawe het hulself egter tussen 1835 en 1864 tot die sendingstasies van die Morawiese en Rynse sendelinge gewend.⁴² Maar die tradisionele rol van die sendingstasies is onherroeplik deur die slawevrystelling verander omdat dit nie langer die plek van heenkome was vir 'n slaaf wat verplig was om as kneg by blanke boere te werk nie. Die sendingstasies sou nou eerder dien as tuiste vir persone wat sekere vaardighede wou aanleer en sodoende ook verblyf kon bekom, òf vir persone wat vir hulself 'n tuiste by die sendelinge en die "nuwe" kultuur wou vind.

Net soos die geval was in 1828, het diegene wat onwillig was om te werk, of om by sendingstasies te woon, hulle spoedig tot diefstal en plundering gewend om aan die lewe te bly. Alhoewel daar by verskeie geleenthede stemme opgegaan het om wette teen rondlopery in te stel, is dit deur veral die filantropie aan die Kaap, onder leiding van dr. John Philip, teengestaan. In 1834 het die Kaapse Wetgewende Raad 'n ordonnansie aanvaar wat rondlopery *per se* strafbaar gemaak het. Die "Colonial Office" het egter dié wet afgekeur, wat die Kaapse regering in die praktyk magteloos gelaat het om die groeiende probleem aan te spreek. Teen 1838 het veediefstal as verskynsel kritieke afmetings aangeneem en het goewerneur Napier tot die besef gekom dat drastiese maatreëls nodig was om die gety te keer. Hoofregter Sir John Wylde, wat sy siening gedeel het, het met die bestaande middele tot sy beskikking radikaal opgetree. Hy het naamlik in 1839 die doodsvonnis opgelê aan 9 nie-blankes (onder wie 8 Hottentotte) wat aan veediefstal skuldig bevind is. Dit het 'n duidelike sein gestuur dat wetteloosheid nie geduld sou word nie. Sonder daadwerklike ondersteuning van die "Colonial Office" het rondlopery en gepaardgaande misdaad egter nog vir etlike jare voortgeduur.⁴³

⁴² J.S. Marais: *The Cape Coloured People*, pp.191-192.

⁴³ *Ibid.*, pp.181-183.

1.5 Die sending en grondverkryging

Omdat sendelinge sentraal staan in hierdie studie bring dit 'n mens terug na die vraag oor hoe sendinggenootskappe grond bekom het met die oog op sielebearbeiding vanuit 'n permanente basis. Die antwoord is heel gewoon dat dit op een van drie maniere gebeur het, naamlik grond deur die koloniale administrasie geskenk (byvoorbeeld Mamre), toestemming deur stamhoofde aan sendelinge om in die stamgebiede te vestig en grond te beset (Namakwaland), en deur die plasing van grond in trust by sendinggenootskappe (Eksteenskuil).⁴⁴

Verskillende tipes grondregte is deur sendelinge verkry tot die grond wat deur hulle ge-okkupeer is:

i. Individuele titel: Dit het slegs voorgekom by sendingstasies wat buite die invloedssfeer van die koloniale owerheid geval het. Die betrokke sendinggenootskap het self die grond gekoop en het direk eienaarskap daarvoor bekom. In die Wes-Kaap het die Morawiese Sendinggenootskap so grond bekom en die Elim-sendingstasie gevestig.⁴⁵

In die Z.A.R. en Vrystaatse Republiek kon swartes nie grond besit nie en is hulle grond deur die Naturelle Lokasie Kommissaris in trust gehou. Derhalwe het die inboorlinge die sendelinge gebruik om die grond namens hulle terug te koop. Grond wat deur die Naturelle Lokasie Kommissaris in trust gehou is, het na 1910 onder die beheer gekom van die minister van Naturellesake.⁴⁶

ii. Grondtoekennings(Land Grants): Dit het slegs in Natal en die Kaap voorgekom. Grond is deur 'n sendinggenootskap in trust gehou totdat dit later aan 'n ander owerheid oorgedra is. In die Kaap is 'n onderskeid getref tussen die grondtoekennings en die sogenaamde "Tickets of Occupation". In eersgenoemde geval is grond opgemeet, teenoor slegs die gedeeltelike opmeting van die ander.

⁴⁴ D. Japha (red.): *Mission Settlements in South Africa*, p.35.

⁴⁵ Aangehaal uit voetnota 7 in J.S. Marais: *The Cape Coloured People*, p.140.

⁴⁶ D. Japha (red.): *Mission Settlements in South Africa*, p.36.

In Natal het grondtoekenning verskil van die Kaap in dié opsig dat dit ingepas het by 'n raamwerk van bestaande reservate vir Swartes wat tussen 1846 en 1864 deur Shepstone gevestig is. Teen 1864 het 21 sendingreservate alreeds die lig gesien. Die reservate was nie die sendinggenootskappe se eiendom nie, maar is deur onderskeidelik die Natal Native Trust en die Mission Reserves Trust beheer. Benewens sielebearbeiding is die sendelinge se betrokkenheid by die grond beperk tot die invordering van die huur wat deur die inwoners betaalbaar was.⁴⁷

Van die grond wat oorspronklik, soos bo vermeld, toegeken is, is mettertyd geprivatiseer omdat die sendelinge nie langer die finansiële las wat dit meegebring het, wou dra nie. Die Londense Sendinggenootskap het derhalwe teen 1873 wetgewing (die sogenaamde **Act to Provide for the Granting of Title in Freehold to the Inhabitants of Certain Missionary Institutions and the Better Management of Such Institutions**) geïnisieer wat aan sendinggenootskappe die reg gegee het om eiendomsreg van grond aan individue oor te dra. Grond is dienooreenkomstig aan individue by sekere sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap oorgedra, waaronder Zuurbraak, Pacaltsdorp, Dysselsdorp, Bethelsdorp, Hankey en Kruisfontein. Die Staat het vir die opmeting en kartering van die grond betaal en het as beperkende voorwaarde gestel dat die grond vir 'n tydperk van 10 jaar nie weer verkoop mag word nie.⁴⁸

In die daaropvolgende jare het die Staat gaandeweg nog wetgewing geproklameer wat die rol en mag van die sendinggenootskappe weggekalwe het, sodat hy (die Staat) totale beheer oor die landelike gebiede verkry het. Die proses geniet in hoofstuk 2 aandag.

⁴⁷ Ibid., p.38.

⁴⁸ Ibid.

1.6 Landelike Gebiede wat nie as gevolg van sendelingaktiwiteite tot stand gekom het nie

Soos reeds vermeld het nie alle landelike gebiede dieselfde sendingoorsprong nie. Van die 23 bestaande landelike gebiede het slegs die onderstaande vyf nie 'n sendingoorsprong nie:

- i. **Slangrivier:** Piet Hoogbaard en 19 volgelinge het in 1835 dié grond ontvang vir diens gelewer aan die Britse regering tydens die Sesde Grensoorlog.
- ii. **Oppermansgronde:** Die gronde was die eiendom van Abram Opperman wat na bewering uit die Cradock-distrik gevlug het om die kloue van slawerny te ontwyk. Hy het die grond van Adam Kok gekoop en dit later aan sy kleinseun Frederick bemaak wat in 1907 gelas het dat die grond in Trust gehou word vir sy nageslag, waarvan die meeste Griekwas was.
- iii. **Eksteenskuil:** Dit was aanvanklik kroongrond wat in vroeë 1900's aan Kleurlingboere toegeken is.
- iv. **Kranshoek:** Dié grond is in 1957 deur die Suid-Afrikaanse regering aangekoop om aan die Griekwas wat in Kokstad en in die Wes-Kaap deur die regering van die dag van hul grond afgesit is, 'n heenkome te bied.
- v. **Thaba Patchoa:** Die oorspronklik bewoners (afstammelingen van ene Carolus Baadjies) van Thaba Patchoa was vanaf Platberg naby Ladybrand afkomstig. Dié grond is tydens die apartheidsjare deur die Staat gekoop om voorsiening te maak vir hul hervestiging. Drie addisionele plase, wat die eiendom was van Tswana-gesinne, is later onteien en tot die nedersetting gevoeg.⁴⁹

⁴⁹Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: D. Catling: The Rural Areas, p.10. Mondelinge getuienis oor die ontstaan van Thaba Patchoa en die Oppermansgronde ingewin deur Peter Brislin, Waarnemende Provinsiale Direkteur: Departement van Grondsake, Vrystaat, en aan die skrywer oorgedra. n Grondeis is ingevolge die Wet op Restitusie, Wet 22 van 1994, ingedien om die plase wat by Thaba Patchoa ingelyf is, aan die nasate van die vorige eienaars terug te besorg.

Hoofstuk 2: Ontwikkelinge met betrekking tot grondbesit

2.1 Geskiedenis van grondbesit in die landelike gebiede

Die meeste inwoners van landelike gebiede se herkoms spruit uit 'n bloedvermenging tussen Khoikhoi, San en Basters en staan vandag alom bekend as Kleurlinge. Dit was egter as lede van bogenoemde drie groeperinge dat hul voorouers die eerste maal blankes teengekom het. Die vroegste standhoudende kontak met blankes was met sendelinge en later (teen die middel 1750's) met trekboere. Die trekboere het later van die inheemse bevolking grond bekom, deels deur verowering en deels deur wettige transaksies. Weens die oorfloed van grond het die Khoikhoi nie omgee om die trekboere as bure te hê nie. Hulle het ook nie altyd besef dat die boere die grond nie met hulle wou deel nie, maar wou besit. Die pokke-epidemie van 1713, wat deur blankes gebring is, het duisende Khoikhoi se dood veroorsaak en het die begin van die einde beteken vir die Khoikhoi. Dié situasie is vererger deur die toestroming van trekboere met superieure wapens wat hul grond met geweld kom afneem het. Teen 1800 was die Khoikhoi verslaan en feitlik grondloos. Vir baie Khoikhoi in die hedendaagse Wes-en Suid-Kaap was die sendingnedersettings hul enigste heenkome.

Benewens die aksies van trekboere, het die optrede van die Britse koloniale regering ook bygedra tot die Khoikhoi se posisie as grondloses. Die koloniale regering het in 1798 die Buffelsrivier as grens van die Kaapkolonie vasgestel. In 1847 is die gebied vanaf die Buffelsrivier tot by die Oranjerivier deur Brittanje geannekseer nadat mineraalneerslae daar gevind is. Die regering het nou van die grond as kroongrond aan blanke trekboere toegeken. Sodoende het die inboorlinge toegang tot hul tradisionele gronde verloor.

Ten Noorde van die Oranjerivier het die Griekwa-opperhoofde tussen die 1830s en 1870s 'n opdraande stryd teen hul eie onderdane gevoer wat so maklik hul grond aan blankes verkoop het. Blanke boere het Griekwa-grond baie maklik bekom deur dit te ruil vir gebruiksartikels, vuurwapens en drank. T.R.H Davenport is van mening dat hierdie tendens verhoed kon word indien kommunale besit, in plaas van privaatbesit,

nog deel van die Griekwakultuur was. Sodoende sou die Griekwagronde en gepaardgaande invloedssfeer dalk nie so gekwyn het nie.⁵⁰

In Namakwaland en die Suid-Kaap het die inheemse bevolking besef dat die behoud van hul grond (of wat daarvan oor was) afhanklik was aan die mate waarin hulle met sendinggenootskappe kon saamwerk. Gevolglik het hulle sendelinge genooi om sendingstasies op stamgrond te vestig. Hierdie aksies is deur die koloniale regering aangemoedig omdat hy gehoop het dat dit 'n stabiliserende uitwerking sou hê op die inheemse groepe, sowel as dat dit 'n meer konstante arbeidsmag aan die omliggende plase sou verseker.⁵¹

Die toetrede van die sendinggenootskappe het vir die Khoikhoi en die slawe weliswaar voordele ingehou, maar dit het ook 'n nuwe dimensie gebring tot die begrippe eienaarskap van en toegang tot grond.

Alhoewel toegang tot grond nie 'n probleem *per se* was nie, het die kwessie van eienaarskap periodiek kop uitgesteek. Die inwoners van landelike gebiede het toegang tot grond gehad (die tipes grond word elders beskryf), maar dit was nie eienaarskap nie. Die feit dat sendinggenootskappe sedert die vroegste tye verwag het dat inwoners huur betaal, het die gedagte by sommige nasate laat ontstaan dat dié huurgeld nie *ad infinitum* betaal kon word nie, en dat eienaarskap van die grond op een of ander stadium na hulle moes oorgaan.

In Pniël, waar die grond onder die beskerming van die Apostoliese Unie en later die Skotse Presbiteriaanse Kerk geplaas is, het erfhouers maandeliks huur betaal met die verstandhouding dat wanneer 'n bedrag van £18 betaal is, die erf vry sou wees van enige verdere huurgeld of verpligting van enige aard. In 1905 het die erfhouers tydens 'n protesvergadering aangevoer dat bogenoemde bedrag alreeds deur hul voorouers betaal is en dat die grond die huidige bewoners s'n was om na goeë dunnke mee te handel. Die saak is in 1911 op die spits gedryf met 'n hofsak, waarin regter Hopley se uitspraak was dat "...Afgesien van al hierdie regte het die Kleurlinge tog huurders

⁵⁰ T.R.H. Davenport, *South Africa. A modern history*, p.103.

⁵¹ D. Catling: *The Rural Areas*, pp.7-10.

gebly onder beheer van hulle aan wie die eiendom behoort het, 'n reg wat die *de facto* Raad vir hom toegeëien het..."⁵² Dat daar by inwoners van landelike gebiede 'n definitiewe hunkering na eiendomsreg was, kan dus nie betwyfel word nie.

In April 1944 het beheer van die landelike gebiede vanaf die Departement van Naturellesake oorgegaan na die Departement van Volkswelsyn. Om homself van toestande in die gebiede onder sy beheer te vergewis, het die sekretaris van die Departement van Welsyn 'n toer na die gebiede onderneem. Sy gevolgtrekking was dat die ideale wat in die 1909-wetgewing vir die gebiede gekoester is, nie verwesenlik is nie. Die verslag meld naamlik dat die Kleurlinge van die landelike gebiede nog nie genoegsame vordering gemaak het om hul eie sake te beheer nie. Omdat daar (volgens hom) nog 'n mate van beheer oor hulle uitgeoefen moes word, is derhalwe nie afgesien van die beherende funksie van die Departement nie. Die kwessie van wie in toesighoudende kapasiteit moes optree, was egter problematies omdat die magistrate aan wie hierdie funksie toegeken is, gekla het dat hulle nie daarvoor tyd kry nie. Om "doeltreffende" beheer te verseker, is blanke amptenare van die Departement van Welsyn dus getaak met die funksie om die voorsitterstoel van die beheerliggame in die landelike gebiede oor te neem.⁵³

In 1947 het die regering 'n komitee aangestel om die stand van sake te ondersoek op die sendingstasies, reservate en nedersettings. Die komitee se opdrag was om ondersoek in te stel na:

- die toepassing van Wet 29 van 1909 op die landelike gebiede;
- die effektiwiteit van die bestuursrade, en of effektiewe bestuur bestaan het;
- die algemene welsyns- en gesondheidstoestande in die gebiede; en die wenslikheid om bestaande wetgewing te wysig of te vervang.⁵⁴

⁵² Interdepartementele Komiteeverslag oor sake rakende Kleurlingsendingstasies, Reserwes en Nedersettings, U.G. No. 33-1947, p.37.

⁵³ A.B. Nichol: *The Physical, Administrative and Socio-Economic Development of Mamre*, pp.13-14.

⁵⁴ Interdepartementele Komiteeverslag oor sake rakende Kleurlingsendingstasies-, Reserwes en Nedersettings, U.G. No. 33-1947, pp. 45-48. 'n Uiteensetting van Wet 29 van 1909 volg op p.32.

Die komitee het bevind dat die Kleurlingbevolking in die landelike gebiede grond onder een van die volgende stelsels bewoon of besit het:

- Grond wat deur die regering vir hulle gereserveer is vir okkupasie en bewerking, waar sendelinge as trustees aangestel is.
- Grond wat deur sendelinge vir die bevordering van sendingwerk aangekoop is.
- Grond wat deur privaatpersone aan die staat geskenk is vir sendingwerk. Die grond is dan weer deur die staat aan die relevante instansies oorgedra.
- Grond wat behoort het aan die Naturelle Trust, en wat as Naturelle Lokasies geproklameer is.
- Grond wat deur Kleurlinge gekoop of gehuur is.⁵⁵

Die Komiteeverslag wat in 1947 die lig gesien het, was uiters negatief en het min goeie dinge van die landelike Kleurlinge te sê gehad. Daar word melding gemaak van die sterk sendelingsinvloed wat in die dorpies sigbaar was. Die sendinggenootskappe het meestal oor “Tickets of Occupation” beskik, wat aan hulle die reg verleen het om daar te mag woon en hul geestelike aktiwiteite te bedryf. Hierdie “Tickets of Occupation” was egter ‘n afgewaterde vorm van eiendomsreg vandaar die poging ingevolge die 1909-wetgewing om sendinggenootskappe te oorreed om kaart en transport van hul grond te bekom.⁵⁶

Wat gedurig in gedagte gehou moet word, is die feit dat die Kleurling-inwoners van die landelike gebiede nie eienaarskap gehad het van die grond wat deur hulle bewerk en bewoon is nie. Individue het geen reg op aanspraak op grond gehad nie omdat die owerhede van die veronderstelling uitgegaan het dat grondgebruik kommunaal was, en dat geeneen individuele eienaarskap wou hê nie. Grond is toegeken vir gebruik, aan diegene wat daar regte gehad het. In sy verslag meld die Komitee dat “...die reserwes en baie van die sendingstasies op Kroongrond is wat vir die gebruik van sekere Kleurlinge en hulle nageslag gereserveer is. Die Kleurlinge kan gerus wees dat die Regering nie die grond van hulle sal neem nie, maar aan die anderkant moet hulle goed verstaan dat dit nie eiendomsgrond is nie, en dat mense wat die gronde bewoon nie kan

⁵⁵ Ibid., p.4.

⁵⁶ Ibid., p.5.

praat van eiendomsregte nie en veral nooit sulke gronde kan verkoop nie...”⁵⁷ Alhoewel dit neergekom het op onregverdigte behandeling en bevooroordeeldheid, was dit aanvaarde praktyk en het die Komitee in 1947 op dieselfde manier van doen afgekom. So sterk was die gevoel van gemeenskaplikheid dat die inwoners van Zuurbraak die komitee versoek het om toe te sien dat die status quo behou word. Dit moet egter bygesê word dat dié versoek nie was omdat hulle soseer die beginsel van kommunalisme omarm het ten koste van individuele titel nie, maar omdat die behoud van die status quo sou verseker dat grond nie aan blankes vervreem sou word nie.⁵⁸

Die komitee het bevind dat die landbougrond oor die algemeen baie agteruitgegaan het weens die feit dat verouderde boerderymetodes nog in gebruik was en boere oor min implemente beskik het. In die hoop dat die groter aanliggende stede ‘n beter toekoms sou bied, het baie inwoners daar gaan werk en hul huise en aardse besittings in die landelike gebiede laat agterbly. Hierdie verstedeliking is aangehelp deur die feit dat daar geen noemenswaardige ekonomiese groei in die landelike gebiede was nie. Winkeleienaars was oorwegend blank, óf die winkels is deur die sendinggenootskap(pe) besit. Slegs enkele Kleurlingentrepeneurs het in die landelike gebiede sukses behaal.⁵⁹

Van groot belang was egter die komitee se bevinding oor die inwoners se hantering van “selfbestuur”. Die komitee het naamlik sy teleurstelling uitgespreek met die manier waarop die Bestuursrade die gebiede bestuur het en die mate waarin daar toegelaat is dat die meent agteruitgaan. Die ondersoek het egter aan die lig gebring dat die Bestuursraadslede aanvanklik gepooitjie is deurdat hulle nie werklik die doelstellings van Wet 29 van 1909 begryp het nie en dus nie die omvang van hul magte, pligte en verantwoordelikhede besef het nie.⁶⁰ Dit het daartoe aanleiding gegee dat bestuur ondoeltreffend was. Die feit dat nie alle landelike gebiede onder dieselfde wet, en deur dieselfde staatsdepartement, geadministreer is nie, het verdere verwarring geskep.

⁵⁷ Ibid., p3.

⁵⁸ Ibid., p.6.

⁵⁹ Ibid., pp.7-9.

⁶⁰ Ibid., p.12.

Weens dié ongesonde toedrag van sake het van die gebiede aansoek gedoen om vanaf die toesig van die Departement van Naturellesake oorgeplaas te word na die Departement van Volkswelsyn.

Die komitee het bevind dat ingrypende maatreëls nodig was om die situasie te beredder en het voorgestel dat alle landelike gebiede ingevolge dieselfde wetgewing geadministreer moes word om staatsoptrede meer konsekwent te maak. Omdat elke gebied egter 'n eiesoortige karakter gehad het, is voorgestel dat die regulasies wat met die wetgewing saamgaan, buigsaam moes wees om die eiesoortigheid te weerspieël.⁶¹

Ten opsigte van die verkryging van toegang tot grond het die komitee onderskei tussen twee tipes inwoners, naamlik die grondbewerkers en die huisbesitters. Die grondbewerkers was diegene wat uit landbou-aktiwiteite 'n bestaan gemaak het en wat permanent in die landelike gebiede woonagtig was. Hulle het 'n bou-erf ontvang waarvan hulle eienaarskap bekom het, sowel as die gebruik van 'n landbou-erf. Laasgenoemde het die eiendom van die gemeenskap gebly en is deur die Goewerneur-Generaal vir hulle in trust gehou. Die huisbesitters daarenteen, het slegs 'n bou-erf ontvang omdat hulle die mense was wat in stede gewerk het en die landelike gebied slegs as basis gebruik het. Vir die voorreg om 'n huis te bewoon, moes inwoners belasting betaal met 'n addisionele heffing vir landbougrond. Alhoewel beide kategorieë van inwoners 'n bou-erf ontvang het, is hulle beperk ten opsigte van die vervreemding daarvan. Inwoners kon hul wonings slegs vervreem aan persone wat deur die Bestuursraad en die Departement in beheer goedgekeur is. Daarbenewens kon geen blankes, behalwe sendelinge en hul gesinne, personeel en handelaars daar woon nie, behalwe met die goedkeuring van die relevante Minister na oorlegpleging met die betrokke Bestuursraad.⁶²

Uit die Komiteeverslag van 1947 het vele veranderinge voortgevloei, waaronder die oorname van die landelike gebiede deur die Departement van Kleurlingsake in 1952.

⁶¹ Ibid., p.10.

⁶² Ibid., pp.13, 16 en 19.

Die bedoeling met die totstandkoming van hierdie Departement was om die Kleurlinge op alle terreine tot “selfstandigheid” te lei deur aan hulle toegang te verskaf tot alle nodige middele. Hierdie visie het die ontwikkeling van die landelike gebiede ingesluit. Dit is in die vooruitsig gestel dat dié gebiede uiteindelik in staat sou wees om onafhanklik te wees deurdat dit deur hulself geadministreer sou kon word. Dit het veronderstel dat ‘n stelsel van plaaslike regering ontwikkel sou word wat aan die eiesoortige behoeftes van dié inwoners sou voldoen.⁶³ Dié stelsel sou slegs suksesvol kon wees indien dit deur omvattende wetgewing ondervang is. Die relevante wetgewing word vervolgens bespreek.

2.2 Administrasie en wetlike onderbou

Suid-Afrika se 23 landelike gebiede is oor die jare onderwerp aan ‘n magdom wetgewing wat strek vanaf 1909 tot die hede. Nie minder nie as 27 wette is in hierdie tyd gepromulgeer, wat elk op een of ander manier bygedra het tot die vorming van die dorpies en hul inwoners. Veral die vorme van grondbesit is op groot skaal deur wetgewing beïnvloed. Om die landelike gebiede soos wat hulle nou daaruit sien ten beste te begryp, is dit nodig om die historiese ontwikkelingsgang van die relevante wetgewing na te speur. Van die belangrike wetgewing waaraan aandag geskenk sal word, is Wet 29 van 1909, Wet 24 van 1963, Wet 1 van 1979, Wet 9 van 1987 en Wet 94 van 1998.

2.2.1 Die Wet op Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 29 van 1909

Die landelike gebiede is sedert 1909 vir meer as 50 jaar ingevolge dié wet geadministreer. Gedurende dié tyd is die wet periodiek aangepas om dit in ooreenstemming te bring met heersende landsbeleid. Dit was van toepassing op die reservate in Namakwaland, Leliefontein, Steinkopf, Concordia en Komaggas, sowel as die sendingstasies Zoar, Enon, Goshen en Shiloh.⁶⁴

⁶³ H.F. Verwoerd: Address to Union Council of Coloured Affairs, 7 December 1960, in A.B. Nichol: *The Physical, Administrative and Socio-Economic Development of Mamre*, pp.14-17.

⁶⁴ Interdepartementele Komiteeverslag oor sake rakende Kleurlingsendingstasies, Reserwes en Nedersettings, U.G. No. 33-1947, p.55. Sien ook A.B. Nichol: *The Physical, Administrative and Socio-Economic Development of Mamre*, p.12.

Die hoofdoel van die wet was om 'n einde te bring aan die trusteeskap van sendinggenootskappe ten opsigte van sekere sendingstasies en reservate en om aan die inwoners van die gebiede titelaktes op die grond te verskaf. Ingevolge die wet kon grond opgemeet, onderverdeel en oorgedra word aan die inwoners. 'n Bestuursraad is ingestel om die bestuur en administrasie van die gebiede te behartig. Alhoewel die verskynsel van trusteeskap grotendeels mee weggedoen is, het Artikel 9(1) van die Wet tog voorsiening gemaak daarvoor dat beperkinge geplaas is op die eienaarskap wat aan inwoners gegee is, ten gunste van die koloniale goewerneur. Interessant is die feit dat die Wet glad nie die kwessie van trusteeskap direk aanspreek nie. Trusteeskap, soos dit vandag in die landelike gebiede vergestalt is, het eers ingevolge 'n wetswysiging in 1959 op die voorgrond getree en is gekonsolideer in die *Wet op Behoud van Kleurlinggebiede, Wet 31 van 1961*.⁶⁵

Die 1909-wet tref 'n onderskeid tussen sendingstasies en gemeenskaplike reservate op die basis dat 'n sendingstasie sou wees "...land held by a missionary society or religious body as a grant in trust for the natives or coloured persons in occupation of such land...", terwyl 'n gemeenskaplike reservaat sou wees "...Crown land in the Division of Namaqualand reserved or set apart otherwise than by formal grant for the occupation of native and other communities..."⁶⁶

Die Wet is verskeie kere gewysig, waaronder in 1929, 1949, 1955 en in 1959. Verdere wetgewing met verreikende implikasies vir die landelike gebiede is in 1961 gepromulgeer. Die 1929-wysiging het hoofsaaklik gehandel oor die prosedures vir die hantering van gestorwe boedels. Die *Wet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 12 van 1949*, het die 1909-wet gewysig deurdat dit definisies ingevolge ras daarby ingesluit het. Die *Wysigingswet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 35 van 1955*, het voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n Adviesraad in areas waar geen Bestuursraad bestaan het nie. Dié wet het dan ook aan die betrokke Minister die bevoegdheid gegee om te besluit wanneer 'n Adviesraad in 'n gebied deur 'n Bestuursraad vervang sou word.

⁶⁵ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Historical Development of Areas Administered in terms of Act 9 of 1987: 1909 to present, p.1.

⁶⁶ Die Wet op Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 29 van 1909.

Hierdie wysiging het ook die stemreg vir die verkiesing van 'n Bestuursraad in die gebied tot Kleurlinge beperk. Ingevolge dié wet is Bestuursrade beklee met die bevoegdheid om, onderhewig aan ministeriële goedkeuring, regulasies uit te vaardig rakende die administrasie van die gebiede. Die *Wysigingswet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 32 van 1959*, het die stelsel van trusteeskap teruggebring deurdat die Goewerneur-Generaal ingevolge daarvan by magte was om beheer oor enige staatsgrond te setel in 'n Minister, wat dit vir 'n sekere groep of gemeenskap in trust kon hou. Die wet het ook voorsiening gemaak vir die verklaring van grond tot sogenaamde "betterment areas".⁶⁷

Die promulgasie van die *Wet op Behoud van Kleurlinggebiede, Wet 31 van 1961*, was die grootste enkele poging wat die regering van die dag op daardie tydstip aangewend het om die landelike gebiede in pas te bring met apartheidswetgewing en denke. Dié wetgewing het aan die Goewerneur-Generaal wye magte gegee, waaronder die mag om 'n gebied ingevolge die Groepsgebiedewet te inkorporeer. Hierdie wet het voorsiening gemaak vir die reservering van die landelike gebiede slegs vir Kleurlinge. Die benaming gediskwalifiseerde persoon, wat dui op sodanige persone wat weens hul rasseklassifikasie daarvan weerhou was om in Kleurling-groepsgebiede grond te besit, het ook vir die eerste keer in die wetgewing verskyn. Die wet het ook trusteeskap versterk deurdat beheer oor ingelyfde grond gesetel is in die Minister van Binnelandse Sake, wat dit in trust gehou het vir die geregistreerde Kleurlinginwoners van sodanige gebied. Daarmee saam het gegaan 'n voorwaarde dat sodra 'n Bestuursraad in 'n gebied tot stand gekom het, trusteeskap van bogenoemde grond na dié liggaam sal oorgaan.⁶⁸

2.2.2 Die Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 24 van 1963

Wet 24 van 1963 het die 1909-wetgewing vervang en het die bestaande wetgewing, ingevolge waarvan die landelike gebiede geadministreer is, gekonsolideer. Hiervolgens was die ingelyfde gebiede nog steeds vir die uitsluitlike gebruik van

⁶⁷ Ibid.,p.2. Sien ook Interdepartementele Komiteeverslag oor sake rakende Kleurlingsendingstasies, Reserwes en Nedersettings, U.G. No. 33-1947, p.55.

⁶⁸ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Historical Development of Areas Administered in terms of Act 9 of 1987: 1909 to present, p.2.

Kleurlinge gereserveer. Voorsiening is ook gemaak vir die proklamering van enige gedefinieerde area vir die gebruik en eienaarskap van Kleurlingpersone. Ingevolge hierdie wet het die beheer oor grond gesetel in die Minister van Kleurlingsake "...in trust for the community for division, allotment and disposal by the Minister..." Die Minister kon verder ook die meentgronde oordra aan die Bestuursraad deur middel van endossering van die titelakte.⁶⁹

Voorsiening is ook ingevolge hierdie wetgewing gemaak vir die instelling van Adviesrade in plekke waar geen Bestuursrade bestaan het nie. Die samestelling van die Bestuursrade was soortgelyk aan dié wat ingevolge die 1909-wetgewing gestig is, met 6 persone wat deur die geregistreerde okkupeerders gekies is en 'n verdere 3 wat deur die staat (in die geval van die 1963-wetgewing die Minister van Kleurlingsake) aangewys is. Anders as Adviesrade, wie se uitsluitlike funksie dit was om die Minister van raad te bedien, was die Bestuursrade bekleed met regs persoonlikheid. As sodanig het hulle die funksies van munisipaliteite verrig deurdat hulle gemoeid was met dienslewering (in die vorm van riolering en sanitasie), dorpuitleg en die bevordering van landbou deur die bou van damme en die sink van boorgate. Alhoewel die Bestuursrade oor wye magte beskik het, het die Minister egter volmag gehad om regulasies wat deur dié liggaam gemaak is, te wysig, te herroep of te vervang.⁷⁰

Die wet het verder die Minister volmag gegee om te bepaal wie grond in 'n gebied kon okkupeer. Daarmee saam kon hy opdrag gee dat 'n register van okkupeerders opgestel word, dat planne van die gebied opgetrek word en dat 'n gebied in residensiële gebiede verdeel word. Verder kon hy die meent laat onderverdeel in sogenaamde ekonomiese eenhede.

Een van die sleutelkenmerke van dié wet is die klem wat geplaas is op die beplanning en herbeplanning van 'n landelike gebied. Alhoewel die *Wet op Behoud van Kleurlinggebiede, Wet 31 van 1961*, die verskynsel van "betterment planning" ingelei het, het die 1963-wetgewing dit verder verfyn. Aan die betrokke Minister is wye magte verleen om te bepaal of en in watter mate 'n landelike gebied beplan of

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ Ibid. Sien ook Erika Theron en Marius Swart: *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika*, pp.32-33.

herbeplan moes word. Die Minister was ook gemagtig om bestaande regte te kanselleer en nuwe regte toe te staan. Die mag om bestaande regte te kanselleer, sou uiteindelik verreikende gevolge inhou vir die grondbesitregte van inwoners van landelike gebiede. Die stelsel om grond aan inwoners te verhuur, spruit juis voort uit hierdie periode van onsekerheid. Dié gedeelte in die wet wat handel oor “betterment planning” maak voorsiening vir die toeken van huurregte op proef met die oog op die uiteindelijke toestaan van okkupasieregte.⁷¹

‘n Eienaardige aspek van die 1963-wetgewing is die feit dat dit die landelike gebiede in drie kategorieë verdeel het, naamlik gebiede wat onder Wet 24 van 1963 deur die Departement van Kleurlingsake gadministreer is, staatsgronde onder kontraktuele of ander beheer deur die Departement van Kleurlingsake, en gronde wat nie onder departementele beheer staan nie, naamlik kerkgronde en private gemeenskapsplase.⁷²

‘n Skematiese voorstelling van hoe die gebiede ingedeel is, verskyn op die volgende bladsy.

⁷¹ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Historical Development of Areas Administered in terms of Act 9 of 1987: 1909 to present, p.3.

⁷² Erika Theron en Marius Swart: **Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika**, p.33.

Gebied onder Wet 24	Staatsgronde onder kontraktuele en ander beheer deur die Departement van Kleurlingsake	Kerkgrond en private gemeenskapsplase, d.w.s. gronde nie onder die Departement van Kleurlingsake nie
Genadendal	Eksteenskuil	Clarkson
Enon	Haarlem	Friemersheim
Mamre	Kranshoek	Elim
Pniel	Oppermansgronde	Wittewater
Ebenhaeser	Pella	Goedverwacht
Zoar	Rietfontein	Wupperthal
Steinkopf	Saron	Slangrivier
Concordia		Tesselaarsdal
Komaggas		Buysgronde
Richtersveld		
Thaba Patchoa		
Rietpoort		
Mier		
Suurbraak		
Leliefontein		

Die *Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 24 van 1963* is uiteindelik vervang met die *Wysigingswet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 31 van 1978*, met die uitsondering van Artikel 4, wat handel oor die reservering van grond vir die uitsluitlike okkupasie deur Kleurlinge.⁷³

⁷³ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Historical Development of Areas Administered in terms of Act 9 of 1987: 1909 to present., p.3.

2.2.3 Die Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 1 van 1979

Ingevolge dié wet het beheer oor grond in 'n ingelyfde gebied gesetel in 'n lid van die Verteenwoordigende Kleurlingraad (VKR). Die wet het nie wesenlik verskil van die 1963-wetgewing nie, behalwe dat die benaming Minister vervang is deur die woord Aangewese Persoon.

Die wet is in 1983 gewysig deur die promulgasie van die *Wysigingswet op Kleurling Landelike Gebiede*. Hierdie wysiging het voorsiening gemaak vir die toeken van eksklusiewe gebruiksreg van die meent aan *bona fide* boere, met die oog op die uiteindelijke onderverdeling in losstaande plase.⁷⁴

2.2.4 Die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987

Dié wet kan beskou word as die kulminasie van wetgewende aksies rondom die landelike gebiede en het die bestuur en administrasie van 23 dorpies regoor die land gereël. Die bepalings van die wet stem in baie opsigte ooreen met dié wat in die wetgewing van 1963 en 1979 verskyn en verwys na plaaslike bestuur, grondaangeleenthede, sowel as minerale regte.

Dit het ook die rol van die Bestuursrade as plaaslike owerhede herbevestig. Trusteeskap van die kommunale grond het ingevolge hierdie wetgewing berus by 'n Minister van die Raad van Verteenwoordigers (RVV).⁷⁵

Grondbesittrêelings ingevolge Wet 9 het berus op die onderskeid tussen die twee tipes grond wat in landelike gebiede te onderskei was, naamlik dorpsgrond en meentgrond. Gemeenskappe se reg tot geredelike toegang tot die meent is deur die wetgewing verseker. Daarmee saam het gegaan die verstandhouding dat die meent as gemeenskapsbate beskou is, en derhalwe deur die staat vir die betrokke gemeenskappe in trust gehou sou word. Weens die feit dat inwoners van die landelike gebiede ook nie eienaarskap van hul huise gehad het nie, wou banke uit die aard van die saak nie aan

⁷⁴ Ibid.

⁷⁵ Ibid., p.4.

dié mense verbandlenings toestaan nie.⁷⁶ Wet 9 het egter daarvoor voorsiening gemaak dat mense volwaardige eienaarskap van hul huise kon bekom en sodoende ook toegang tot kapitaal. 'n Belangrike afwyking van vorige wetgewing was in die bepaling dat die Bestuursrade in die toekoms ten volle gekose sou wees, en dat die praktyk van die aanwysing van 'n Bestuursraadslid deur 'n kerkgenootskap, beeindig is.⁷⁷

Voor die ontbinding van die Driekamerparlement is 'n aantal wysigings aan die wet aangebring, ingevolge die *Wysigingswet op Landelike Gebiede, Wet 121 van 1990, die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondmaatreëls, Wet 108 van 1991, en die Wysigingswet op Landelike Gebiede (Raad van Verteenwoordigers), Wet 112 van 1993*. Ingevolge Wet 121 is alle definisies in terme van ras verwyder, terwyl ander wysigings nuwe artikels ingesluit het. Trustgrond in die Wes-Kaap is na Bestuursrade oorgedra ingevolge artikel 20A, 'n wysiging vervat in Wet 112 van 1993. Na die ontbinding van die RVV en die promulgasie van **die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993**, het trusteeskap van die landelike gebiede oorgegaan na die Minister van Grondsake.

Proklamasie R154 van 1994 het gepoog om sekere aspekte van Wet 9 in ooreenstemming te bring met die nuwe grondwetlike bedeling. Dit het spesifiek gefokus op die vraag watter vlak van regering vir sekere aspekte van Wet 9 verantwoordelik was. Verskeie dele van Wet 9 is aan die provinsiale regering oorgedra met die voorwaarde dat die uitoefening van magte in oorleg met die Minister van Grondsake moes geskied. So is die bevoegdhede ingevolge artikels 20 en 44, wat respektiewelik te doen het met die beplanning van 'n gebied en die verhuring van die meent, aan die provinsiale regering oorgedra. Van die onduidelikhede in die wet het gespruit uit die feit dat die Minister waarna in die wet verwys word, óf die Minister van Grondsake óf die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) kon wees, afhangend van die konteks.

⁷⁶ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Landelike Gebiedekomitee Besprekingsdokument, p.35.

⁷⁷ Hansard. Debatte van die Raad van Verteenwoordigers, Vierde Sessie-Agste Parlement, 16-20 Februarie 1987. Kolomme 599.

Van belang vir die huidige is om te weet dat die dag tot dag administrasie van 'n landelike gebied nie meer plaasvind ingevolge Wet 9 nie, maar wel ingevolge Munisipale Ordonnansies. Die implementering van die ***Oorgangswet op Plaaslike Regering, Wet 209 van 1993***, het meegebring dat die LURe sekere toegewings aan die Bestuursrade van landelike gebiede gemaak het deur dié Rade (met die uitsondering van Mamre en Kranshoek) te omvorm tot Plaaslike Oorgangrade.⁷⁸ Die spesifieke bepalings van Wet 9 van 1987 en die toepassing daarvan word in 'n latere hoofstuk bespreek. Ook die huidige posisie van die Oorgangrade word later toegelig.

⁷⁸ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Historical Development of Areas Administered in terms of Act 9 of 1987: 1909 to present., p.4.

Hoofstuk 3: Politieke regte tot 1984

3.1 Agtergrond

Benewens 'n gebrek aan eiendomsreg in die landelike gebiede, het die Kleurlinge in die breë hulself in die politieke woestyn bevind omdat hulle op nasionale vlak geen politieke mag gehad het nie. Dié situasie is eers in 1984 verander met die totstandkoming van die Driekamerparlement en het ook vir die Landelike Gebiede verreikende gevolge ingehou. Om egter te begryp hoe hierdie aspekte verweef is, is dit nodig om kortliks die politieke situasie van die Kleurlingbevolking in oënskou te neem.

Die Kleurlinge - in sy breedste moontlike sin beskou - se verkryging van politieke regte het 'n wye draai geloop. Dit het begin met die verwerwing van bewegingsvryheid in 1828 ingevolge Ordonnansie 50. Daarna het vrystelling in 1834 gevolg. Met die verkryging van verteenwoordigende bestuur deur die Kaapkolonie in 1853 het politieke deelname vir Kleurlinge 'n werklikheid geword deurdat diegene wat daarvoor gekwalifiseer het, kon stem. Al kon Kleurlinge in die Kaap dus tot die parlement verkies word, het die hoë stemregvereistes effektief verseker dat min van hulle selfs kon stem. Teoreties kon hulle ook met die verkryging van verantwoordelike bestuur in 1872 tot die kabinet toegelaat word. Hierdie regte is na Uniewording in 1910 egter stelselmatig weggekalwe, wat uiteindelik gelei het tot die verwydering van Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste in 1956. Die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslyste was vir menige liberale blanke, wat die welstand van dié bevolkingsgroep op die hart gedra het, 'n groot terugslag. Dié stryd om die Kleurlinge op die gesamentlike kieserslyste te hou het egter alreeds in Maart 1951 begin met die indiening van 'n wetsontwerp deur die Minister van Binnelandse Sake. Die wetsontwerp het voorgestel dat die Kleurlinge van die gesamentlike lyste verwyder en op aparte lyste geplaas word. As rede hiervoor is aangevoer dat die Kleurlinge vir die blanke 'n bedreiging ingehou het weens die feit dat hulle nie die Nasionale Party (en dus die apartheidsbeleid) ondersteun het nie, en dus sodoende polities geëlimineer moes word. Nadat die wetsontwerp aanvanklik deur die parlement aanvaar is, het die opposisie die saak eers in die Kaapse Hooggeregshof,

en later in die Appélhof, beveg. Laasgenoemde hof het die *Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, Wet 46 van 1951*, ongeldig verklaar op die basis dat Kleurlingstemreg deur die Zuid-Afrika Wet verskans is. Dié stryd is hierna hervat en het in 1956 gekulmineer in die verwydering van die Kleurlinge van die gesamentlike kieserslyste⁷⁹

Die proses van “ontkiesering” het ten nouste saamgehang met pogings van die regering van die dag om eiesoortige strukture vir Kleurlinge te skep wat die indruk moes laat dat die regering na hulle spesifieke, unieke behoeftes en belange omsien. Dié strukture, wat alreeds onder die Verenigde Party-regering beslag gekry het, het gespruit uit die regering se bekommernis oor die status en posisie van Kleurlinge. In 1937 is ‘n Kommissie van Onderzoek aangestel om die sosiale en ekonomiese posisie van die Kleurlinge te ondersoek en aanbevelings daarvoor te maak. Van die vernaamste aanbevelings was dat die regering oorweging moes skenk aan die skep van spesiale afdelings in staatsdepartemente om na die spesifieke belange van die Kleurlinge om te sien, asook die vestiging van eie woonbuurte en behuisingskemas. Die Departement van Kleurlingsake(CAD) is derhalwe in die lewe geroep om aan die kommissie se aanbevelings uitvoering te probeer gee.

Die reaksie hierop uit Kleurlinggeledere was oorwegend negatief. Die Anti-CAD-beweging onder leiding van Goolam Gool het die voortou geneem om die regeringsinisiatief te kritiseer en steun daarteen te mobiliseer. Die sukses hiervan is duidelik, gesien in die lig van die feit dat dié beweging op die koop toe daarin geslaag het om tradisionele opponente in Kleurlinggeledere (waaronder die Teachers’ League of South Africa en die Train Apartheid Resistance Committee) agter hom te verenig.

Weens die hewige teenstand het die Smuts-regering die situasie probeer beredder deur die CAD in 1943 onder die toesig van die Departement van Welsyn te plaas en dit tot die Adviserende Kleurlingraad te herdoop. Dit het egter geensins die teenstand verminder nie. Inteendeel, die Anti-CAD-beweging is omvorm tot die Anti-Coloured

⁷⁹ B.J. Liebenberg, “Die Republiek van Suid-Afrika 1961-1978” in C.F.J. Muller (red.): *Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, p.488-492.

Advisory Council-Movement, wat die regering opnuut die stryd aangesê het. Die Adviserende Kleurlingraad is weens sy mislukking in 1950 afgeskaf.

Die CAD en sy latere herbenaming het tot groot verdeeldheid onder Kleurlinge gelei. Diegene wat die CAD ondersteun het, is deur die teenstanders daarvan as verraaiers uitgekryt wat bereid was om met die vyand (die regering) saam te werk, eerder as om verenig in opposisie tot die regering te staan. Ten spyte van wye veroordeling van regeringsmaatreëls deur Kleurlinge, het min van die grondvlak-ondersteuners egter by die Anti-CAD-beweging aangesluit en het die beweging hoofsaaklik steun gehad in onderwysgeledere in die stede.⁸⁰ [Die skrywer kon in die loop van hierdie studie nie bepaal watter steun die Anti-CAD-beweging in die landelike gebiede gehad het nie].

Nege jaar het hierna verloop voordat Kleurlinge weer 'n mate van verteenwoordiging sou geniet. Twee instellings, wat in die praktyk weinig sou beteken - die Uniale Raad van Kleurlinge (URK) en die Verteenwoordigende Kleurlingraad (VKR) is in 1959 en 1968 onderskeidelik deur die Nasionale Party-regering geskep. Die URK het geen funksie gehad anders as om die regering van raad te bedien oor Kleurlingaangeleenthede nie. Omdat die liggaam geen werklike politieke mag gehad het nie, het sy ontbinding nie veel kommentaar uitgelok nie. Die meer optimistiese Kleurlinge het die skep van die VKR beskou as 'n manier om die apartheidsstelsel van binne te beveg en om die politieke regte wat hulle verloor het, terug te wen. Die meer radikales en verbitterdes het enige vorm van samewerking met die regering afgekeur aangesien dit na hul mening goedkeuring verleen het aan die apartheidsbestel. Dieselfde sentimente is later met die totstandkoming van die Driekamerparlement geopper.

Die VKR is verder in omstredenheid gehul met die hou van die eerste verkiesing in September 1969. Die VKR sou bestaan uit 40 verkose en 20 benoemde lede. Nes die benoemdes, sou die voorsitter ook deur die regering aangewys word. Die verkiesing het die twee hoof-opponente, die Arbeidersparty van Suid-Afrika (APSA) en die Federale Party (FP), teen mekaar opgeweeg. Die APSA was van die begin erg krities jeens die regering se apartheidsbeleid en het onderneem om deel te neem aan die nuwe

⁸⁰ Roy H. du Pré: *Separate but unequal*, pp.145-149.

struktuur slegs as manier om apartheid van binne af te breek. Die FP daarenteen, was die regering goedgesind en het selfbeskikking van volke binne die apartheidskonteks nie noodwendig as verkeerd beskou nie. Derhalwe was daar tussen die FP en die NP-regering 'n redelike mate van samewerking. Roy du Pré verwys in hierdie verband ook na samewerking tussen die FP en die Broederbond en meld dat die FP vermoedelik deur die Broederbond befonds is.

Die Arbeidersparty het uiteindelik 26 van die 40 beskikbare setels gewen. Dit het die landelike gebiede ingesluit, alhoewel die stempersentasie daar maar ongeveer 34 % van die stemgeregtigdes was. Gegewe die APSA se ideaal om die apartheidbestel van binne af te breek, kan 'n mens aanvaar dat sy oorwinning van 26 setels 'n aanduiding was dat die meerderheid gematigde Kleurlinge langs hierdie weg die regering teengestaan het. Die FP daarenteen, het 11 setels gewen, maar het allesbehalwe as verloorders uit die stryd getree. Strydig met algemeen aanvaarde praktyk, het die regering die 20 benoemdes uit die gelede van die FP aangewys en ook dié party se leier, Tom Swartz, as voorsitter van die Uitvoerende Bestuur aangestel.⁸¹

Anders as die URK was die VKR met sekere beperkte politieke bevoegdhede beklee, aangesien hy wette kon maak rakende onderwys, landbou, welsyn, landelike gebiede en plaaslike bestuur. Die VKR is egter gekortwiek deur die feit dat hy geen belasting kon hef nie, en ook omdat enige wetgewing wat deur hom voorgestel is, eers deur vier ampsdraers van die NP-regering (die Minister van Kleurlingaangeleenthede, die Minister van Finansies, die Provinsiale Administrateur en die Staatspresident) goedgekeur moes word voordat dit van krag geword het.⁸² Dit, tesame met onderlinge konflik tussen die APSA en die FP-lede in die Raad en die wantroue wat daar onder die algemene publiek jeens die instelling was, het veroorsaak dat die VKR grootliks disfunksioneel was. Van die kritiek uit Arbeiderspartygelede was dat die VKR 'n meganisme was vir Kleurlinge om hul politieke frustrasie te ontlaai, eerder as een waar hulle daadwerklike bydraes kon maak tot die lot van nie-blankes. Die liggaam is in

⁸¹ *Ibid.*, pp.154-160. Sien ook Staatskoerant No 2547, 24 Oktober 1969, pp.154-155.

⁸² B.J. Liebenberg, "Die Republiek van Suid-Afrika 1961-1978" in C.F.J. Muller (red.): **Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**, pp.552-553. Sien ook R.E. van der Ross: **The rise and decline of Apartheid**, pp.303-304.

April 1980 ontbind en die Kleurlinge het vir eers weer in die politieke wildernis verdwyn.⁸³

3.1.1 Die Driekamerparlement

Die Suid-Afrikaanse politiek het in September 1984 'n nuwe politieke baba gebaar, die sogenaamde Driekamerparlement. Dit het parlementêre verteenwoordiging vir Kleurlinge en Indiërs in die vooruitsig gestel, maar het Swartes uitgesluit. Dié model, wat oënskynlik gehoor gegee het aan die eise van binnelandse en buitelandse rolspelers om politieke regte aan nie-blankes te verskaf, het egter sy oorsprong so ver terug as die Theron-kommissieverslag van 1977 gehad. Dié Kommissie het onder meer aanbeveel dat regstreekse verteenwoordiging op verskillende owerheidsvlakke aan Kleurlinge toegestaan word.⁸⁴ Ten tyde van die Kommissieverslag het die Staat egter nie daarin belang gestel om aan hierdie aanbeveling uitvoering te gee nie, alhoewel daar erken is dat verteenwoordiging van een of ander aard nodig was.⁸⁵

Die Driekamerparlement het as verklaarde doelwit gehad die insluiting van Kleurlinge en Indiërs in die parlementêre bestel. Die uitsluiting van Swartes van dié stelsel het egter afbreuk gedoen aan die geloofwaardigheid waarvoor die regering gehoop het. Ook die basis waarop daar in hierdie sisteem omgegaan is, naamlik die beginsel dat daar te onderskei was tussen eie- en algemene sake, het die vertrouensgebrek versterk.

Ingevolge die nuwe grondwet (wat vir die Driekamerparlement geskryf is) is eie sake omskryf as: "aangeleenthede wat 'n bevolkingsgroep met betrekking tot die behoud van sy identiteit en die handhawing en bevordering van sy lewenswyse, kultuur, tradisies en gebruike spesiaal of afsonderlik raak". Algemene sake is beskou as alle

⁸³ R.E. van der Ross: **The rise and decline of Apartheid**, p.348. Sien ook M.C. Dempsey, *Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers*, p.5.

⁸⁴ Aanbeveling 178, Witskrif oor die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep, p.110.

⁸⁵ Tussentydse Memorandum: Voorlopige kommentaar deur die regering op die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep, p.2.

ander aangeleenthede wat nie ingevolge bovermelde Artikel 14 omskryf kon word nie, waaronder verdediging en finansies.⁸⁶

Die Raad van Verteenwoordigers (RVV), wat die Kleurlingburokrasie van die nuwe drieledige Staatsdiens (wat bestaan het uit die Raad van Verteenwoordigers vir Kleurlinge, die Raad van Afgevaardigdes vir Indiërs en die Volksraad vir blankes) uitgemaak het, het nou ingevolge die definisie van eie sake ook die verantwoordelikheid van die landelike gebiede bygekry.

Soos tydens die verkiesing van die VKR in 1969, het die AP die meeste Kleurlingstemme op hom verenig. Hierdie keer het hy egter die regerende party geword. Die AP se teenstrydige houding oor deelname aan die Driekamerparlement het egter sy steun in die landelike gebiede feitlik weggevreet. In die landelike gebiede, waar hy weereens skoonskip gemaak het, was die stempersentasie maar 'n teleurstellende 12.6 %.⁸⁷ Dit opsigself, moes die partyleiers voorberei het vir die opdraande stryd wat in die landelike gebiede op hulle sou wag.

⁸⁶ Artikel 14(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 110 van 1983. Sien ook Albert Venter, **South African Government and Politics**, p.45.

⁸⁷ Staatskoerant No 9417, 7 September 1984, pp.2-6.

Hoofstuk 4: Die bestuur van die Landelike Gebiede ingevolge Wet 9 van 1987

4.1 Agtergrond tot die aanvaarding van Wet 9 van 1987

Die landelike gebiede wat die Raad van Verteenwoordigers by die Departement van Kleurlingsake geërf het, het die prentjie weerspieël van mense wat weens 'n verskeidenheid van redes polities, maar veral ekonomies, aan die agterste speen moes suig. Vir alle praktiese doeleindes was die landelike gebiede spookdorpe waar meestal bejaardes en kinders woonagtig was. Omdat daar min of geen werksgeleenthede was nie, het die manlike bevolking in groot getalle na die stede getrek, terwyl die vroue, grootouers en kinders agtergebly het. Die gevolg was maatskaplike agteruitgang, omdat die tradisionele gesagsfiguur (die pa) nie tuis was om dissipline en orde te handhaaf nie.⁸⁸

Daarbenewens was dié dorpie onderontwikkel en was daar chroniese behuisingsnood. Die feit dat inwoners nie ongekwalifiseerde eienaarskap van hul wonings kon verkry nie het veroorsaak dat finansiële instellings glad nie bereid was om geld aan inwoners van die landelike gebiede te leen nie. Dit het op sy beurt weer daartoe bygedra dat die nedersettings stelselmatig agteruitgegaan het.

Ook ten opsigte van bestuur en administrasie was daar in die landelike gebiede ernstige probleme, omdat die skepping van Bestuursrade nie die oplossing was vir die administratiewe hoofbrekens wat hulle aan die regering besorg het nie.

Een van die probleme met Bestuursrade was die feit dat dit histories mank gegaan het aan ondersteuning uit die gelede van die gemeenskappe wat hulle moes dien. Bestuursraadslede was gewoonlik afkomstig uit die meer gegoede, opgevoede elite, wat die kloof tussen die bevolking verdiep en die vertrouenskrisis vererger het. Dié wantroue het juis gespruit uit die feit dat die inwoners die bestuursraadslede as die regering se strooipoppe beskou het. Daarbenewens het dié lede, menende dat hulle beter weet as hul minder gegoede en minder opgevoede dorpsgenote, heel dikwels

⁸⁸ M.C. Dempsey: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers, p.204. R.W.A. Yeld, "Die Kleurling en Plaaslike Bestuur", in *Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse samelewing*, pp.98-100.

outokraties opgetree en nie werklik aandag geskenk aan die wense en behoeftes van die mense op die grond nie.⁸⁹

‘n Groter probleem was egter die feit dat Bestuursraadslede min of geen kennis van bestuur en administrasie gehad het nie. Hulle moes hul dus grotendeels verlaat op die aanbevelings van ‘n hoër gesag. Wanneer hulle dit egter so gedoen het, het hulle teenkanting van mede-inwoners gekry omdat hulle met die “vyand” sou heul. Dit in ag genome, het dit dus in die praktyk soms daarop neergekom dat Bestuursrade die “reëls opgemaak het soos wat hulle aangegaan het”, wat uit die aard van die saak hulle weer elders in die moeilikheid sou laat beland.

Ten spyte daarvan dat Bestuursrade se verantwoordelikhede en magte dikwels hul vermoëns oorskry het, is in 1980 meer omvangryke magte as vantevore aan die Rade toegeken. Dit sou uiteindelik direk daartoe lei dat die administrasie van die landelike gebiede in die jare tagtig drasties agteruitgegaan het. Daarbenewens het beskuldigings van nepotisme en selfverryking die aansien en werksaamhede van die Rade verder gekortwiek.⁹⁰

‘n Verdere eienaardigheid waarmee die landelike gebiede te kampe gehad het (en nog steeds mee sit) was die sosiale stratifikasie. Die inwoners van dié gebiede het bestaan uit burgers, bywoners, loseerders en bediendes, elk met sy eie graad van regte wat aan sy “stand” toegeken is. Burgers was geregistreerde okkupeerders, wat beteken het dat hulle name in ‘n register opgeneem is wat op ‘n tydstip deur die Departement van Naturellesake bygehou is. As sodanige geregistreerde okkupeerders het burgers volle regte geniet, wat beteken het dat hulle toegang tot beide ‘n woonerf, sowel as ‘n landbou-erf, gehad het. Daarmee saam het ook stemreg gegaan.⁹¹

⁸⁹ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: David Catling: The Rural Areas, p.18.

⁹⁰ Ibid. Die vervanging van Bestuursrade deur Plaaslike Oorgangrade in 1991 het egter min gedoen om die wantroue jeens die plaaslike owerheid teen te werk.

⁹¹ Interdepartementele Komiteeverslag oor sake rakende Kleurlingsendingstasies-, Reserwes en Nedersettings, U.G. No. 33-1947, pp.4-5.

Bywoners (gewoonlik persone wat aangetroudes was tot die families van burgers) daarenteen, het geen stemreg gehad nie, grotendeels omdat burgers gevrees het dat hulle by stemgeleenthede die onderspit sou delf indien bywoners sou kon stem. Ook het die regte van bywoners van plek tot plek verskil - by sommige nedersettings het bywoners oor gelyke regte as burgers beskik met die uitsondering van stemreg, terwyl hulle by ander slegs oor 'n erf beskik het. 'n Bywoner kon egter na verloop van 'n vasgestelde tyd aansoek doen om as burger geklasifiseer te word, en daarom ook as geregistreerde okkupeerder. In sommige nedersettings (byvoorbeeld Enon) is "inkommers" toegelaat om op grond van godsdienstige affiliasie burgerskap te verkry. Wanneer burgerskap aan iemand toegeken is, kon die regte wat daarmee saamgaan na willekeur aan enige ander persoon buiten 'n vreemdeling oorgedra word. 'n Geregistreerde okkupeerder kon dus die gebruik van sy grond aan 'n ander toeken sonder dat sy eie regte aangetas word. Al voorvereiste was dat die okkupeerder se belasting opbetaal moes wees.⁹²

Bediendes het geen regte geniet nie, behalwe dat hulle in sommige nedersettings periodiek toegelaat is om vee gratis op die meentgrond aan te hou.

Onder die Driekamerparlementêre stelsel het die Minister van Plaaslike Bestuur, Behuising en Landbou, die Trustee geword van grond in die landelike gebiede wat in die naam van die plaaslike bestuursraad geregistreer is. Dit het die RVV onder 'n bepaalde verpligting en verantwoordelikheid geplaas om ontwikkeling en administrasie tot ongekende vlakke te lig. Dit het ook veronderstel dat 'n doelgerigte strategie geformuleer en toegepas sou moes word om die lewensomstandighede van die inwoners van die landelike gebiede te verbeter. Van kritieke belang sou wees die RVV se benadering tot die volgende:

- Die verlening van geloofwaardigheid aan Bestuursrade en die daarstelling van effektiewe plaaslike bestuurstelsels;
- Die ontwikkeling van landbou;
- Die voorsiening van behuising; en
- Werkskepping en die plaaslike generering van inkomste.

⁹² Ibid.

Al bogenoemde fokuspunte was egter afhanklik van die mate waarin die RVV deur die sentrale regering befonds sou word. Weens die feit dat sekere sake deur die Grondwet as 'n eie saak geïdentifiseer is, moes die RVV toepaslike strategieë daar stel om die ontwikkelingswerk waaraan daar in die landelike gebiede so 'n groot behoefte was, aan te spreek. In sy eerste jaarverslag het die RVV gevra om aan onderstaande oogmerke vir die landelike gebiede beoordeel te word:

- die vestiging van gesonde bestuur en administrasie;
- die uitlê en beplanning van ordelike dorpe met die nodige infrastruktuur;
- die daarstelling van georganiseerde boerderystelsels volgens die jongste boerderytegnieke;
- die beëindiging van kommunale boerdery en die vervanging daarvan deur die stelsel van individuele besit in die vorm van plase;
- doeltreffende benutting van hulpbronne;
- die vestiging van nywerhede;
- die voorsiening van finansiële hulp aan bruin boere, sodat kuddes opgegradeer en groente-, vrugte- en saaiboere gevestig kon word;
- die opleiding van plaaswerkers; en
- die “vestiging” van gekwalifiseerde bruin landboukundiges om die landelike gebiede te bedien.⁹³

Omdat die fokus van hierdie studie grotendeels gemik is op die kwessies van aanwending van grond (landbou en ander) en bestuur, sal vervolgens aandag geskenk word aan maniere waarop dit in die Driekamerparlement hanteer is.

4.1.1 Die Raad van Verteenwoordigers se benadering tot landbou in die landelike gebiede

Die Ministersraad van die RVV het die bepaling in die Grondwet, dat landbou 'n eie saak moes wees, sterk teengestaan. Die wens was dat landbou tot 'n algemene saak verklaar moes word en dat daar slegs een departement van landbou moes wees.

⁹³ Aanvullende inligtingstuk tot die 1985 Jaarverslag van die Administrasie: Raad van Verteenwoordigers, p.8.

Gegewe die verdoemende verslae wat in die verlede oor landbou-aktiwiteite in die landelike gebiede verskyn het, sowel as die lae vlak van ontwikkeling wat toe geheers het, is hierdie houding maklik verstaanbaar.

In sy beleidstuk het die Raad homself “aangebied” as ‘n groot voorstaander van die herverdeling van grond en as ‘n instelling wat geglo het dat Suid-Afrikaners wat onder apartheid van hul geboortegrond verskuif is, ‘n aanspraak op sulke grond gehad het. Indien die staat nie die grond aan die oorspronklike bewoners kon teruggee nie, moes hy hulle finansiëel vergoed of van alternatiewe grond voorsien.⁹⁴

Ook het die staat ‘n verantwoordelikheid gehad om voornemende boere, wat nie finansiëel welgestel was nie, te help om grond te bekom. Grond moes dus teen ‘n verlaagde terugbetalingskoers beskikbaar gestel word en dit moes selfs oorweeg word om grond, waar moontlik, vir ‘n bepaalde tydperk van die staat te huur met die opsie om te koop.⁹⁵ Hierdie voorstelle het sterk herinner aan die Staat se inisiatiewe om jare gelede blanke boere by Vaalharts te vestig. Die RVV se pleidooi het egter op dowe ore geval.

Om gestalte te gee aan die ideaal om aan mense toegang tot grond te gee, het die RVV sekere grondaankope gedoen. In 1986 is drie plase (Amalienstein, 7 000 ha groot in die Ladismith-distrik, Jackalskraal, 235 ha groot in die Plettenbergbaai-distrik en Waaikraal, 1 500 ha groot in die Oudtshoorn-distrik) vir R7.2 miljoen aangekoop met die bedoeling om dit intensief te bewerk en om aan meer as een boer op ‘n keer toegang tot grond te gee. Implemente sou ook gedeel word sodat die kapitaalinsette laag gehou kon word. Dié poging(s) het ramspoedige gevolge gehad, omdat die boere te onervare was om op so ‘n groot skaal te boer sonder die nodige ondersteuningsdienste. Teen die einde van die 1989/1990 finansiële jaar het verliese op die plase die reuse bedrag van R12 778 744 beloop.⁹⁶

⁹⁴ M.C. Dempsey: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers, p.3. Alhoewel dit nie daaruit voortvloei het nie, word hierdie standpunt huidiglik vervat in die Witskrif oor Grondhervorming en maak Restitusie een van die Grondhervormingsprogramme uit.

⁹⁵ Ibid.

⁹⁶ Ibid., p.213.

Bogenoemde aksies het die verkeerde boodskap uitgestuur. Ten spyte daarvan dat die RVV homself in sy landboubeleid uitgespreek het teen kommunale boerdery, het die deel van grond en implemente dit weerspreek. Toe die RVV uiteindelik wou oorgaan tot individuele eienaarskap, het hy tot sy skade uitgevind dat die inwoners van die Landelike Gebiede egter nog lank nie gereed was daarvoor nie, en nog minder daarmee gediend was, om die tradisie van kommunale boerdery prys te gee.⁹⁷

4.1.2 Die Raad van Verteenwoordigers se benadering tot bestuur van die landelike gebiede

Die grootste uitdaging waarmee die RVV gekonfronteer was, was nie om geld vir ontwikkelingswerke van die sentrale regering te beding nie. Inteendeel, die daarstelling en administrasie van 'n geordende ontwikkelingsprogram sou 'n veel groter uitdaging wees, wat algaande tot 'n groot verleentheid sou lei.

Weens die pligte en verantwoordelikhede wat hulle volgens wet beklee het, was die Bestuursrade die diensleweringpunt van die RVV in die landelike gebiede. As sodanig het hulle deel uitgemaak van die begrotingsoefening, wat behels het dat Bestuursrade hul geprojekteerde finansiële behoeftes aan die betrokke Minister oorgedra het. Dieselfde (dikwels onbeholpe) Bestuursrade het self besluit hoe en waar die geld aangewend sou word. Hulle kon dus byvoorbeeld fondse, wat vir 'n bepaalde doel bewillig is, vir ander doeleindes aanwend.⁹⁸

In die praktyk het dit daarop neergekom dat aspekte wat deur die RVV as kritieke projekte geïdentifiseer is, heel dikwels deur die Bestuursrade geïgnoreer is, wat weer die voorgestelde ontwikkelingswerk in gedrang gebring, en dikwels gekelder het. Gegewe hul rekord, was dit swak oordeel van die RVV om aan die Bestuursrade, met hul geskiedenis van twyfelagtige administrasie, soveel mag te gee. Dit blyk duidelik uit die feit dat die meeste Bestuursrade se finansiële bestuur beroerd was en dat die Ouditeur-Generaal by herhaling na die swak finansiële beheer en bestuur verwys het.⁹⁹

⁹⁷ Ibid., p. 218-224.

⁹⁸ Ibid., pp.211-212.

⁹⁹ Ouditeursverslae van die Raad van Verteenwoordigers, 1986-1993.

Dit, tesame met die nepotisme wat op sommige plekke kop uitgesteek het, het die alreeds wankelrige aansien van meeste van die rade nog verder ondergrawe. Die algemene gevoel was dat lede vir eie gewin in die rade gedien het en nie die belange van die inwoners probeer bevorder het nie. Dit is dus te verstane dat politieke woeling in die landelike gebiede op 'n veel groter en erger skaal plaasgevind het as elders. Teen 1988 het die Bestuursrade al hoe groter teenstand uit die gemeenskappe begin kry. Gemeenskapskomitees is deur inwoners in die gebiede gestig en het Bestuursrade openlik die stryd aangesê. Raadslede is onder groot druk geplaas om uit die rade te bedank. Daar was selfs dreigemente dat die rade verwyder en met alternatiewe instellings vervang sou word. Hoewel die Ministersraad die rade as die wetlike verteenwoordigers van die gebiede beskou het, het hierdie gemeenskapskomitees tog daarin geslaag om die rade in so 'n mate te neutraliseer dat besluite wat hulle geneem het later nie meer die steun van die inwoners geniet het nie.¹⁰⁰ Hiervan is die gebeure in Mamre 'n sprekende voorbeeld. Die Bestuursraad van Mamre het naamlik besluit om die plaas, Die Laaste Stuiver, te verkoop sonder om die gemeenskap daarin te ken. Toe die gemeenskap daarvan te hore kom, het hulle in opstand gekom en het die mense geëis dat die Bestuursraad moes bedank omdat dit nie in gemeenskapsbelang opgetree het nie. Weens volgehoue druk het die Bestuursraad ontbind en 'n nuwe liggaam, die Mamre Trust, gestig. Die Trust het homself egter steeds as die wettige verteenwoordiger van die inwoners van Mamre beskou, al het dit nie noodwendig die steun van die meerderheid inwoners in Mamre geniet nie.¹⁰¹

Nie eers die Ministersraadsbesluit in 1993, ingevolge waarvan die landelike gebiede se skuld las teenoor die Staat (RVV) afgeskryf sou word, het die inwoners meer positief gestem nie. Ingevolge die *Wysingswet op Landelike Gebiede, Wet 12 van 1993*, het die vorige verpligting op die Rade, om 10 % te betaal van alle ontwikkelingswerke wat deur die staat onderneem is, verval. Die staat sou voortaan dus alle ontwikkelingswerke ten volle finansier.

¹⁰⁰ M.C. Dempsey: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers, p.211. Sien ook Landelike Gebiede Komiteedokument, p.24.

¹⁰¹ Aantekeninge gemaak deur skrywer tydens vergadering met bestuurslede van die Mamre Trust op 14 April 1997 na aanleiding van dagvaarding deur Blaauwberg Munisipaliteit. Sien ook Cape Argus: 24 April 1997, p.12.

Ten spyte van die probleme wat ondervind is, het die instelling van die Driekamerparlement daartoe gelei dat aansienlik meer geld as voorheen na die landelike gebiede gekanaliseer is. Gedurende die administrasie van die RVV het besteding in die landelike gebiede toegeneem vanaf R2,261 miljoen in 1985/86 tot R58 miljoen in 1992/93.¹⁰²

Gelukkig het die RVV besef dat geld alleen nie die nodige landbou-ontwikkeling sou laat plaasvind nie. Strukture is dus in plek geplaas om dit te bevorder. Hierin het die Landboukollege Kromme Rhee en die Landelike Ontwikkelingsmaatskappy (LANOK) 'n groot rol gespeel. LANOK het naamlik tyd, geld en tegniese kennis in die Landelike Gebiede belê om aan die inwoners sekere kennis en vaardighede oor te dra. Dit was heel dikwels in die vorm van projekte wat deur LANOK bestuur en beheer is, en waaraan LANOK na verloop van tyd en na genoegsame vordering deur die boere, onttrek het. Weens die feit dat sommige LANOK-projekte tot verliese vir kleinboere in landelike gebiede gelei het, het die maatskappy se aansien 'n taamlike knou gekry. In sommige landelike gebiede, waaronder Ebenhaeser, is LANOK nie meer welkom om projekte te dryf nie.¹⁰³

Anders as LANOK was Kromme Rhee 'n instansie wat sedert 1964 toegesien het dat Kleurlinge 'n mate van landbou-opleiding ontvang. Hier kon plaaswerkers kort kursusse in algemene plaasmeganika en kursusse in bou-, pleister-, en timmerwerk bywoon. In 1984 is Kromme Rhee in 'n volwaardige Landboukollege omskep.

Die primêre funksie van die kollege was om opleiding aan plaaswerkers te verskaf en boere in die landelike gebiede van landbou-advies te voorsien. Die meerderheid van die studente was uit die bruin landelike gebiede afkomstig.

In Januarie 1991 het die regering aangekondig dat ses landboukolleges vir alle rasse in die land oopgestel word. In 1993 is die Driekamerparlement ontbind en is van die RVV se funksies na die provinsiale regering oorgedra. Met die uitfasering van die

¹⁰² Jaarverslae: Raad van Verteenwoordigers: 1985-1993

¹⁰³ Gesprek met oom Bokkie Taylor, Bestuursraadslid van Ebenhaeser, 17 Januarie 1998 tydens die Wet 9-konsultasieproses.

eiesake-departemente is Kromme Rhee en sy funksies na die Departement van Landbou: Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap oorgedra.¹⁰⁴

Die landelike gebiede het hierdeur 'n nuwe fase betree waarvolgens hulle afhanklik was van die Provinsiale Regering vir finansiering en onderhoud, terwyl 'n nasionale minister (van Grondsake) magte oor die gebruik en ontwikkeling van hul meentgrond beskik het.

4.2 Die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987 as beleidstuk

Die Wet op Landelike Gebiede is in 1987 met groot entoesiasme deur die RVV aangeneem. As deelnemers aan die Driekamerparlementêre opset was die RVV, soos vroeër vermeld, verantwoordelik vir die beheer oor en ontwikkeling van die landelike gebiede. Weens administratiewe probleme wat steeds opgeduik het, die RVV se beste bedoelings ten spyte, was die RVV op soek na 'n manier om radikaal in die landelike gebiede in te gryp en 'n daadwerklike verskil te maak. Lees 'n mens die relevante gedeeltes uit Hansard, is dit opvallend dat die algemene gees rondom die bespreking van die voorgestelde Wet op Landelike Gebiede baie positief was. Daar is algemeen aanvaar dat dié wetgewing sou lei tot beter beheer en administrasie en dat dit die ideale “ontwikkelingsvoertuig” sou wees.¹⁰⁵

Daarom het dit voorsiening gemaak vir die beheer, verbetering en ontwikkeling van landelike gebiede, die vervreemding van grond in dié gebiede, sowel as insidentele aangeleenthede.¹⁰⁶

Die essensie van Wet 9 van 1987 handel oor die beskrywing van grondbesitreeëlings. Maar dit handel ook oor die verhouding wat heers tussen die gemeenskap en die Staat, omdat die wet voorhou dat die aangewese Minister as gemeenskapsvoog of trustee optree. Dit veronderstel ook van meet af aan 'n ongelyke verhouding tussen die

¹⁰⁴ M.C. Dempsey: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers, p.216.

¹⁰⁵ Hansard. Debatte van die Raad van Verteenwoordigers, Vierde Sessie-Agste Parlement, 16-20 Februarie 1987. Kolomme 598-610.

¹⁰⁶ “Aanhef” tot die Wet op Landelike Gebiede 9 van 1987.

inwoners en die Staat. 'n Samevatting van grondbesitreeëlings, soos in die Wet vervat, lui dus soos volg:

- Die beginsel van gemeenskapsregte is deur die Wet bevestig en het bepaal dat sekere grond (binne-en buitemeent) in trust tot voordeel van die gemeenskap gehou word. In effek het dit die bevinding van die 1947-verslag bevestig dat die landelike gemeenskappe nie gereed was om ten volle oor hul eie grond te beskik nie.
- Individuele gemeenskapslede het regte op grond bekom deur gebruik en deur toekennings, asook permitte wat uitgegee is onder die bepalings van bogenoemde wet en sy voorgangers. Dit het egter nog te kort geskiet omdat eienaarskap deur 'n titelakte (kaart en transport) nie moontlik was nie.¹⁰⁷

Ingevolge Wet 9 het elke geregistreerde okkupeerder 'n reg op 'n woonerf, akkerbouperseel of saaireg, en/of 'n voortdurende huurweireg op die buitemeent ontvang. Hierdie regte is bekragtig by wyse van die uitreiking van 'n toekenningsbrief of 'n toekenningsertifikaat deur die betrokke bevoegde gesag in elke provinsie.

Nie-geregistreerde okkupeerders, asook "bywoners" of inwoners, moes aansoek doen vir tydelike verblyfregte op die gebied van die betrokke Bestuursraad (nou onder die gesag van die betrokke plaaslike owerheid), in welke geval die Bestuursraad (nou die betrokke plaaslike owerheid) toestemming vir 'n periode van hoogstens 'n maand kon verleen. Hierdie tydelike verblyfregte is bevestig deur 'n skriftelike toestemmingsbrief uitgereik deur die betrokke Bestuursraad (nou die betrokke plaaslike owerheid).

Oordrag, vererwing en onderverhuring van die regte van "nie-geregistreerde okkupeerders" is nie spesifiek deur die wet gemagtig nie. Die wet het egter wel voorsiening gemaak daarvoor dat aansoeke aan die Bestuursraad (nou die betrokke plaaslike owerheid) gerig mag word vir die oorneem of huur van enige regte van geregistreerde okkupeerders.¹⁰⁸

¹⁰⁷ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Landelike Gebiede Komitee Besprekingsdokument, p.43. Die Wet het weereens teenstrydighede in die RVV se beleid blootgelê omdat die beginsel (en praktyk) van kommunale besit hierdeur versterk is.

¹⁰⁸ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Gebiede Komitee Besprekingsdokument, p.51.

Die raamwerk waarbinne bogenoemde geskied het, is later op die volgende wyses gedeeltelik gewysig:

- Die opmeting en proklamering van dorpsgebiede maak die uitreiking van volle eiendomsreg by wyse van grondbriewe of “kaart en transport” wat oordraagbaar, verhipotekeerbaar en belasbaar is, moontlik.
- Formele weidingsregte is geraak deur die verhuring en in sommige gevalle selfs die verkoop van “ekonomiese eenhede”. Nadat sodanige verhuring en verkoop in die tagtigerjare tot teenstand gelei het, en selfs by wyse van hofbeslissings tersyde gestel is, is nuwe weidingregulasies - wat voorsiening gemaak het vir die weidingspermitte en betaling van weidingsfooie - uitgevaardig.
- Die Wet op Opgradering van Grondbesitregte, Wet 112 van 1991 [en in die besonder artikel 6(5)] het die uitreiking van nuwe weiregte verbied.
- Die Wet op Opgradering van Grondbesitregte het ook die opgradering van okkupasieregte van geregistreerde okkupeerders tot volle eiendomsreg moontlik gemaak.
- Die oordrag van eiendomsreg op woonpersele, akkerboupersele en (later) opgemete weidingsplase is voorheen beperk tot geregistreerde okkupeerders. Ander Kleurlinge kon kwalifiseer indien die betrokke Bestuursraad regsverkryging deur hulle goedgekeur het. Opgemete weidingsplase kon voorheen slegs oorgedra word na goedkeuring deur die betrokke Minister. Enige verwysing na bevoegde persone of “Kleurling” is egter uitdruklik deur die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondmaatreëls, Wet 108 van 1991 geskrap.
- Daar is voorsiening gemaak vir die waardering van eiendom en die hef van eiendomsbelasting, terwyl ontwikkelingsbeplanning en implimentering afhanklik was van optrede deur die sentrale owerheid.

Die totstandkoming van ‘n nuwe politieke bestel in 1994 het die verdwyning gesien van die eie-en algemene saak-beginsels van die Driekamerparlement. Aangesien die RVV as instelling ook verdwyn het, is die verantwoordelikheid vir die landelike gebiede aan die Minister van Grondsake oorgedra. Ten spyte van die nuwe regering se bedenkinge oor Wet 9 moes die Minister egter sy wetlike verpligtinge nakom. Dit het behels trusteeskap oor die gebiede en wye beskikkingsmagte ten opsigte van die vervreemding van trustgrond.

As trustee van die landelike gebiede berus medeverantwoordelikheid vir die toeken van minerale regte ten opsigte van grond in sulke gebiede by die minister van Grondsake. Kragtens Proklamasie R4 van 02-02-1996 (SK 16952) het die President die administrasie van artikel 51 (3) van die Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987, aan die Minister van Mineraal- en Energiesake toegewys. Kragtens kabinetsbesluit moet die toepassing van genoemde artikel 51 (3) geskied in konsultasie met die Minister van Grondsake. Artikel 51 (3) maak voorsiening vir die verlening van toestemming tot die prospektering vir en/of die myn van metale, edelgesteentes, natuurlike olie of enige ander mineraal op grond geleë binne 'n Bestuursraad (nou Plaaslike Oorgangsraad) se jurisdiksiegebied met die vooraf toestemming van die Minister (wat hy eers kan verleen nadat met die Bestuursraad (nou Plaaslike Oorgangsraad) gekonsulteer is). In die praktyk beteken dit dat die Minister van Mineraal- en Energiesake sy diskresie slegs mag uitoefen in konsultasie met die Minister van Grondsake wat op sy beurt eers met die Plaaslike Bestuur oorleg moet pleeg.

Oor die kwessie van wie by die toeken van minerale regte bevoordeel moet word, is daar twee standpunte. Die een denkskool glo dat 'n gedeelte van die inkomste voortvloeiend uit die eksploitasie van minerale regte die landelike gebiede toekom, omdat dit sal help om ontwikkeling te stimuleer, terwyl die ander glo dat alles na die Staat moet gaan, wat op sy beurt weer 'n verdeling sal/moet doen. Tans berus alle minerale regte by die Staat. Landelike gebiede vind ook geen baat by die ontginning van minerale nie.¹⁰⁹

4.3 Die Wet op Landelike Gebiede in die praktyk: die verskil tussen die formele- en informele situasie

Die Wet op Landelike Gebiede maak voorsiening vir dorpsstigting en die opstel van dorpsregisters. Dit maak ook voorsiening vir aangeleenthede soos riolering, water, elektrisiteit, heffings, waardasies van eiendomme en handelsslisensies. Ten spyte daarvan dat die wet voorsiening maak vir die waardasie van eiendomme en die

¹⁰⁹ Ibid., pp.59-60.

dienooreenkomstige betaling van belasting, is dit nooit in die praktyk toegepas nie, wat beteken het dat inwoners dieselfde belasting betaal het ongeag die grootte van hulle eiendom.

Strydig met die bepalings van die wet, en dit wat in die vooruitsig gestel is, het die volgende egter in die praktyk gebeur:

- Woonperseelregte in geproklameerde dorpsgebiede is formeel erken en bevestig deur grondbriewe of “besitreg”.
- Die gebruik van landboupersele en weidingsregte is informeel en formeel erken ten gunste van geregistreerde okkupeerders en langtermyn gebruikers.
- Woonperseelregte in onbeplande dorpsgebiede is formeel erken en bevestig deur toekenningsbriewe of “sitreg”.

In die praktyk het die werklike grondbesitreeëlings (soos weerspieël in plaaslike gebruike en in stand gehou deur die instelling en bestaan van sosiale netwerke volgens die beginsel van mededeelsaamheid), egter van die bovermelde formele stelsel verskil.

Daar het verskeie plaaslike variasies ontstaan:

- Die Bestuursraad het woonpersele toegewys en het regte bevestig by wyse van die uitreiking van ‘n “toestemmingsbrief” of “skriftelike toestemming om te woon”, of, in die geval van geregistreerde okkupeerders, ‘n “toekenningsbrief”. Sommige inwoners het nie formele dokumentasie as bewys van ‘n toewysing ontvang nie, maar hul “burgerregte” word informeel erken.
- In geproklameerde dorpsgebiede kon geregistreerde okkupeerders (goedgekeur deur die bevoegde gesag in elke provinsie) eiendomsreg van woonpersele kry. Titelvoorwaardes het oordrag van regte aan nie-inwoners beperk, maar in die praktyk het informele verkope, verhurings en deelsaai- of deelwei-ooreenkomste wel plaasgevind.¹¹⁰
- Geregistreerde okkupeerders het aanspraak gemaak op outomatiese toegang tot tuinpersele en weidingsregte. Hoewel Wet 9 van 1987 en die regulasies daarkragtens uitgevaardig, nie uitdruklik vir sodanige outomatiese aanspraak voorsiening maak nie, bestaan voorsiening wel ingevolge waarvan geregistreerde

¹¹⁰ Ibid., p.53.

okkupeerders vir die toekenning van tuin- en droëlandpersele by die betrokke Bestuursraad aansoek kon doen, in welke geval die betrokke Bestuursraad 'n toekenningsbrief vir die doel uitgereik het. Hierbenewens is langdurige gebruiksregte informeel gerespekteer hoewel hulle nie oor formele gedokumenteerde regte beskik nie.

- Identifikasie van reghebbendes is bemoeilik deur informele onderlinge reëlings; so hou 'n skaapwagter naas sy eie diere, ook diere aan van die formele reghebbende, onderhuurders van laasgenoemde en van sy eie familieledede.

Die teenstrydighede tussen die formele en informele stelsels wat in die landelike gebiede ontstaan het, het 'n aantal belangrike komplikasies meegebring.

- In verskeie landelike gebiede het die geregistreerde okkupeerders/erfeienaars 'n minderheid van die totale aantal inwoners uitgemaak. Die totale aantal geregistreerde okkupeerders met toekenningsbriewe of grondbriewe, plus inwoners met toestemmingsbriewe, korrespondeer ook nie altyd met die 1995 Plaaslike Verkiesingslyste nie.
- In sekere gebiede het inwoners gereeld jaarliks 'n standaard bedrag vir erfbelasting en dienstegelde asook vir weidingspermitte betaal.
- In sekere gebiede het veeboere glad nie weidingsfooi betaal nie.
- Die vlak van owerheidsdienste was en is nog steeds onregverdigbaar laag. Die landelike gebiede is afhanklik van finansiële oordragte van ander owerheidsvlakke vir kapitaalinsette en bedryfskoste. Die plaaslike owerhede is nie finansiëel selfstandig nie en hul jurisdiksiegebiede is nie ekonomies lewensvatbaar nie.
- Die uitreiking van grondbriewe aan erfeienaars en toegang tot lenings en subsidies is bemoeilik deur administratiewe probleme. So byvoorbeeld moet die uitreiking van sertifikate kragtens artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993, deur die Minister van Grondsake uitgereik word waarin toestemming vir grondtransaksies in bepaalde gevalle gegee word.¹¹¹ Die uitreiking van hierdie sertifikate is ernstig vertraag.

¹¹¹ Ibid., pp.54-55.

Hoofstuk 5: Implikasies van die nuwe politieke bedeling na 27 April 1994 ten opsigte van grondbesit

5.1 Die landelike gebiede en grondhervorming

Die verkiesing van 27 April 1994 het ingrypende politieke veranderinge in Suid-Afrika meegebring. Polities het die prentjie drasties verskil van die vorige, met die ANC wat nou die regering van die dag geword het. “Government by the people, for the people”, het veronderstel dat die regering sou omsien na die behoeftes van die volk, soos deur die volk geartikuleer. Maar dit sou ook meebring dat strukture wat aan die apartheidsverlede herinner het, gaandeweg afgebreek moes word. Veral die kwessie van grond, en spesifiek die vrye toegang daartoe, was een wat vir die nuwe regering ‘n besondere uitdaging gebied het. Om die historiese wanbalans wat daar geheers het tussen blank en nie-blank met betrekking tot grondbesit te herstel (of ten minste aan te pas), het die regering ‘n grondhervormingsbeleid van stapel gestuur wat deur die Departement van Grondsake geïmplementeer moes word. Die grondhervormingsbeleid sou ook op verskeie vlakke die inwoners van die landelike gebiede raak. Om die implikasies daarvan vir die landelike gebiede te verstaan, moet kortliks na die grondslag van dié beleid verwys word.

Die grondhervormingsprogram bestaan uit drie komponente, naamlik restitusie (oftewel die herstel van grondregte), herverdeling van grond (redistribusie), en die hervorming van grondbesitstelsels.¹¹² Die administrasie en beheer van die Landelike Gebiede sou ingevolge laasgenoemde komponent aangespreek word. Vir grondhervorming om in die landelike gebiede te slaag, sou beteken dat effektief met inwoners gekommunikeer moes word om sekere breë beginsels by hulle tuis te bring, waaronder:

- Dat die landelike gebiede as volwaardig deel van Suid-Afrika beskou word, met alle gepaardgaande regte en verantwoordelikhede - ook met betrekking tot toegangsverlening en verkryging van grond.

¹¹² Groenskrif op Grondhervorming: Opsomming, i-v.

- Dat prosesse begin sou word wat as eindresultaat moes hê die verandering van bestaande grondbesitpraktyke om sodoende in ooreenstemming te kom met gebruike elders.

Die Groenskrif op Grondhervorming (1 Februarie 1996) bepleit 'n benadering tot grondbesit wat gebaseer is op regte en nie toekennings of permitte nie. Die grondliggende doelstelling is om regsmechanismes te skep om die huidige de facto-verhoudings tot grond te omskep in formele regserkende regte tot grond. Dit is 'n poging om die formele stelsel (die reg) in ooreenstemming te bring met die werklike gebruike en tradisies wat op die grondvlak bestaan.¹¹³

Van kardinale belang is die beginsel dat bestaande regte en belange, hetsy formeel of informeel van aard, gebruik sal word as die basis om grondregte te bepaal en te formaliseer. Dit veronderstel egter nie dat alle informele regte en/of belange goedsmoeds geformaliseer sal word nie. Waar bestaande informele regte en belange om een of ander rede nie in 'n bepaalde stelsel en binne 'n bepaalde grondgebied geakkommodeer kan word nie, moet die grondhervormingsproses voorsien dat sodanige regte en belange alternatiewelik vergestalt word, al beteken dit dat alternatiewe grond verkry moet word.

Omdat dit regeringsbeleid is om provinsiale en plaaslike owerhede by te staan om prosedures te ontwikkel vir die omskepping van permitte na geregistreerde eienaarskap, moes 'n verskeidenheid van aksies onderneem word om grondbesit in die landelike gebiede aan te spreek. Voorsiening moes gemaak word vir die opsie van gesins- en familie-eienaarskap en dat die grondbesitreg van vroue erken word.¹¹⁴

Waar vorme van gemeenskaplike grondbesit (soos in die geval van die landelike gebiede) uitgedien is, en nie meer aan die behoeftes van die grondgebruikers voldoen nie, het die Departement onderneem om gemeenskappe by te staan om ingeligte

¹¹³ Ibid.

¹¹⁴ Die Departement se redistribusiekomponent van die grondhervormingsbeleid het as spesifieke fokuspunt juis die toeken van grondregte aan vroue.

besluite oor alternatiewe grondbesitstelsels (insluitend individuele eienaarskap), te neem.¹¹⁵

Grondhervorming het dus in die breë sin ook as doelwit die bemagtiging van die gewone landsburger. Dit word bewerkstellig deur weg te beweeg van 'n argaïese stelsel van permitte na eienaarskap (kaart en transport), na die individu se reg om self 'n keuse uit te oefen, en om uiteindelik deel te kan uitmaak van die bestuur en administrasie van sy/haar omgewing.

5.2 Transformasie van die landelike gebiede

Met die voorafgaande as doelwitte het die Minister van Grondsake kort na die totstandkoming van die Departement in 1994, besluit om indringend te kyk na die toekoms van die landelike gebiede en om maniere te vind om dié 23 gebiede op gelyke voet met die res van die land te plaas. Daarom moes aandag geskenk word aan die volgende:

- Die feit dat sommige bepalings van Wet 9 strydig was met die nuwe Grondwet.¹¹⁶
- Die Minister van Grondsake se trusteeskap wat die inwoners verhoed het om oor hul grond te beskik. Dit het beteken dat meganismes geskep moes word ingevolge waarvan die toekomstige vervreemding en administrasie van meentgrond op 'n vlak anders as op die ministeriële, sou geskied.

Wat die Minister egter in gedagte moes hou, was die feit dat die oopstelling van die landelike gebiede vir blankes, Indiërs en swartes 'n vraagstuk was waarmee ook die Raad van Verteenwoordigers tydens sy termyn te kampe gehad het. 'n Opname wat in 1992 deur die Raad van Verteenwoordigers gedoen is, sowel as 'n navorsingsverslag deur 'n onafhanklike konsultant, het aan die lig gebring dat die inwoners van meeste van die gebiede geweier het dat die gebiede oopgestel word. Hulle het hulself as geslote bestempel en niemand van buite moes toegelaat word om in die gebiede te vestig nie. Selfs nie die afskaffing van die 1913-en 1936-grond wette, en die

¹¹⁵ Groenskrif op Grondhervorming: Opsomming, i-v.

¹¹⁶ Soos dat slegs sekere bevolkingsgroepe tot grond toegang kon kry.

inwerkingtreding van die Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondreëlings in Junie 1991 kon die inwoners van die landelike gebiede tot ander insigte laat kom nie.¹¹⁷ In Maart 1993 het die Ministersraad: Raad van Verteenwoordigers besluit dat geen verandering aan die landelike gebiede ten opsigte van hul status en gebruike aangebring sal word sonder wye konsultasie met die betrokke gemeenskappe en ander rolspelers nie.¹¹⁸ Sulke konsultasies is egter nie deur die RVV gedoen nie, omdat dit die volgende jaar as instelling verdwyn het.

Ongeag die regering se afkeur aan Wet 9 van 1987 en die praktyke wat as gevolg daarvan die lig gesien het, kon hy nie anders as om dit toe te pas nie. Trouens, die Minister van Grondsake het uit hoofde van sy amp ingevolge Presidensiële Proklamasie R154 van 31 Oktober 1994 die trustee van die meentgrond van elk van die Wet 9-gebiede geword.¹¹⁹ Dit het in die praktyk beteken dat die vervreemding van grond, anders as dit wat munisipale eiendom was, die Minister se goedkeuring benodig het.

Weens die administratiewe nagmerrie wat trusteeskap meegebring het, het die Minister van Grondsake sekere artikels van Wet 9 gedelegeer aan die LUR'e in die Wes- en Noord-Kaap. Dit het in die praktyk beteken dat in Wet 9-gebiede residensiële erwe geproklameer, toegeken en/of vervreem kon word aan individue deur die toestemming van die LUR te verkry. Die Minister het egter oor 16 van die 23 landelike gebiede trusteeskap behou, ingevolge waarvan geen grond sonder sy/haar toestemming vervreem mag word nie. Dié gebiede is:

- Noord-Kaap: Concordia, Eksteenskuil, Komaggas, Leliefontein, Mier, Pella, Richtersveld en Steinkopf.
- Wes-Kaap: Ebenhaeser, Friemersheim, Genadendal, Kranshoek, Mamre, Rietpoort en Suurbraak.
- Vrystaat: Thaba Patchoa.¹²⁰

¹¹⁷ M.C. Dempsey: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers, p.231. Sien ook Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuising: Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap, Lêernommer 25/1/B, p.50.

¹¹⁸ Ibid. Ingevolge Ministersraadsbesluit MR 52/1993. Notule van die Ministersraad: Raad van Verteenwoordigers, p.2

¹¹⁹ Ibid.

¹²⁰ Ibid., p.23.

Ingevolge die bepalings van die Wet op Plaaslike Owerhede, Wet 209 van 1991, is die Plaaslike Oorgangsraade met dieselfde magte beklee as die oorspronklike Bestuursrade. Die Bestuursrade van Kranshoek, Mamre en Enon is egter geassimileer binne die strukture van onderskeidelik die Plettenbergbaai Plaaslike Owerheid, die Kaapstad Metropolitaanse Noordelike Substruktuur en die Oostelike Streeksdistriksraad.

Van die drie het slegs Enon egter gladweg ingeskakel by die nuwe strukture. Kranshoek is in Desember 1994 by Plettenbergbaai Oorgangsraad ingelyf. In Augustus 1996 het die Griekwa Nasionale Konvensie egter versoek dat Kranshoek van Plettenbergbaai losgemaak moes word om weereens onder Wet 9 te resorteer. Die inwoners van Kranshoek was van mening dat hulle te min inspraak gehad het in die Oorgangsraad, en ook dat die Raad die geboue en monumente van die Griekwas geminag het.¹²¹

Mamre, aan die ander kant, het geweier dat die dorp se bates (grotendeels in die vorm van geld wat verkry is met die verkoop van die plaas Die Laaste Stuiver) aan Blaauwberg Munisipaliteit oorhandig word uit vrees dat dit deur Blaauwberg aangewend sou word in dorpe anders as Mamre.¹²² Blaauwberg het hom derhalwe na die hof gewend om daarvoor beheer te kry. Die skrywer kon egter nie uitsluitel verkry oor die uiteinde van die hofsaak nie.

Bogenoemde gebeure in ag genome, het die Minister van Grondsake die Landelike Gebiede Komitee in 1995 in die lewe geroep om hom te adviseer. As mandaat het die komitee gehad die inisiëring van 'n konsultasieproses met die betrokke gemeenskappe om te wete te kom hoe hulle wou hê die gebiede in die toekoms geadministreer moes word. Indien dit sou blyk dat 'n behoefte bestaan om Wet 9 te herroep, moes die komitee, in samewerking met die gemeenskap, aanbevelings doen oor die aard en

¹²¹ Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuising, Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap, Lêernommer 25/2/2/D25. Kranshoek. Advies-en Bestuursliggame, p.12. Sien ook Buitengewone Provinsiale Koerant 4898, Vrydag, 2 Desember 1994, pp.11123-11126.

¹²² Aantekeninge gemaak deur skrywer tydens vergadering met bestuurslede van die Mamre Trust op 14 April 1997 na aanleiding van dagvaarding deur Blaauwberg Munisipaliteit. Sien ook Cape Argus: 24 April 1997, p.12.

inhoud van die voorgestelde nuwe wetgewing. Andersins moes maniere gevind word om Wet 9 meer aanvaarbaar te maak.¹²³

Die eerste rondte van die konsultasieproses het uitgewys dat, alhoewel die inwoners van die gebiede oor die algemeen ten gunste daarvan was dat die bestaande wetgewing hersien moes word, daar wel duidelike verskille was oor hoe hulle in provinsiale verband die toekoms van die landelike gebiede gesien het. Omdat die nuwe wetgewing sou poog om die kwessie van beskikkingsbevoegdheid oor grond (beide residensiële, sowel as meent), en die kwessie van minerale regte aan te spreek, is sekere aspekte van Wet 9 van 1987 geïdentifiseer en pertinent aan die gemeenskappe voorgehou. Dit het die volgende behels:

i. Eienaarskap van grond

Omdat die Landelike Gebiede deur die nuwe wetgewing effektief omvorm moes word, was die vraag aan wie die meentgrond in die landelike gebiede moes behoort. Die inwoners van die landelike gebiede sou derhalwe moes besluit of die grond aan die sentrale of provinsiale regering, óf 'n ander instansie oorgedra moes word. Dié ander instansie kon 'n individu of 'n ander regsliggaam (soos 'n munisipaliteit) wees. Van dringende belang was egter dat daar uitsluitel gekry moes word oor die wenslikheid en haalbaarheid van 'n sisteem waarvolgens die Minister van Grondsake trusteeskap oor grond behou. Daarmee saam het gegaan die vraagstuk van die hantering van die binne- en buitemeent, en of verskillende meganismes dit moes reguleer of nie. 'n Sleutelvraagstuk tot die oplossing van die netelige probleem van eienaarskap, was egter die formulering van 'n aanvaarbare definisie van 'n inwoner.

ii. Grondgebruik

In die tweede plek moes besin word oor die doeltreffende gebruik van die beskikbare landbou- en residensiële grond. Omdat een van die grondhervormingsprogramme juis gemik is op die herverdeling en die produktiewe aanwending van landbougrond, het die Departement van Grondsake die belang van effektiewe en volhoubare

¹²³ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Landelike Gebiede Komitee Besprekingsdokument, Aanhangsel 1. Brief van Derek Hanekom, Minister van Grondsake, aan die landelike gebiede, gedateer 11 Januarie 1996.

grondgebruiksplanne vir die landelike gebiede probeer beklemtoon. Dié planne is bedoel om die basis te vorm van toekomstige ontwikkelings in die landelike gebiede.

iii. Bestuur en Administrasie

Gegewe die geskiedenis van gebrekkige (en dikwels swak) bestuur van grond in die landelike gebiede, moes uitsluitel gekry word oor die geskikste liggaam wat op grond van verdienste en bewese vermoëns die bestuur en administrasie van die gebiede kon oorneem. Van belang was ook om te bepaal watter ondersteuningsfunksie die ander rolspelers sou vervul ten opsigte van bestuur en administrasie, aangesien administrasie sou behels die toeken van permitte, lisensies en gebruikregte, die lewering van dienste, die bepaal van heffings vir sodanige dienslewering, asook die toeken van meentgrond vir landboudoeleindes.

iv. Ontwikkeling

Die skrap van Wet 9 sou vir die landelike gebiede finansieel 'n terugslag beteken, omdat dié gebiede oor die jare skenkings van die verskillende provinsiale regerings ontvang het waarmee sekere opheffings en ontwikkelingswerk gedoen is. Binne 'n nuwe raamwerk sou sodanige ontwikkelingswerk dus gestaak moes word, aangesien geen fondse vir dié doel bewillig sou kon word nie. Die verantwoordelikheid vir die opheffing van die landelike gebiede sou dus by die sentrale regering berus, wat sy verbintenis tot opheffing en ontwikkeling sou moes uitspel. Voorts is gevra wie dié ontwikkelingsdoelwitte behoort te bepaal en die ontwikkelingsproses behoort te administreer.

v. Minerale regte

Die kwessie van minerale regte in die landelike gebiede het gespruit uit die feit dat die gemagtigde persone in die verlede ontginningsregte hoofsaaklik aan persone van buite die landelike gebiede toegeken het. Tydens die ontginningsproses het die plaaslike ekonomie van die landelike gebiede egter min of geen voordeel getrek nie. Die inwoners moes derhalwe hul stem laat hoor oor hoe die situasie aangespreek moes word.

Die eerste rondte van gemeenskapskonsultasie het in Augustus 1996 begin en is teen Oktober voltooi. In elke provinsie waar daar landelike gebiede was, is 'n span konsultante aangestel om die proses te dryf. As basis het die konsultasieproses gehad die oogmerk om so inklusief as moontlik te wees sodat standpunte oor die breedste moontlike spektrum verkry kon word. Om hieraan te voldoen, is die proses in drie fases verdeel, alhoewel nie alle areas noodwendig by alle fases betrek sou word nie. Fase 1 het behels dat daar afsonderlike vergaderings met die onderskeie bestuursliggame sou wees. Dit is opgevolg met publieke vergaderings (fase 2), waarheen inwoners in hul privaat hoedanighede uitgenooi is. Belangegroepes (gemeenskapsorganisasies) het ook dié vergaderings bygewoon. Fase 3 het in die geval van Friemersheim, Kranshoek, Slangrivier, Suurbraak en Zoar die hou van 'n streekskonferensie behels. Die oorblywende areas het nie streekskonferensies gehou nie.

Van die struikelblokke wat tydens die eerste rondte teëgekom is, was die algemene onkunde oor Wet 9. Die meeste inwoners het nog nooit daarvan gehoor nie en was onbewus van die implikasies vir hul daaglikse bestaan. Daarbenewens was die inwoners nie daaraan gewoond om deel te neem aan wetgewende prosesse nie en was daar aanvanklik baie min interaksie met die konsultasiespan.¹²⁴ Namate hierdie hindernisse oorkom is, het die konsultasieproses goed verloop en kon 'n goeie beeld verkry word van wat van die Departement van Grondsake verlang sou word.

Die gemeenskappe se wense na aanleiding van bogenoemde konsultasie kan breedweg in provinsiale verband soos volg saamgevat word:

Wes-Kaap: Die inwoners in dié provinsie was ten gunste daarvan dat alle inwoners eienaarskap van hul wonings in die dorp bekom. Ten opsigte van die binnemeent was die mening dat die Minister as trustee moes aanbly met die spesifieke doel om dit te help ontwikkel. Die debat oor die buitemeent het 'n verskeidenheid van reaksies ontlok, wat gewissel het van steun vir die behoud van trusteeskap, die oprigting van 'n gemeenskapstrust of die oordrag daarvan aan 'n plaaslike owerheid of privaat persoon.

¹²⁴Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Konsultasieverlag aan die Landelike Gebiede Komitee. Publieke Konsultasie: Wet op Landelike Gebiede, Augustus-Oktober 1996. Aanhangsel B, pp.2-6.

Noord-Kaap: Die algemene gevoel was dat dorpsere besit moes word, maar dat boerdery op die meentgronde kommunaal moes geskied. Alhoewel dié gemeenskappe (met die uitsondering van Mier) dit eens was dat alle landsburgers vry toegang tot grond in die landelike gebiede moes hê, is die hoop uitgespreek dat plaaslike inwoners voorkeur sou kry by die toekenning van wei- en ander regte.¹²⁵

Vrystaat: Die inwoners van die Oppermansgronde en Thaba Patchoa het hulself sterk uitgespreek ten gunste van die afskaffing van trusteeskap en dat beskikkingsbevoegdheid aan die plaaslike owerheid oorgedra moes word. Die vervreemding van privaatgrond was aanvanklik vir die inwoners van die Oppermansgronde 'n probleem, aangesien die oorspronklike bepaling van die testament 'n verbod geplaas het op die verkoop van enige van die erfgrond. 'n Regsopinie wat ingewin is, het egter aan die lig gebring dat dié bepaling na drie geslagte verval het en dus nie meer van krag was nie.

Oos-Kaap: Die inwoners van Enon het die afskaffing van trusteeskap bepleit en gevra dat alle verantwoordelikhede aan die plaaslike owerheid oorgedra moes word. Daar is egter versoek dat die Minister moes voortgaan om 'n rol te speel by die beskerming van grondregte.¹²⁶

Al die landelike gebiede was dit eens dat hulle bevoordeel moet word uit die toekenning van minerale regte.¹²⁷

5.3 Die implikasies van die nuwe regeringstelsel vir Wet 9 van 1987

Voortspruitend uit bogenoemde konsultasies was die identifikasie van spesifieke bepalinge van Wet 9 wat vervang moes word omdat dit nie ingepas het by die veranderinge wat sedert 1994 op staatkundige gebied plaasgevind het nie. Die strekking van dié (nou onaanvaarbare) bepalinge is soos volg:

¹²⁵ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: David Catling: *The Rural Areas*, pp.26-28.

¹²⁶ *Ibid.*, p.29.

¹²⁷ *Ibid.*

Art.7 Grond berus by die Minister

Alle grond wat ingelyf is by 'n landelike gebied staan onder beheer van die Minister van Grondsake, wat optree as trustee wat die grond vir die gemeenskappe van die landelike gebiede bewaar.

Arts 8,11,12 Onderverdeling, goedkeuring van titels en die inlywing van grond

Die herroeping van rasgebaseerde grondmaatreëls soos die Groepsgebiede Wet het meegebring dat die Minister nie meer grond by die landelike gebiede kon inlyf nie. Die Minister kan wel grondbriewe of kaart en transport vir erwe in 'n geproklameerde dorpsgebied goedkeur.

Art 20A Beplanning en Toewysing van grond in ingelyfde gebiede

Die Minister kan enige ingelyfde grond aan die plaaslike owerheid oordra. Tesame hiermee gaan ook die Minister se verantwoordelikhede as trustee. Verdere grondoordragte kan slegs geskied aan geregistreeerde okkupeerders van die betrokke gebied. Die plaaslike owerheid benodig die Minister se toestemming om hiervan af te wyk.

Arts 26,27 Bevoegdhede van die plaaslike owerheid ten opsigte van munisipale dienste en uitvaardiging van regulasies om voorsiening te maak vir die bestuur, beheer en beskerming van alle weiveld.

Arts 31-34,36 Heffing van algemene belasting en waardasie van eiendom vir eiendomsbelastingsdoeleindes.

Dié artikel maak voorsiening vir waardasieprosedures. Omdat dit van normale provinsiale waardasieprosedures verskil, moet dit daarmee in ooreenstemming gebring word.

Art 46 Verbod op onderverdeling

Geen onderverdeling mag sonder die toestemming van die Minister van Grondsake geskied nie. Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970, is

egter nie op die landelike gebiede van toepassing nie wat daarop neerkom dat landbougrond in dié gebiede na willekeur versnipper kan word¹²⁸

Art 47 Bepaling van regte in grond in bestorwe boedels

Hierdie artikel maak voorsiening vir die beheer oor erf-opvolging van grond in landelike gebiede.

Art 48 Registrasie van oordrag of onderverdeling van eiendom

Geen onderverdeling of oordrag mag geskied sonder sertifisering deur die betrokke Raad of die Minister van Grondsake nie.

Art 49 Beplanning van bestaande gebiede

Dit maak voorsiening vir die uitreiking van voorskrifte met betrekking tot die beplanning of herbeplanning van bestaande gebiede, die kansellering van regte, die toekenning van alternatiewe regte, die uitreiking van grondbriewe, die kansellering van grondbriewe deur die betrokke LUR en Minister van Grondsake in geval van onvoordelige benutting.

Art 51 Prospekter en mynbou in raadsgebied

Art 52 Regulasies deur die LUR en die minister van Grondsake

Die artikel maak voorsiening vir breë regulasiebevoegdhede, wat onder meer behels regulasies wat voorsiening maak vir die wyse van raadpleging met reghebbendes, die register van reghebbendes en die verwydering van name van reghebbendes.¹²⁹

Uit bogenoemde bepalings is dit duidelik oor watter wye spektrum van magte die betrokke Minister beskik het en waarmee hy/sy in die lewens van inwoners in die landelike gebiede kon ingryp.

¹²⁸ Die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970, is tans onder hersiening en sal eersdaags aangepas word om ook die landelike gebiede in te sluit.

¹²⁹ Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Konsultasieverlag aan die Landelike Gebiede Komitee. Publieke konsultasie: Wet op Landelike Gebiede, Augustus-Oktober 1996. Aanhangel B, pp.1-2.

Die Departement van Grondsake het dus nou met bogenoemde resultate as wegspringplek begin om nuwe wetgewing ter vervanging van Wet 9 daar te stel. Wet 9 kon egter nie summier geskrap word nie omdat die bestuurs-en administrasiestelsel van die landelike gebiede daarop berus het. Om te keer dat dienslewering in die landelike gebiede in duie stort, is die proses so gestruktureer dat dit voorsiening gemaak het vir 'n geleidelike oorgang van een stuk wetgewing na 'n ander. Konsepwetgewing, die Wetsontwerp op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, is derhalwe voorberei met die bedoeling om dit weer aan die inwoners van die landelike gebiede voor te lê. Dit het plaasgevind tydens die tweede rondte van konsultasies (November 1997-Februarie 1998), waar gemeenskappe die geleentheid gegun is om te beoordeel in hoe 'n mate die Departement van Grondsake daarin geslaag het om hul wense in die wetsontwerp te verwoord.

Die Wetsontwerp op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede het die volgende voorgestel:

- Die Minister se trusteeskap oor meentgrond moet beëindig word.
- Gemeenskappe moet besluit oor die bestuur en administrasie van die meent - in hierdie verband kan hulle deur die hou van 'n referendum 'n entiteit benoem wat hiervoor verantwoordelikheid aanvaar. Dit sou geskied gedurende 'n oorgangstydperk van 18 maande wat deur die Minister aangekondig sou word.
- Die rol en funksie van die plaaslike owerhede moet onder die loep geneem word sodat besin kan word oor die wenslikheid van inskakeling by aanliggende, groter munisipaliteite.
- Die toedeling van minerale regte moet op so 'n wyse geskied dat die betrokke gemeenskappe direk voordeel daaruit kan trek.¹³⁰

As funksionaris wat die konsultasieproses in die Wes-Kaap moes koördineer, het die skrywer die kommentaar (en kritiek) op gebreke in die konsepwetgewing eerstehands ervaar. Die volgende is van die vernaamste kommentaar wat gelewer is:

Tydens 'n vergadering te Pniël in Februarie 1998 het gemeenskapsleiers die vrees uitgespreek dat die voorgestelde wetgewing tot gevolg sou hê dat die landelike gebiede

¹³⁰ Wetsontwerp op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede.

die (in sommige gevalle broodnodige) ontwikkelingshulp wat vanaf Provinsiale Administrasie Wes Kaap ontvang is, sou verloor.¹³¹ Die belangrikheid en erns van hul vrese was geregverdig, gegewe die feit dat die konsepwetgewing geen voorsiening gemaak het vir die verlening van ontwikkelingshulp deur die staat nie. Hierdeur het die opstellers van die voorgestelde wetgewing die landelike gemeenskappe met 'n skok tot die besef laat kom dat hulle in die veranderende Suid-Afrika deel uitmaak van 'n veel groter prentjie waarin sekere groepe nie voorkeurbehandeling moes of kon verwag nie. Weens die Departement van Grondsake se betrokkenheid by die verandering van grondbesitpatrone en die gepaardgaande vestiging van kleinboere, kon bogenoemde bekommernis gedeeltelik besweer word met die voorneme deur die Departement om betrokke te bly by die ontwikkeling van die landbougrond.

'n Ander aspek waaroor daar ook ongelukkigheid was, was rondom die inwerkingtreeding van die nuwe wetgewing. Die wetsontwerp het naamlik voorsiening gemaak dat:

- die skrap van Wet 9 en die toepassing van die nuwe wet nie op 'n vasgestelde datum in alle landelike gebiede sou geskied nie, maar dat dit gebeur nadat die referendum soos in Artikel 3(a) van die wet vereis, plaasgevind het; en bogenoemde referendum slegs kon plaasvind nadat die Minister van Grondsake die oorgangstyd formeel aangekondig het.¹³²

Die geregverdigde kritiek was dat daar van die landelike gemeenskappe verwag is om blindelings 'n proses van verandering te betree wat vir hulle finansiële verliese sou meebring, terwyl die regering nie in staat was om hulle gerus te stel deur definitiewe tydskale aan die proses te koppel nie.¹³³

Die mate waarin hul afsondering inwoners van die landelike gebiede afgestomp het vir die werklikheid van 'n veranderende Suid-Afrika is geïllustreer tydens 'n vergadering

¹³¹ Aantekeninge gemaak tydens vergadering met Bestuursraad te Pniël op 9 Februarie 1998. Sien ook die ongepubliseerde verslag van Ben Schoeman: Report on the feedback process on the Draft Bill on the Transformation of Certain Rural Areas, p.10.

¹³² Die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede.

¹³³ Hierdie sentiment is tydens die meeste vergaderings geopper.

wat die skrywer te Mamre bygewoon het. Senior burgers wat kom navraag doen het oor vordering met die konsultasieproses was onthuts om te verneem dat hulle in die toekoms geen wettige manier sou hê om anderskleuriges (veral swartes) verblyfreg in hul dorpie te belet nie. Gegewe die manier van doen waaraan hulle oor die jare heen gewoon geraak het, het hulle die verlening van vrye toegang aan almal as 'n potensiële bedreiging en 'n blootstelling aan onbekende gevare beskou.¹³⁴

Na voltooiing van die tweede konsultasieproses en nadat finale wysigings an die wetsontwerp aangebring is, is die *Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998* (hierna genoem die Transformasiewet) deur die Parlement uitgevaardig. Die wet maak voorsiening dat:

- Die Minister van Grondsake 'n oorgangstyd van 18 maande aankondig, waartydens die betrokke plaaslike owerhede referendums moet hou sodat inwoners kan besluit oor wie die meentgronde in die toekoms sal administreer. Sodra dit afgehandel is, en die Minister van mening is dat die gemeenskap se wens uitvoerbaar en volhoubaar is, word die betrokke trustgrond aan die verkose entiteit oorgedra, en word sy/haar trusteeskap oor die meentgrond beëindig.
- Beheer van alle trustgrond wat in 'n dorp geleë is by inwerkingtreding daarvan by die munisipaliteit sal berus. Bestuursrade kry nou ook outomaties die status van munisipaliteite. Waar sulke munisipaliteite weens 'n gebrekkige belastingbasis geen kans op oorlewing het nie, sal dit by aangrensende munisipaliteite ingelyf word.
- Alle beperkings wat betrekking het op grond binne raadsgebied word opgehef. Persone wat eienaarskap van huise bekom het, sal dit dus na willekeur kan vervreem.
- Minerale regte in die Staat sal setel, en toestemming vir ontginning is uitsluitlik verkrygbaar by die Minister van Minerale en Energiesake. Die bevoegdhede waaroor die Minister van Grondsake ingevolge Wet 9 van 1987 beskik het, val dus weg.
- Sekere wetgewing met betrekking tot die landelike gebiede opgehef word. Weens die feit dat Landelike Gebiede nie gelyktydig hul referendum sal hou nie, en dus

¹³⁴ Aantekeninge gemaak deur die skrywer tydens 'n inligtingsessie oor die konsepwetgewing te Mamre op 4 Februarie 1998.

nie op dieselfde tyd gereed sal wees vir die beëindiging van die Minister se trusteeskap nie, maak die Wet ook voorsiening daarvoor dat Wet 9 op verskillende tye in verskillende gebiede opgehef sal word.

- Sekere bevoegdhede aan 'n Premier of 'n beampte in diens van die nasionale regering (die betrokke Provinsiale Direkteure van Grondsake) gedelegeer mag word.
- Ontwikkelingsplanne deur die betrokke gemeenskappe opgestel word om toekomstige grondgebruik aan te toon. Hiermee moet die Departement van Grondsake behulpsaam wees.¹³⁵

Met die aanvaarding van die Transformasiewet is die geleentheid geskep vir die landelike gebiede om vir die eerste keer ten volle onafhanklik te word. Omdat daar nie meer beperkinge is op die verhandeling van woonerwe en huise nie, skep dit ook die moontlikheid dat buitepersone in die dorpie kan belê en sodoende ontwikkeling stimuleer. Alhoewel die wet dit nie eksplisiet vermeld nie, oefen die inwoners van landelike gebiede nog 'n mate van beheer uit oor hoe "inkommers" toegang (en eienaarskap) tot grond mag kry. Dit gebeur naamlik deurdat die liggaam wat deur die gemeenskap aangewys word om die meent te administreer in samewerking met die inwoners kriteria moet opstel ingevolge waarvan persone toegang tot grond mag verkry. Daarbenewens is die wet duidelik dat inwoners voorkeur moet geniet bo "inkommers" by vervreemding van grond.¹³⁶ Sodoende word die vrees vir verdringing deur vreemdelinge darem gedeeltelik besweer.

5.4 Moontlikhede en probleme van die nuwe grondbesitbeleid vir die Landelike Kleurlinggebiede

Daar is algemeen aanvaar dat die oorgangstyd spoedig deur die Minister aangekondig sou word. Weens die implikasies wat die munisipale afbakeningsproses moontlik op

¹³⁵ Die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede 94 van 1998. Dis belangrik om daarop te let dat die Minister die reg het om die gemeenskap se keuse van administrateur af te keur indien hy/sy nie oortuig is dat die persoon/entiteit in die gemeenskap se beste belang sal optree nie. Ten spyte daarvan dat die Minister as trustee die verantwoordelikheid het om na gemeenskapsbelange om te sien, is dit te betwyfel of die vetoreg waaroor hy/sy beskik, wel nog toepaslik is.

¹³⁶ Artikel 4(2) van die Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede 94 van 1998.

die landelike gebiede kon hê, is die afkondiging daarvan egter teruggehou. Die aankondiging daarvan, wat na afloop van die plaaslike verkiesing op 5 Desember 2000 verwag is, het egter nie plaasgevind nie.

Die provinsiale kantoor van die Departement van Grondsake in die Wes-Kaap het met betrekking tot die landelike gebiede binne sy gebied 'n implementeringsplan opgestel ingevolge waarvan opgetree sal word sodra die oorgangstyd aanbreek. Die implementeringsplan sal as basis hê grondgebruiksplanne, wat 'n vooruitskouing sal bied van die tipe ontwikkelings wat in 'n spesifieke gebied beplan word. Hierdie planne, wat aan die Minister van Grondsake voorgelê sal word, sal aan die toets van haalbaarheid en volhoubaarheid onderwerp word.¹³⁷

Die eerste van die voorgestelde implementeringstappe behels die saamsnoering van alle rolspelers (die relevante staatsdepartemente, nie-regeringsinstellings en die verskillende gemeenskapstrukture) binne 'n provinsiale struktuur, vanwaar gepoog sal word om die implementeringsfase te koördineer.

Op plaaslike vlak sal dit die Departement van Grondsake se verantwoordelikheid wees om 'n grondontwikkelingskomitee in elke landelike gebiede te vestig. Die komitee, wat sal bestaan uit verteenwoordigers van bogenoemde rolspelers, sal die volgende funksies/take hê:

- Om die Artikel 3(4)-kennisgewings namens die plaaslike owerheid voor te berei, wat sal uitspel watter entiteit die meentgrond sal administreer.
- Om te verseker dat alle inwoners die proses van oorgang begryp.
- Om 'n grondbestuursplan op te stel.
- Om toe te sien dat georganiseerde belangegroepe op 'n te stigte Grondontwikkelingskomitee verteenwoordig word.
- Om te sorg dat omstandighede gunstig is vir die hou van die referendum wat deur die wet voorgeskryf word.
- Om ondersteuning te bied aan Kommissarisse wat aangestel is ingevolge die Wet op die Reëling van Titelaktes 111 van 1993.

¹³⁷Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3:E.Goodwin: Intradepartmental Implementation Plan - Act 94 of 1998, p.1.

- Om 'n finale verslag aan die Minister van Grondsake voor te lê.¹³⁸

In die praktyk kom dit dus daarop neer dat alhoewel die Transformasiewet reeds bestaan, Wet 9 nog nie opgehef is nie. Omdat die Transformasiewet sekere voorvereistes stel waaraan eers voldoen moet word voordat Wet 9 geskrap kan word, bestaan die twee wette dus gelyktydig. Dit bied opsigself sekere probleme en laat baie onsekerheid, beide by die inwoners van die gebiede, sowel as by die amptenary wat daarmee gemoeid is. Weens die onsekerheid oor die toekoms van die landelike gebiede en die rol wat hulle daarin te speel het, is die provinsiale owerhede toenemend onwillig om tyd en geld daaraan af te staan. Derhalwe maak die Departement van Beplanning, Behuising en Landbou: Provinsiale Administrasie Wes-Kaap die afgelope twee jaar nie meer in sy begroting voorsiening vir ontwikkelingswerke in die landelike gebiede nie.¹³⁹

Intussen, terwyl almal wag vir die aanvang van die oorgangstyd en die daaropvolgende transformasie, het die Minister van Grondsake te kampe met die oplos van probleme rondom die verandering van plaaslike oorgangsrade na munisipaliteite, grondeise en die verhuring van die meentgrond in gebiede waar meentgrond nog bestaan.¹⁴⁰

5.4.1 Van Oorgangsrade na Munisipaliteite

Soos elders reeds vermeld, was die plaaslike owerheid in die landelike gebiede gekonstitueer as Bestuursrade, ingevolge Wet 9 van 1987. Die *Oorgangswet op Plaaslike Regering, Wet 209 van 1993*, het egter die Bestuursrade (met die uitsondering van Mamre en Kranshoek) omskep in plaaslike oorgangsrade. Van die 10 plaaslike oorgangsrade in die Wes-Kaap was geeneen egter lewensvatbare plaaslike owerhede nie, juis weens hul historiese afhanklikheid van staatshulp. Gedurende die proses om munisipale afbakenings te doen ter voorbereiding vir die plaaslike verkiesing van 5 Desember 2000, het dit duidelik geword dat die landelike gebiede hul

¹³⁸ Ibid., p.2.

¹³⁹ Telefoniese onderhoud met André Rossouw, Adjunk-Direkteur, Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuising, : Provinsiale Administrasie: Wes-Kaap, 4 Augustus 2000.

¹³⁶ Geen meent bestaan meer by Pniël.

status as plaaslike oorgangrade sou verloor en dat hulle by groter plaaslike- en distriksmunisipaliteite ingelyf sou moes word. Hiervan sal 2 gebiede (Rietpoort en Haarlem) by distriksmunisipaliteite ingelyf word, en die res by plaaslike munisipaliteite. Tot hede is daar egter nog geen duidelikheid oor watter verdeling van funksies tussen plaaslike-en distriksmunisipaliteite gaan geld nie. Een van die grootste bekommernisse wat in alle landelike gebiede heers, is die vrees dat hul trustgrond deur die nuwe munisipale struktuur opgeslurp gaan word. Die Departement van Grondsake het egter, in samewerking met 'n nie-regeringsorganisasie (die Legal Resources Centre), gepoog om dié kwelling aan te spreek deur kennisgewings ingevolge Artikel 12 van die Munisipale Struktuurwet te publiseer. Ingevolge hierdie kennisgewing kan landelike gebiede se trustgrond nie deur die nuwe strukture vervreem word nie.¹⁴¹

5.4.2 Grondeise

Ses van die landelike gebiede in die Wes-Kaap (Rietpoort, Ebenhaeser, Saron, Mamre, Zoar en Slangrivier) het grondeise ingedien by die Kommissie vir die Restitusie van Grondregte. Dit hou bepaalde probleme in vir die proses wat ingevolge die Transformasiewet gevolg moet word. In 'n poging om te verseker dat die proses nie onnodig uitgerek word nie, het die plaaslike Grondeisekommissaris voorrang beloof vir die afhandeling van dié eise. Sodoende word gehoop dat die restitusie-en grondbesithervormingsprosesse parallel sal kan plaasvind.¹⁴²

5.4.3 Huurkontrakte

Sommige van die bestaande huurkontrakte ten opsigte van die meent het alreeds verval of verval binnekort. Omdat die kontrakte klousules bevat wat die hernuwing daarvan vir 'n verdere 5 jaar moontlik maak, dring huidige gebruikers van die meent daarop aan dat die kontrakte dienooreenkomstig verleng word. Die plaaslike owerheid (tot hede die Bestuursraad) beskik egter nie oor die bevoegdheid om nuwe kontrakte te sluit nie - dié bevoegdheid is ingevolge Wet 9 van 1987 aan die LUR vir Behuising

¹⁴¹Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Issues affecting Act 9- areas: overview, p.1.

¹⁴² Ibid.

gedelegeer. Die LUR vir Behuising word egter deur die *Munisipale Struktuurwet, Wet 117 van 1998* verbied om kontrakte van langer as een jaar te sluit. Die kleinboere aan die ander kant, weier om sulke korttermyn kontrakte te aanvaar omdat dit hulle nie in staat sal stel om hul insetkoste te verhaal nie.¹⁴³

Die Departement van Grondsake en die Departement van Beplanning, Plaaslike Bestuur en Behuising: Provinsiale Administrasie Wes-Kaap het in die lig hiervan 'n interimstrategie bepaal ingevolge waarvan die probleem die hoof gebied kan word. In gevalle waar huurkontrakte reeds verval het, of waar die geldigheid daarvan in dispuut is, sal die houters daarvan voorkeuropsie hê op hernuwing, ongeag die aantal aanspraakmakers op die grond. Verder sal die nuwe huurtydperk tussen 3-5 jaar wees. By verstryking hiervan sal die opsie op hernuwing by die grondeienaar berus en nie die huurder nie. Vertoë is intussen aan die Minister van Grondsake, sowel as die relevante LURe gerig om toestemming te kry dat die Bestuursrade die verantwoordelikheid neem vir die sluit en administrasie van huurkontrakte met betrekking tot die meent.¹⁴⁴

¹⁴³Departement van Grondsake, Lêernommer WK1/2/1/1/3: Eric Goodwin: Verslag oor probleme rondom meentgrond, pp.1-2.

¹⁴⁴ Ibid.

SLOT

‘n Studie van die landelike gebiede kan nooit volledig en finaal wees nie - daarvoor is die gebiede te verskillend en die veelheid van fasette waarmee die navorser te kampe het, te omvangryk. Hierdie studie is dus slegs ‘n druppel in ‘n baie groot emmer.

Die skrywer het gepoog om met die stuk ‘n blik te gee op die problematiek waarmee daar op staatkundige vlak geworstel word, naamlik hoe om deur effektiewe optrede skakels te lê tussen die (tradisionele) verlede en die (moderne) hede, binne die Suid-Afrikaanse konteks. Enige studie oor die landelike gebiede handel ook noodwendig oor toegang tot grond, aangesien dit oor die jare heen ‘n sensitiewe saak was.

Die African National Congress se oorwinning in die verkiesing van 27 April 1994 het onder andere die grondkwessie nasionaal op die politieke agenda geplaas. Hierdie fokus op grond, wat die landelike gebiede nie kon vryspring nie, het gewys op die “spanning” wat in dié verband bestaan tussen die verlede en die hede. Dit, en die gees van die tyd, dring tot verandering van grondbesitpatrone en die verlening van toegang tot grond.

Die 23 landelike gebiede, met hul besondere ontstaansgeskiedenis, het met die bewindsaanvaarding van die nuwe regering ook ‘n teiken vir verandering geword. As enklaves binne die groter Suid-Afrika het hulle ten onregte die simbool geword van Kleurling-tuislande, met gepaardgaande eksklusiwiteit en wantroue.

Daarom bevind die landelike gebiede hulself in ‘n stryd gewikkel om aan te pas by veranderende omstandighede. Alhoewel die *Wet op Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998*, die belofte van toekomstige ekonomiese groei en vooruitgang inhou, gaan dit saam met die vrees onder baie van die ouer inwoners, van verdringing deur inkomelinge. Die feit dat inkomelinge eiendomsreg en toegang tot landbougrond kan verkry, is ook ‘n bitter pil om te sluk, veral aangesien inwoners van die landelike gebiede self eers in die onlangse verlede (1987) titelaktes (en volwaardige eienaarskap) op hul woonhuise kon bekom.

Die buitestaander wat onbewus is van die landelike gebiede se geskiedenis, en dus nie in staat is om die inwoners daarvan se gedagtegang te verstaan nie, sal die mense se vrese en voorbehoude dalk afmaak as agterlik en tipies van die plattelandse mentaliteit. Kom 'n mens egter tot die besef dat die landelike gebiede, soos dit sedert hul ontstaan bekend is, nie veel meer was as iemand anders se middel tot 'n doel nie, dan begin die agterdog wat bestaan vir die "nuwe manier van doen" meer verstaanbaar word. Dan sien 'n mens hoekom die wantroue wat vir jare jeens 'n instelling soos Bestuursrade bestaan nie oornag sal of kan verdwyn nie.

En hierin lê die uitdaging: dat die regering van die dag deur bogenoemde wetgewing probeer toesien dat die oorgang vanaf 'n stelsel van geslote gemeenskappe na 'n inklusiewe, breë Suid-Afrikaanse gemeenskap, minder traumaties sal wees as wat gevrees word. Dit sal trouens onrealisties wees om te verwag dat die inwoners van die landelike gebiede soos handomkeer kan verander, en oornag die politieke bestel omarm wat aan almal vrye toegang bied tot die grond wat vir hulle kosbaar is en waaroor daar vir so lank reeds konflik woed. Iets wat ten nouste saamhang met dié oorgang, is die mate waarin die regering gaan toelaat dat inwoners van landelike gebiede 'n balans vind tussen die wetlike vereistes (byvoorbeeld vrye toegang tot grond) aan die een kant, en die tradisie(s) waar hulle reeds so lank mee aankom, aan die ander kant.

Dis egter meer gekompliseerd as bloot die erkenning dat alle landsburgers toegang tot grond behoort te hê, ongeag sy of haar herkoms. Dit het eerder te make met begrip vir 'n situasie wat met tyd so ontwikkel het dat daar in landelike gebiede sterk gevestigde patrone ontstaan het wat grens aan 'n klasseskeiding. Aan die een kant is daar die besitters, diegene wat oor die jare sekere (onbetwisbare?) regte en voorregte verwerf het en jaloers daarvoor waak - teenoor die nie-besitters, vir wie sulke regte nooit beskore was nie, en wat die veranderinge sien as manier tot vooruitgang, of dalk selfverwesenliking.

Totdat die oorgangstyd ingevolge die Transformasiewet egter begin, bevind die inwoners hulself in 'n eienaardige posisie. Alles dui daarop dat hulle ten volle deel gaan word van die politieke en maatskaplike veranderinge wat sedert 1994 soos 'n golf

oor die land spoel. Aan die een kant is hulle opgewonde oor die veranderinge wat besig is om plaas te vind omdat dit hulle deel maak van die groter Suid-Afrika. Aan die ander kant staan hulle wantrouig teenoor die regering, wat nes dié voor hom, beweert dat hy hul (beste) belange op die hart dra omdat daar van beloftes van vooruitgang en ontwikkeling weinig gekom het. Die probleme wat die regering (Departement van Grondsake) ondervind om die transformasie sedert aanvaarding in 1998 te implementeer, dra intussen ook by om die aanvanklike entoesiasme vir die verandering te laat vervaag.

Die regering hou met die transformasie van die landelike gebiede die ideaal voor van 'n vrye, regverdige bestel vir almal. Hy verwag dat inwoners van landelike gebiede ten volle moet aanvaar dat persone van elders toegang moet kan kry tot grond wat deur die inwoners as hul erfgrond beskou word - dit terwyl sommige inwoners nog nie vrede gemaak het met die idee dat almal wat in landelike gebiede woon, ongeag hul status en aansien, daartoe toegang moet kry nie!

BIBLIOGRAFIE**A. LITERATUUR**

Balie, Isaac: **Die Geskiedenis van Genadendal 1738-1938**. Perskor, Johannesburg, 1988.

Botha, D.P.: **Die opkoms van die Derde Stand**. Human en Rousseau, Kaapstad, 1960.

Davenport, T.R.H: **South Africa. A modern history**. Tweede Uitgawe, Tweede Druk, MacMillan South Africa, Johannesburg, 1981.

Du Plessis, J.: **A history of Christian Missions in South Africa**. C.Struik, Kaapstad, 1965.

Du Pré, Roy H.: **Separate But Unequal. The "Coloured" People of South Africa - A political History**. Jonathan Ball Publishers, Johannesburg, 1994.

Gilliomee, H en Elphick, R. (Reds.): **'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652-1820**. Longman Penguin Suider-Afrika (Edms) Bpk, Kaapstad, Johannesburg, 1982.

Horrel, Muriel: **Legislation and Race Relations. Revised Edition**. South African Institute for Race Relations, 1971.

Japha, D. et al, **Mission Settlements in South Africa. A report on their Historical Background and Prospects for Conservation**. Universiteit van Kaapstad, 1993.

Kruger, B.: **The Pear Tree Blossoms. A history of the Moravian Mission Stations in South Africa 1737-1869**. Genadendal Printing Works, Genadendal, 1966.

Lovett, Richard.: **History of the London Missionary Society, 1795-1895**. Frowde, Londen, 1899.

Marais, J.S.: **The Cape Coloured People 1652-1937**. Longmans, Green & Co, Londen, New York, Toronto, 1939.

Muller, C.F.J. (Red.) **500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis**. Derde, Hersiene en Geïllustreerde Uitgawe, Tweede Druk, Academica, Pretoria, Kaapstad, 1984.

Sales, Jane M.: **The Planting of the Churches in South Africa**. William B. Eerdmans Publishing Co, Michigan, 1971.

Strassberger, Elfriede: **The Rhenish Mission Society in South Africa 1830-1950**. C. Struik, Kaapstad, 1969.

- Theron, Erika en Swart, Marius: **Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika.** Universiteitsuitgewers en Boekhandelaars, Stellenbosch en Grahamstown, 1964.
- Van Aswegen, H.J.: **Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854.** Academica, Pretoria, Kaapstad, 1989.
- Van der Ross, R.E.: **The Rise and Decline of Apartheid: A study of Political Movements among the Coloured People of South Africa, 1880-1985.** Tafelberg, Goodwood, 1986.
- Van der Merwe, W.J.: **The development of missionary attitudes in the Dutch Reformed Church in South Africa.** Nasionale Pers, Kaapstad, 1936.
- Venter, Albert: **Coloured: A Profile of 2 Million South Africans.** Human&Rousseau, Kaapstad, Pretoria, 1974.
- Venter, Albert (Red.): **South African Government and Politics. An Introduction to its Institutions, Processes and Policies.** Southern Book Publishers, Johannesburg, 1989.
- Wilson, M en Thompson, L (Reds.): **A History of South Africa to 1870.** David Philip, Kaapstad, Johannesburg, 1982.

B. PROEFSKRIFTE EN TESISSE

- De Jongh, P.S.: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (sedert 1822 Worcester) 1799-1830. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1968.
- Dempsey, M.C.: Die Geskiedenis van die Raad van Verteenwoordigers as 'n Administratiewe Komponent van die Driekamerparlementstelsel in Suid-Afrika, 1984-1994. Ongepubliseerde PhD-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1999.
- Lazarus, Z.J.: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1948.
- Louw, Petronella: Pniël: 'n Gemeenskapstudie van 'n sendingstasie. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Stellenbosch, 1950.
- Ludlow, Elizabeth Helen.: Missions and Emancipation in the South Western Cape. A Case Study of Groenekloof(Mamre), 1838-1852. Ongepubliseerde MA-tesis, Universiteit van Kaapstad, 1992.

Nichol, A.B.: The Physical, Administrative and Socio-Economic Development of Mamre. Ongepubliseerde MSc-Stads-en Streeksbeplanningstesis, Universiteit van Pretoria, 1968.

Visagie, J.C.: Die Katriviernedersetting 1829-1839. Ongepubliseerde verhandeling vir die graad D.Litt. et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1978.

C. REFERATE

Die Kleurling in die Suid-Afrikaanse Samelewing. Referate gelewer op die Sesde Jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA). Januarie 1955.

D. REGERINGSVERSLAE/PUBLIKASIES

Jaarverslae: Departement van Kleurlingsake: 1959-1968, 1970-1972, 1980

Jaarverslae: Raad van Verteenwoordigers: 1985-1993

Ouditeursverslae van die Raad van Verteenwoordigers, 1986-1993.

Tussentydse Memorandum: Voorlopige kommentaar deur die Regering op die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep.

Verslag van die Interdepartementele Komitee oor sake rakende Kleurlinge op Kleurlingsendingstasies, Reserwes en Nedersettings, U.G. No 33-1947.

Witskrif oor die Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep.

Groenskrif/Witskrif op Grondhervorming

E. ONGEPUBLISEERDE WERKE EN VERSLAE (Onderstaande verslae is almal te vinde by die Departement van Grondsake se kantore te Baringstraat 59, Worcester)

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Catling, David: The "Rural Areas" (Landelike Gebiede): Their current status and development potential.

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Goodwin, Eric: Intradepartmental Implementation Plan-Act 94 of 1998.

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Goodwin, Eric, Issues affecting Act 9-areas: overview

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Goodwin, Eric, Verslag oor probleme rondom meentgrond.

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Landelike Gebiede Komitee Besprekingsdokument

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Schoeman, Ben: Report on the feedback process on the Draft Bill on the Transformation of Certain Rural Areas (Fifth draft 1997)

Lêernommer WK1/2/1/1/3: Konsultasieverslag aan die Landelike Gebiede Komitee. Publieke Konsultasie: Wet op Landelike Gebiede, Augustus-Oktober 1996.

F. LÊERREEKSE:ADMINISTRASIE:RAAD VAN VERTEENWOORDIGERS. DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE BESTUUR, BEHUISING EN LANDBOU.

Onderstaande lêerreekse kan besigtig word by die kantore van bogenoemde departement, te Waalstraat 27, Kaapstad.

Lêernommer 4/2/B25: Inhoud nie gespesifiseer.

Lêernommer 4/2 Vol.25. 18/03/85 - 18/09/85: Begroting en Uitgawes.

Lêernommer 4/2 Vol.32. 26/01/90 - 20/06/90

25/1/B Vols.1-2:Ontstaan, oorname en Beheer van Besondere Gebiede. Beleid.

25/1/2/D25: Ontstaan, oorname en beheer van Landelike Gebiede.

25/2/2/D25: Landelike Ontwikkeling Kranshoek. Advies-en Bestuursliggame.

25/3/3D25: Landelike Ontwikkeling Kranshoek. Huisvesting van Inwoners.

25/3/5/D25: Landelike Ontwikkeling Kranshoek. Klagte en Petisies.

25/5/B: Beleid

25/5/2/D25 Vols. 1-2: Beplanning en uitlê van woonbuurte.

25/5/1: Landelike Ontwikkeling. Grond en Erwe. Roetinenavrae.

25/5/8/D25: Grond en Erwe

25/5/3/D25: Landelike Ontwikkeling. Grond en Erwe. Verkryging van Addisionele Grond. Kranshoek.

25/9/14/1: Landelike ontwikkelingswerke op Landelike Gebiede. S.A Ontwikkelingstrustkorporasie (LANOK).

25/5/6/D25: Landelike Ontwikkeling. Grond en erwe. Toekenning van terreine.

25/5/7/D25: Grond en erwe: Voorsiening van ontspanningsgeriewe: Kranshoek.

25/7/9/D25: Ouditeursverslae

25/9/1: Roetinenavrae

25/5/9/D25: Beplanning van ekonomiese boerdery-eenhede.

25/5/8/D25: Toekenning: Onderverhuring van perseelregte.

25/5/2/D25 Vol.2: Beplanning en uitlê van woonbuurte.

25/5/2/D29 Vols. 1-2: Grond en erwe.

25/2/2/D29: Agendas, notules en verslae

25/5/2/D29: Grond en erwe. Beplanning en uitlê van woonbuurte.

25/2/3/D29: Advies-en Bestuursliggame. Agendas, notules en verslae.

25/5/2/D37 Vol.1: Grond en erwe. Beplanning en uitlê van woonbuurte.

25/3/5/D37 Vols.1-2: Klagtes en petisies.

25/2/2/D37: Advies-en Bestuursliggame.

25/1/2/D37: Landelike ontwikkeling. Ontstaan, oorname en beheer van besondere gebiede.

25/5/8/D37 Vols.1-8.

25/5/8/D29

G. TERSAAKLIKE WETGEWING

Wet op die Behoud van Kleurlinggebiede, Wet 31 van 1961

Wet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 12 van 1949

Wet op Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 29 van 1909

Wet op Gemeenskaplike Grond, Wet 17 van 1919

Wet op Kleurlingnedersettingstreke, Wet 3 van 1930

Wet op Kleurlingnedersettings, Wet 7 van 1947

Wet op Behoud van Kleurlinggebiede, Wet 31 van 1961

Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 24 van 1963

Wet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 1 van 1979

Wet op Landelike Gebiede, Wet 9 van 1987

Wet op die Transformasie van Sekere Landelike Gebiede, Wet 94 van 1998

Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, Wet 70 van 1970

Wet op die Opgradering van Grondbesitregte, Wet 112 van 1991

Wet op die Afskaffing van Rasgebaseerde Grondmaatreëls, Wet 108 van 1991

Wysigingswet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reserwes, Wet 32 van 1959

Wysigingswet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 46 van 1983

Wysigingswet op Kleurling Landelike Gebiede, Wet 31 van 1978

Wysigingswet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 35 van 1955

Wysigingswet op Kleurling Sendingstasies en Gemeenskaplike Reservate, Wet 32 van 1959

Munisipale Struktuurwet, Wet 117 van 1998

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 110 van 1983

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993

Oorgangswet op Plaaslike Regering, Wet 209 van 1993

H. HANSARD

Debatte van die Raad van Verteenwoordigers, Vierde Sessie-Agtste Parlement, 16-20 Februarie 1987. Kolomme 598-610.

I. ONDERHOUDE

Brislin, P.: Waarnemende Provinsiale Direkteur: Departement van Grondsake, Vrystaat, 16 Augustus 2000.

Goodwin, E.: Eerste Beplanner: Departement van Grondsake, Wes-Kaap, 12 Mei 2000.

Taylor, Bokkie. Bestuursraadslid van Ebenhaeser, 17 Januarie 1998.

J. KOERANTE

Cape Argus: 24 April 1997: Residents, municipality vie for control of Mamre land

Buitengewone Provinsiale Koerant 4898, 2 Desember 1994.

Staatskoerant No 2547, 24 Oktober 1969.

Staatskoerant No 9417, 7 September 1984.

AANHANGSEL 1: OPSOMMING VAN DIE LANDELIKE GEBIEDE

GEBIED	OPPERVLAKTE: HEKTAAR	INWONERS	GEREGISTREERDE OKKUPEERDERS/ EIENAARS	NIE-GEREGISTREERDE EN ONGEREGISTREERDE OKKUPEERDERS
Corncordia NK1	63 383	8 000	498	705
Ebenezer WK1	18 286	1 488	160	555
Eksteenskuil NK2	2 012	1 481	136	50
Enon OK1	10 261	768	208	22
Friemersheim WK2	190	462	74	41
Genadendal WK3	4 821	5 406	967	597
Haarlem WK4	1 415	1 558	156	33
Komaggas NK3	62 603	3 554	450	253
Kranshoek WK5	244	1 052	221	8
Leliefontein NK4	192 719	4 825	876	227
Mamre WK6	7 951	4 700	845	100
Mier NK5	398 789	4 180	723	35
Oppermansgronde VS1	34 185	2 020	187	49
Pella NK6	48 276	1 820	437	17
Pniel WK7	56	1 667	296	212
Richtersveld NK7	513 919	2 329	450	200
Rietpoort NK/WK8	15 092	1 369	140	348
Saron WK9	3 152	7 254	558	301
Slangrivier WK10	1 123	2 316	584	24
Steinkopf NK8	329 301	6 636	872	1 184
Suurbraak WK11	4 789	4 500	250	198
Thaba Patchoa VS2	3 624	624	84	93
Zoar WK12	5 882	2 811	693	217
TOTAAL	1 722 073	70 820	9 865	5 469

AANHANGSEL 2: 1995 PLAASLIKE VERKIESINGS

GEBIED	OPPERVLAKTE: HEKTAAR	INWONERS	STEMGEREGTIGDES	ERWE
Corncordia NK1	63 383	3300/1200		
Ebenezer WK1	18 271	1 200	980	166
Eksteenskuil NK2	2 012	1 060	636	geen
Enon OK1	10 261	1 855	649	586
Friemersheim WK2	190	1 200	411	524
Genadendal WK3	4 821	5 800	2 105	+/- 1 600
Haarlem WK4	1 415	3 500	850	269
Komaggas NK3	62 603	3 300		
Kranshoek WK5	244	2 100	887	419
Leliefontein WK4	192 719		355	
Mamre WK6	7 951	5 000	2 300	1 651
Mier NK5	398 789	4 487	2 176	1 637
Oppermansgronde VS1	34 185	945	542	198/63
Pella NK6	48 276	4 500	1 380	
Pniel WK7	54	2 600	1 070	51
Richtersveld NK7	513 919	3 643	1 628	
Rietpoort NK/WK8	15 092	2 200	943	
Saron WK9	3 478	4 000	1 400	1 200
Slangrivier WK10	1 123	3 000	973	600
Steinkopf NK8	329 301			
Suurbraak WK11	4 789	+/- 3000	+/- 863	
Thaba Patchoa VS2	3 624	724	415	134
Zoar WK12	5 902	3 200	1 283	1 374
TOTAAL	1 722 402	57 482	21 837	10 670

* Die ontbrekende inligting t.o.v stemgeregtigdes, inwoners en erwe kon nie opgespoor word nie.

AANHANGSEL 3: LANDELIKE GEBIEDE GROND: NOORD-KAAP

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
NK1: Concordia Afdeling Namakwaland	369695,9184 ha Gehou kragtens Sert. Van Gereg. Kroontitel Nr.289/1953			Restant van die plaas Steinkopf Nr.22		Graniet			Oorgangsraad
	129.0307 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T29354/80	Gedeelte 10 van die plaas Steinkopf		Binne en buitemeent vorm restant van raadsgebied					
	1985,9196 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T28338/81	Gedeelte 18 van die Plaas Steinkopf Nr.22		Binne en buitemeent van restant van raadsgebied					
	93,0420 ha Gehou kragtens SGTNr. T3624/1987	Erf 945 Concordia	738 woon -en 12 openbare persele (AP nr. 10119)		Concordia			2418	
NK2: EKSTEENSKUIL Afdeling Gordonia/Kenhardt	2,100 ha 620,8000 ha	Gebied bestaan uit eilande			Geen	Geen	1060	636	Oorgangsraad
	620,8000 ha	149 besproeiings- eenhede							

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
NK3: KOMAGGAS Afdeling Namakwaland	59248,4467 ha Gehou kragtens Set. Van Gereg. Kroontitel Nr. 21/1995	Onderverdeel in woongebied en dorpsmeent		Restant van die plaas Komaggas Nr200	Komaggas	Diamante Graniet	3300		Oorgangsraad
NK4: LELIEFONTEIN Afdeling Namakwaland	159,8872 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T43005/1992	Onderverdeel in woongebied en dorpsmeent		Restant van die plaas Leliefontein Nr. 614	Garagams (Kharkams) Kheis Klipfontein Leliefontein Nourivier Paulshoek Rooifontein Spoegrivier Tweerivier	Graniet	33365	2848	Oorgangsraad
	29,8586 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T100095/1993	Die plaas Leliefontien Nr.355	256 persele (A/P. Nr. 7767		Leliefontein				
	23,4201 ha Gehou kragtens SGT Nr. T83531/1993	Erf 206 Rooifontein	199 woon- en 6 openbare persele (A/P.Nr. 11993)		Rooifontein			355	
	2980,1197 ha Gehou kragtens SGT. Nr.	Gedeelte 2 van die plaas Leliefontein Nr.641			Kharkams				

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
NK5: MIER Afdeling Gordonie	387333,5340 ha Gehou kragtens SGT Nr. T348/1998	Onderverdeel in 131 Plaase		Restant van die plaas Mier Nr.585		Diamante Halfedel gesteentes	597	Ingesluit by: Rietfontein Welkom Groot & Klein Mier Loubos	Oorgangsraad
	43,6397 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T954/1986	Gedeelte 1 van die plaas Mier Nr.566	693 persele A/P Nr.10449 (Rietfontein dorp) dui aan 172 persele met en 3 openbare persele		Rietfontein		1914	1043	
	53,6349 ha Gehou kragtens SGT Nr. T1343/1991	Gedeelte 126 van die plaas Mier Nr.585	Woongebied onderverdeel in 276 persele		Klein Mier		321	305	
	41,2034 ha Gehou kragtens SGT Nr. T1784/1989	Erf 204 Loubos	Woongebied onderverdeel in 264 persele		Loubos		451	333	
	30,7190 ha 21,7126 ha Gehou kragtens SGT Nr. T53/1994	Erf 1 Philandersbron Erf 156 Philandersbron	Woongebied onderverdeel in 268 persele		Philandersbron		481	328	

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
NK5: MIER Afdeling Gordonie	17,1191 ha	Erf 1 Welkom	Woongebied onderverdeel in 136 persele (A/P Nr.5263/1993)		Welkom		241	158	
	34,460 ha			Gemeenskaplike grond kan ook as binnemeent beskou word			239		
					Groot Mier (nie- geproklameer)		243		

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
NK6: PELLA Afdeling Namakwaland	20,8156 ha Gehou kragtens SGT.Nr. T77684/1990	Erf 145 Pella	Onderverdeel in woongebied		Pella	Diamante Halfedel gesteentes	4500	1380	Oorgangsradaad
	22,2215 ha Gehou kragtens SGT Nr. T77685/1990	Erf 2 Pella	(A/P nr. 12277)		Pella				
	16,2274 ha Gehou kragtens SGT Nr. T77686/1990	Erf 312 Pella	Onderverdeel in woongebied		Pella				
	48217,6213 ha Gehou kragtens Sert. Van Kroontitel Nr.143/1953		Onderverdeel in woongebied en dorpsmeent	Restant van die plaas Pella Mission Nr.39					
NK7: RICHTERSVELD Afdeling Namakwaland	299,769,6327 ha Gehou kragtens Sert. Van Gereg. Staatstitel Nr. T8521/1979			Restant van die plaas The Richtersveld Nr. 11	Lekkersing Eksteensfontein Sanddrift Kuboes	Diamante Halfedel gesteentes Amatis	760 683 850	346 226 481	Oorgangsradaad
	14,8670 ha Gehou kragtens Sert. Van Gereg. Staatstitel Nr. T18955/1979		Onderverdeel in woongebied	Restant van die plaas Kuboes Nr.16	Kuboes		1350	575	

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
	1,7003 ha Gehou kragtens SGT Nr. T16200/1992	Erf 107 Kuboes	Onderverdeel in woongebied		Kuboes				
	1,2006 ha Gehou kragtens Transportakte Nr. T29899/1982	Erf 1 Eksteensfontein Verenig in erf 3	Onderverdeel in woongebied						
	13,5952 ha Gehou kragtens Gereg. Staatstitel Nr. T17865/1979	Erf 2 Eksteensfontein Verenig in erf 3	Onderverdeel in woongebied						
	14,7959 ha Gehou kragtens SVT Nr.	Erf 3 Eksteensfontein	Onderverdeel in woongebied						
NK8: STEINKOPF Afdeling Namakwaland	134,9489 ha Gehou kragtens SGT Nr. T29357/1980	Erf 2047 Steinkopf		Binne en buitemeent vorm restant van raadsgebied		Diamante Graniet Amatis Prentjiesklip Agaat Kwarts			Oorgangsraad
	7,5367 ha Gehou kragtens SVT Nr. T66460/1993	Erf 1401 Steinkopf	Woongebied		Steinkopf				

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	MINERALE REGTE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
	4,8855 ha Gehou kragtens SGT Nr. T66460/1993	Erf 2046 Steinkopf	Woongebied		Steinkopf				
	1,2087 ha Gehou kragtens SVT Nr. T66457/1993	Erf 1559 Steinkopf	Woongebied		Steinkopf				
	37,3439 ha Gehou kragtens SGT Nr. T66454/1993	Erf 1799 Steinkopf	Woongebied		Steinkopf				
	34,9928 ha Gehou kragtens SGT Nr. T43330/1985	Erf 2049 Steinkopf	299 Woon- en 3 Openbare persele (A/P nr. 10524)		Steinkopf				

AANHANGSEL 4: LANDELIKE GEBIEDE GROND:WES-KAAP

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
WK1: EBENEZER	18 271,00	Onderverdeel in woongebied en dorpsmeent	Woongebied onderverdeel in 166 erwe.	Binne- en buitemeent vorm restant van raadsgebied	Ebenezer-dorp Ebenezer Uitbreiding Viswater	1 200	980	Oorgangsraad
WK2: FRIEMERSHEIM	190,85	Onderverdeel in 2 woongebiede en 'n buitemeent. Derde woongebied in proses van opmeting	Woongebied onderverdeel in 185 erwe. Derde woongebied sal 339 erwe bevat.		Friemersheim (fase 1) Friemersheim (fase 2)	1 200	411	Oorgangsraad
WK3: GENADENDAL	4 824,42	Voorste kraal Boschmanskloof Genadendaldorp	+/- 1 600	Vorm deel van restant van die plaas Genadendal no. 39 Distrik Caledon.		5 800	2 105	Oorgangsraad
WK4: HAARLEM	847,60	Onderverdeel in 2 woongebiede, 'n buitemeent en plaas wat dien as eenheidsboerdery	Woongebiede onderverdeel in 269 erwe.		Haarlem Haarlem (Uitbreiding 1)	3 500	850	Oorgangsraad
WK5: KRANSHOEK	244,76	Onderverdeel in woongebiede, 8 akkerboupersele en buitemeent.	Woongebiede onderverdeel in 419 erwe.	Binne- en buitemeent vorm restant van raadsgebied	Kranshoek	2 100	887	Wyk in Plettenbergbaai Plaaslike Oorgangsraad

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
WK6: MAMRE	4 298,50	Onderverdeel in woongebied, ligte nywerheidsgebied, dorpsmeent en buitemeent.	Woongebied onderverdeel in 1277 erwe. 'n Verdere 320 erwe is opgemeen. Ligte nywerheidsgebied bevat 54 erwe.	Binne- en buitemeent vorm restant van raadsgebied	Mamre-Dorp Uitbreiding 1 Uitbreiding 2 Uitbreiding 3 Uitbreiding 4 Uitbreiding 5 Uitbreiding 6 Erf 1352 - Alphasingel	5 000	2 300	Vorm deel van die Kaapse Metropool - Noordelike Substruktuur - (Verkiesings staan gehou te word gedurende Mei 1996)
WK7: PNIËL	54,87	Onderverdeel in woongebied	Woongebied onderverdeel in 511 erwe.	Geen	Pniël-dorp	2 600	1 070	Oorgangsraad
WK8: RIETPOORT Gedeelte van die gebied (bekend as Lepelsfontein) is geleë in NK, maar die inligting hier verskaf is vir die totale gebied. Kragtens ooreenkoms word die administrasie en ontwikkeling van die gebied deur Wes-Kaap namens Noord-Kaap hanteer.	15 092,09	Onderverdeel in woongebied, dorpsmeent en buitemeent	Woongebied onderverdeel in 261 woonerwe.	Binne- en buitemeent vorm restant van raadsgebied	Rietpoort Lepelsfontein Put se Kloof	2 200	943	Oorgangsraad
WK9: SARON	3 478,90	Onderverdeel in 4 woongebiede en 'n buitemeent	Woongebied onderverdeel in 1200 erwe	Binne- en buitemeent vorm restant van raadsgebied	Saron-dorp Uitbreiding 1 Uitbreiding 2 Sub- ekonomiese skema	4 000	1 400	Oorgangsraad

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
WK10: SLANGRIVIER	1 123,52	Onderverdeel in 3 woongebiede en 'n buitemeent	Woongebiede onderverdeel in 600 erwe.		Slangrivier Slangrivier Uitbreiding 1 Slangrivier Uitbreiding 2	3 000	973	Oorgangsraad
WK11: SUURBRAAK	4 789,73	Geen		Vorm deel van dorp	Suurbraak	+/- 3 000	+/- 863	Oorgangsraad
WK12: ZOAR	5 902,11	Onderverdeel in woongebied en buitemeent	Woongebied onderverdeel in 1374 erwe		Zoar	3 200	1 283	Oorgangsraad

AANHANGSEL 5: LANDELIKE GEBIEDE GROND:OOS-KAAP

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUITEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
OK1: ENON	10 261,7265	Onderverdeel in 'n dorpsstigting gedeelte en die restant is vir boerdery doeleindes	Woongebied onderverdeel in 259 erwe. Nuwe uitbreiding onderverdeel in 338 erwe	Sien beskrywing by onderverdeling.	Proklamasie nommer: 270/1911 Datum: 27/10/1911	+/- 1855 (Opname Vista Universiteit, einde 1995)	649	Verteenwoordigende Oorgangsraad

AANHANGSEL 6: LANDELIKE GEBIEDE GROND:VRYSTAAT

GEBIED	OPPERVLAKTE	ONDERVERDEEL	RESIDENSIEEL	BINNE- EN BUISTEMEENT	GEPROKLA MEERDE DORPE	AANTAL INWONERS	AANTAL KIESERS	VORM VAN PLAASLIKE OORGANSRAAD
VSI: OPPERMANSGRONDE	34 000 ha	Woongebied Dorpsmeent Buteemeent	Woongebied onderverdeel in 198 woonerwe 2 Kerkpersele 1 Skoolperseel 1 Koshuisperseel 1 Admin. Perseel 1 Biblioteek	Vorm deel van die restant van raadsgebied	Oppermans- gronde	945	542	Oorgangsraad
VS2: THABA PATCHOA	3708 ha	Woongebied Buiteemeent	Woongebied onderverdeel in 134 woonpersele 1 skoolperseel 2 besighede 1 admin. perseel	Vorm deel van die restant van raadsgebied	Thaba Patchoa	720	415	Oorgangsraad